Die gebruik van Facebook as Bedieningsmedium in Verhoudingsgerigte Jeugbediening

Deur

Johan Botes



Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad Magister in Praktiese Teologie (Jeugwerk) aan die Universiteit Stellenbosch

Studieleier: Dr. A. Cloete

Maart 2015

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Verklaring

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: .....

Kopiereg © 2015 Universiteit Stellenbosch
Alle regte voorbehou

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Opsomming

Tegnologie speel so ’n belangrike rol in die lewens van veral die hedendaagse jeug dat die gebruik daarvan ’n eksistensiële verandering teweegbring en selfs die wyse van kerk-wees uitdaag. Die eksistensiële verandering in hierdie studie sal verwys na die invloed wat die gebruik van hierdie tegnologie het op alle aspekte van die gebruiker se bestaan, bv. die vorming van identiteit as Christen, interaksie met mense binne en buite hulle sosiale groep, binne en buite gemeentes en aanlyn en van lyn af, die manier waarop jeug betrokke is by wêreldgebeure en die verbruik van goedere. Tydens hierdie studie behoort dit duidelik te word dat die gebruik van sosiale media in jeugbediening nodig is as daar op ’n effektiewe manier gekommunikeer wil word. Nie net behoort die gebruik van sosiale media ’n deel te vorm van bediening aan die jeug nie, maar daar moet ook gelet word op die effek daarvan op die jeug. Hierdie studie wil, met bogenoemde in ag geneem, ’n beter verstaan ontwikkel van die gebruik van Facebook deur jeugwerkers ter bevordering van verhoudingsgerigte jeugbediening. Die navorsingsvraag kan dus so gestel word: Hoe kan die gebruik van Facebook bydra tot die bevordering van verhoudingsgerigte jeugbediening? Met die doel van die studie en die agtergrond daarvan in gedagte, sal in die volgende hoofstukke in diepte aandag gegee word aan die verskillende doelstellings wat gestel word op bl. 3, naamlik: Die stel van die teologiese aard van die studie (hoofstuk 2), die stel van die teologiese begronding vir verhoudingsgerigte jeugbediening (hoofstuk 3), die bepaling van die prominensie van verhoudings tydens die fase van adolessensie (hoofstuk 4), die bepaling van die rol van sosiale media in die lewens van adolessente (hoofstuk 5), Beskrywing van die navorsingsmetodologie wat gevolg is in die studie (hoofstuk 6) en vasstelling of die gebruik van Facebook enige impak het op verhoudings binne jeugbediening (hoofstuk 7). Hoofstuk 8 sluit die studie af met konklusies oor die bevindings van hierdie navorsing soos dat Facebook moontlik nie deur adolessente gebruik word soos verwag nie, maar dat die gebruik van Facebook steeds geleentheid aan jeugwerkers/jeugpredikante bied vir die vorming en instandhouding van verhoudings. Voorstelle word ook gemaak soos dat gemeentes se Facebook kommunikasie gehoor geherevalueer moet word en dat sekere ander sosiale media platforms, in samewerking met Facebook, gebruik moet word om meer effektief met adolessente te kommunikeer ter vorming, instandhouding en bevordering van verhoudings.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Abstract

Technology plays such an important role in the lives of today's youth, that the use of technology causes existential change in their lives and even challenges the way we understand and define church. The existential changes that will be referred to in this study refers to the influence the use of technology has on all aspects of the users life; the forming of identity as Christian, interaction with people in and outside their social grouping, in and outside congregations, online and offline, the way youth gets involved in world events and the use of material things. Throughout this study it should be evident that the use of social media must be seen as a necessity for effective communication in youth ministry. Not only should the use of social media be a part of youth ministry, but the effect it has on youth should also be noted. This study will, with the previous information in mind, develop a better understanding of how Facebook is used by youth workers to promote relational youth ministry. The research question can thus be put as follow: How can the use of Facebook make a contribution to relational youth ministry? With the goal and background of this study in mind, different chapters will be dedicated to the different goal settings for this study, like they are listed on page 3, namely: Discussion of the theological essence of this study (chapter 2), discussion of the theological grounding of relational youth ministry (chapter 3), the determining of the prominence of relationships during the phase of adolescence (chapter 4), the determining of the role of social media on the lives of adolescents (chapter 5), description of the research methodology of the study (chapter 6) and the determining of the impact the use of Facebook has on relationships in youth ministry (chapter 7). Chapter 8 concludes this study with final remarks on the findings of this research, for example: Adolescents does not use Facebook like expected, but Facebook still provides youth workers the potential to form and maintain relationships. Suggestions is also made in this last chapter for example: congregations should reevaluate the audience of their Facebook communication and also that certain other social media platforms should be used in synergy with Facebook for more effective communication with adolescents in creating, maintaining and enhancing relationships.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bedankings

Ek wil hierdie geleentheid gebruik om dankie te sê vir alle ondersteuning wat ek ontvang het van my familie. Dankie Adele Botes, my vrou, vir jou geduld, liefde en bystand. Dankie Liesel Botes, my suster, vir die inspirasie en kameraadskap. Dankie Ilse Botes, my ma, Oupa en Ouma Sales, my gootouers, vir julle gebede en omgee. Baie dankie ook aan Dr. Cloete wat my gelei het deur hierdie studie en alle ander personeellede van die Kweekskool wat my pad tot hier moontlik gemaak het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Inhoudsopgawe Bl.v-viii

Verklaring Bl.i

Opsomming Bl.ii

Abstract Bl.iii

Bedankings Bl.iv

1. Hoofstuk 1: Inleiding tot studie Bl.1-12

1.1 Inleiding Bl.1

1.2 Agtergrond van die navorsing Bl.1

1.3 Motivering vir navorsing Bl.2

1.4 Navorsingsprobleem en vraag Bl.2-3

1.5 Teologiese aard van die studie Bl.3-5

1.6 Navorsingsmetodologie Bl.5-7

1.7 Beperkinge van die navorsing Bl.7

1.8 Konsepte in studie Bl.7-11

1.8.1 Facebook gebruikers Bl.9

1.8.2 Facebook aktiwiteite Bl.9-10

1.8.3 Facebook groep Bl.11

1.8.4 Facebook webblad Bl.11

1.9 Hoofstukindeling Bl.12

2. Hoofstuk 2: Die Teologiese aard van hierdie studie Bl.13-29

2.1 Inleiding Bl.13

2.2 Historiese oorsig van jeugbediening Bl.13-19

2.2.1 Die industriële revolusie Bl.14-15

2.2.2 Modernisasie Bl.15-16

2.2.3 Tegnologie Bl.16-17

2.2.4 Klem op verhoudings Bl.17-19

2.3 Praktiese Teologie Bl.19-29

2.3.1 Die taak van Praktiese Teologie Bl.23-27

2.3.2. Die verband tussen jeugbediening en Praktiese Teologie Bl.27-28

2.4. Slotopmerkings Bl.29

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3. Hoofstuk 3: Teologiese begronding van verhoudingsgerigte jeugbediening Bl.30-49
3.1. Inleiding Bl.30
3.2. Verhoudingsgerigtheid binne jeugbediening Bl.30-33
3.3. Teologiese grondslag van verhoudingsgerigtheid Bl.33-45
3.3.1. Die verbond Bl.33-37
3.3.2. Die inkarnasie van Jesus Christus Bl.37-40
3.3.3. Praktiese implikasie vir 'n verhoudingsgerigte jeugbediening Bl.40-46
3.4. Kritiek teenoor verhoudingsgerigte jeugbediening Bl.46-48
3.5. Slotopmerkings Bl.49
4. Hoofstuk 4: Die prominensie van verhoudings tydens adolessensie Bl.50-66
4.1. Inleiding Bl.50
4.2. Adolessensie Bl.50-65
4.2.1. Adolessensie in ontwikkelingsteorie Bl.52-54
4.2.2. Die taak van adolessensie Bl.54-57
4.2.3. Verhoudings tydens adolessensie Bl.57-62
4.2.4. Verskil tussen die geslagte tydens adolessensie Bl.63
4.2.5. Gevolge van gebrek aan gesonde verhoudings tydens adolessensie Bl.63-65
4.3. Slotopmerkings Bl.65-66
5. Hoofstuk 5: Sosiale media en adolessensie Bl.67-92
5.1. Inleiding Bl.67-68
5.2. 'n Oorsig van die gebruik van sosiale media in Suid-Afrika Bl.68-73
5.2.1. Wat is sosiale media? Bl.70-71
5.2.2. Populêre SIT-platforms in Suid-Afrika Bl.71-72
5.2.3. Populêre MIM-platforms in Suid-Afrika Bl.72-73
5.3. Aanloklikheid van sosiale media vir adolessente Bl.73-82
5.3.1. Eksperimentering met Identiteite Bl.74-78
5.3.2. Vorming en instandhouding van verhoudings Bl.78-82
5.3.3. Vermaak as motivering vir die gebruik van Facebook Bl.82
5.4. Effek van sosiale media gebruik op adolessente se verhoudings Bl.83-88

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.4.1. Positiewe effekte Bl.85-87
5.4.2. Negatiewe effekte Bl.87-88
5.5. Hoekom Facebook? Bl.88-91
5.5.1. Facebook as populêre sosiale media platform Bl.88
5.5.2. Funksionaliteit van Facebook Bl.89
5.5.3. Potensiaal van die gebruik van Facebook vir verhoudingsgerigte jeugbediening Bl.89-91
5.6. Slotopmerkings Bl.91-92
6. Hoofstuk 6: Empiriese Metodologie Bl.93-103
6.1. Inleiding Bl.93
6.2. Navorsingsontwerp Bl.93-102
6.2.1. Eenheid van ontleding Bl.94
6.2.2. Steekproefneming Bl.94-97
6.2.3. Dataversamelingsmetode Bl.97-98
6.2.4. Dataverwerking deur triangulasie Bl.98-100
6.2.5. Indikators Bl.100-102
6.3. Etiek van navorsing Bl.102-103
6.3.1. Skade aan deelnemers Bl.103
6.3.2. Gebrek aan ingeligte toestemming Bl.103
6.3.3. Minagting van deelnemer se privaatheid Bl.103
6.3.4. Oneerlikheid Bl.103
6.4. Slotopmerkings Bl.104
7. Hoofstuk 7: Resultate van studie Bl.105-123
7.1. Inleiding Bl.105
7.2. Triangulasie Bl.105-118
Tema 1: Die redes vir die gebruik van Facebook Bl.105-108
Tema 2: Ontmoeting van tieners en vorming van verhoudings Bl.108-110
Tema 3: Die stuur en ontvang van boodskappe via Facebook Bl.110-111
Tema 4: Kommunikasie deur die publisering van foto's en video's Bl.111-113
Tema 5: Lede van Facebook webblad Bl.113-116
Tema 6: Impak op jeugbediening Bl.116-118

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

7.3. Indikators ____ Bl.118-122
7.4. Slotopmerkings ____ Bl.122-123
8. Hoofstuk 8: Konklusies en aanbevelings Bl.124-140
8.1. Inleiding ____ Bl.124-126
8.2. Wat is die teologiese aard van die studie? ____ Bl.126-128
8.3. Wat is die teologiese begronding van 'n verhoudingsgerigte jeugbediening? ____ Bl.128-130
8.4. Wat is die prominensie van verhoudings tydens die fase van adolessensie? ____ Bl.130-133
8.5. Watter rol speel die gebruik van sosiale media in die lewe van adolessente? ____ Bl.133-136
8.6. Watter funksies van Facebook word deur die deelnemers gebruik? ____ Bl.137-138
8.7. Watter impak het die deelnemers se Facebookgebruik op die verhoudings binne hulle onderskeie jeugbediening? ____ Bl.138-140
8.8. Slotopmerkings ____ Bl.140
9. Bronnelys Bl.141-149
10. Addendum A Bl.150-154
11. Addendum B Bl.155-156
12. Etiese klaring Bl.157

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 1: Inleiding tot studie

1.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word ’n kort opsomming gegee oor die agtergrond en motivering vir hierdie studie. Die navorsingsprobleem en vraag sal gestel word waarna die teologiese aard van die studie kortliks bespreek sal word. Die hoofstuk sal daarna afsluit met die noem van die navorsingsmetodologie wat vir hierdie studie gevolg sal word en wat die moontlike beperkings van die navorsing is.

1.2 Agtergrond van die navorsing

Tegnologie speel so ’n belangrike rol in die lewens van veral die hedendaagse jeug dat die gebruik daarvan ’n eksistensiële verandering teweegbring en selfs die wyse van kerk-wees uitdaag (Cloete, 2013: 4). Die eksistensiële verandering in hierdie studie sal verwys na die invloed wat die gebruik van hierdie tegnologie het op alle aspekte van die gebruiker se bestaan, bv. die vorming van identiteit as Christen, interaksie met mense binne en buite hulle sosiale groep, binne en buite gemeentes en aanlyn en van lyn af, die manier waarop jeug betrokke is by wêreldgebeure en die verbruik van goedere. Daar word selfs na die huidige generasie jongmense as die “digitale generasie” verwys. Die sogenaamde “digital age” het so ’n verreikende en eksistensiële effek op die lewens van die jeug dat alle aspekte van hulle lewens daardeur geraak of verander word. Ten einde tegnologies relevant te wees (Taylor, 2005: 105) en populêre kultuur te gebruik om die “Millennial” generasie te bedien (Mueller 2006: 170), word daar in hierdie studie ondersoek ingestel na die gebruik van spesifiek Facebook as ’n bedieningsmedium in verhoudingsgerigte jeugbediening. Die term “Millennial” word hier gebruik om na generasie navorsing te verwys, alhoewel generasie navorsing ’n groot bydrae gelewer het tot die verstaan van ’n algemene waarde stelsel wat ontwikkel onder individue van dieselfde ouderdom, word daar in hierdié studie meer staatgemaak op ontwikkelingsteorie wat egter meer ouderdom as generasie gebonde is maar oor die algemeen ook ingesluit word in generasionele navorsing. (Parry, 2014: 70)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.3 Motivering vir navorsing

Dreamgrow.com (Kallas, 2013) het voorspel dat Facebook 1.5 biljoen gebruikers sal hê teen die einde van 2013 en dat Facebook steeds die potensiaal het om te groei. Volgens navorsing kan Facebook ’n positiewe sosiale invloed op die gebruiker hê, soos Kraut et al. (2002: 348) voorstel deur te fokus op die vermoë van platforms soos Facebook om verhoudings tussen jeugdiges en hulle vriende, familie en sosiale groep te versterk en op so ’n manier hulle verbintinis tot hulle gemeenskap se norms en waardes te verhoog. Volgens Kraut et al. (2002: 348) het “social interactive technology” (SIT) platforms soos Facebook die vermoë om sosiale ondersteuning te bied. Hierdie studie sal moontlik wys hoe Facebook gebruik kan word om aan die jeug te kommunikeer dat die kerk ’n ruimte is waar hulle veilig is, vertrou word en na geluister word. Volgens Lee (2009: 509) se “sosiale rykes word ryker”-model gaan internetgebruik gepaard met sterk en positiewe sosiale verhoudings, maar terselfdertyd kan die jeug met swak of geen positiewe sosiale verhoudings ‘n negatiewe effek, soos groeiende gevoelens van eensaamheid beleef ten spyte van internetgebruik. Een van die doelstellings van die studie is juis om vas te stel of belangrike en nodige verhoudings gefasiliteer word deur die gebruik van Facebook.

Tydens hierdie studie behoort dit duidelik te word dat die gebruik van sosiale media in jeugbediening nodig is as daar op ’n effektiewe manier gekommunikeer wil word. Nie net behoort die gebruik van sosiale media ’n deel te vorm van bediening aan die jeug nie, maar daar moet ook gelet word op die effek daarvan op die verhoudings waarbinne jeug funksioneer. Hierdie studie wil, met bogenoemde in ag geneem, ’n beter verstaan ontwikkel van die gebruik van Facebook deur jeugwerkers ter bevordering van verhoudingsgerigte jeugbediening.

1.4 Navorsingsprobleem en vraag

Die hoofdoel van hierdie studie is om ondersoek in te stel na die gebruik van Facebook ter bevordering van verhoudingsgerigte jeugbediening.

Navorsingsprobleem: Facebook word deur jeugwerkers/jeugpredikante en ander verantwoordelike persone vir jeugbediening in die bediening aan die jeug gebruik. Hierdie tegnologie vorm ’n definitiewe deel van die jeug se wêreld, maar het ook ’n geweldige eksistensiële impak op die lewens van die jeug, veral in die vorming van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verhoudings. Die gebruik van Facebook ter bevordering van verhoudingsgerigte jeugbediening is egter nog nie in Suid-Afrika nagevors nie.

Navorsingsvraag: Hoe kan die gebruik van Facebook bydra tot die bevordering van verhoudingsgerigte jeugbediening?

Verbandhoudende vrae waarop die studie sal fokus, is die volgende:

1) Wat is die teologiese aard van die studie?
2) Wat is die teologiese begronding van ’n verhoudingsgerigte bediening?
3) Wat is die prominensie van verhoudings tydens die fase van adolessensie?
4) Watter rol speel die gebruik van sosiale media in die lewe van adolessente?
5) Watter funksies van Facebook word deur jeugwerkers gebruik m.b.t. hulle bediening se Facebook groep/webblad?
6) Watter impak het jeugwerkers se Facebookgebruik op die verhoudings binne hulle jeugbediening?

Hierdie vrae kan in die volgende doelstellings vervat word wat die studie sal rig, naamlik:

a. Die stel van die teologiese aard van die studie.
b. Die stel van die teologiese begronding vir verhoudingsgerigte jeugbediening.
c. Die vasstelling van die prominensie van verhoudings tydens die fase van adolessensie
d. Die vasstelling van die rol wat sosiale media speel tydens die fase van adolessensie.
e. Beskrywing van die navorsingsmetodologie.
f. Konklusies en aanbevelings oor die gebruik van Facebook ter bevordering van verhoudingsgerigte jeugbediening.

1.5 Teologiese aard van die studie

Volgens Malan Nel (2001a: 5) is een van die fundamentele vrae in die teologiese begronding van jeugbediening: Hoe kom God na mense? Teologie se antwoord is dat God mense en Sy skepping op verskillende maniere benader – deur Sy Gees en sy Woord, maar ook deur ander mense. Hieruit is dit duidelik dat God tot mense kom

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

deur ander mense. As jeugbediening dan in die veld van praktiese teologie geplaas word, kan dit ingesluit word in die soeke na die manier waarop God na mense kom. Die God wat reeds na mense gekom het, wat in die toekoms kom en tans teenwoordig is, neem mense op in Sy koms na mense. Vorming en instandhouding van verhoudings deur kommunikasie is een van die maniere waarop God deur mense na mense kom. Die doel van hierdie studie, binne die veld van praktiese teologie, gaan hoofsaaklik fokus op hoe Facebook as platform, waar kommunikasie plaasvind en verhoudings gebou kan word, aangewend word in diens van God se koms deur mense na mense in ‘n verhoudingsgerigte jeugbediening.

In F*our Views of Youth Ministry and the Church* (Senter, Ed., 2001: 1-160) is daar oor jeugbediening en die kerk geskryf uit vier perspektiewe wat soms radikaal van mekaar verskil, maar een ooreenkoms tussen al vier is dat jeugbediening aan die hele kerk behoort. Wat ook in al vier perspektiewe genoem word, in sommige perspektiewe meer as ander, is dat die jeug in ’n spesifieke ontwikkelingsfase is (adolessensie) en dat hierdie fase sekere behoeftes vorendag bring by die jeug. Die effektiewe jeugbediening sal hierdie behoeftes identifiseer en pogings aanwend om hierdie behoeftes aan te spreek of deur hierdie behoeftes te spreek tot die jeug in die verkondiging van die Evangelie. Die verwagting is dat hierdie studie ook terselfdertyd sal wys op genoeg inligting en vaardighede om met adolessente, sowel as met volwasse gemeenteleiers, te deel sodat daar ook deur die gebruik van populêre media op ’n meer effektiewe manier aan die missionêre mandaat van die evangelie gehoorsaam kan wees.

Die effek van “social interactive technology” (SIT)/”mobile internet messaging” (MIM) tegnologieë wat gesien word in die lewens en kultuur van die jeug is so vêrreikend, dat ’n SIT/MIM platform as bedieningsmedium implikasies sal hê vir ’n wye verskeidenheid aspekte van die jeugbediening. As Nel (2001b: 88) sy inklusiewe benadering tot jeugbediening verduidelik, onderskei hy tussen verskillende areas van jeugbediening wat gedifferensieerd-toegespits moet wees. Dit is egter slegs nodig om die areas wat die meeste geraak, en die meeste potensiaal het om by hierdie studie te baat, te noem en kortliks te bespreek hoe elkeen deur die bevinding van hierdie studie geraak sal word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Kerugma/prediking en Leitourgia/erediens*:* SIT/MIM tegnologieë word deur baie adolessente gebruik as ’n ruimte waarin hulle gevoelens en bekommernisse kan uitdruk (Mueller, 2006: 18) en op hierdie manier kan die prediker die adolessente in ag neem met die beplanning van die liturgiese ruimte.

Paraklese/pastorale sorg*:* As adolessente SIT/MIM tegnologieë gebruik om gevoelens en bekommernisse uit te druk (Mueller, 2006: 18), kan Facebook moontlik gebruik word om adolessente met pastorale behoeftes te identifiseer en te begelei.

Koinonia/onderlingheid*:* Volgens Kraut et al. (2002: 346) kan die gebruik van SIT tegnologie persone se kontak met hulle sosiale groep versterk en so ook veroorsaak dat die persoon die norms waardes van sy sosiale groep aanneem.

Diakonia/diens*:* SIT/MIM tegnologieë kan as ’n platform dien waar die jeug bekendgestel kan word aan hul gemeente se barmhartigheidsdienste, gewerf kan word vir dienslewering tydens die erediens of selfs net aangemoedig kan word om ’n lewe van diensbaarheid aan naastes te lei.

1.6 Navorsingsmetodologie

Hierdie studie maak gebruik van ’n gemengde navorsingsmetodologie wat gebruik maak van kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes tydens die insameling van data. Navorsing is gedoen deur onderhoude te voer met die deelnemers sowel as om vir hulle vraelyste te gee om in te vul. ’n Steekproefraamwerk is saamgestel uit die verskillende jeugbedienings van die NG Kerk in die Helderberg en Kuilsrivier-areas, wat fokus op dieselfde taak: die bediening aan jeug en gebruik van die sosiale interaktiewe tegnologie van Facebook. Die gemeentes in hierdie areas word gekies sodat ’n beter verstaan van die gebruik van Facebook in jeugbediening gevorm kan word en meer data en analise oor die patrone, verhoudings en algemene aspekte gedoen kan word.

Die deelnemers van die gekose jeugbedienings is gevra om ’n vraelys te voltooi met behulp van Facebook se “insight” funksie. Hierdie funksie stel die nodige informasie van ’n betrokke Facebook webblad se aanlyn interaksie en aktiwiteite beskikbaar in ’n getabuleerde en verwerkte vorm. Die vraelys se voltooiing sal dus net die oorskryf van inligting, vanaf rekenaarskerm na vraelys, behels. Hierdie vraelys sal ’n goeie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

oorsig en opsomming gee van die verskillende aktiwiteite wat op die groep/webblad uitgevoer is. Buiten bogenoemde verslag, sal daar ook afsonderlik individuele onderhoude gevoer word met die betrokke jeugwerkers van die betrokke jeugbedienings om uit hulle belewenis, ervaring en waarneming kennis op te doen oor die impak van die gebruik van Facebook in jeugbediening. Die data wat ingesamel is deur hierdie gemengde navorsingsmetodologie is deur ’n proses van triangulasie verwerk. Triangulasie is ’n proses waardeur twee verskillende metodes van navorsing gelyktydig gebruik word in die navorsing oor ’n spesifieke onderwerp. Die rede waarom die data verwerk is deur ’n proses van triangulasie is omdat kwantitatiewe en kwalitatiewe data gelyktydig versamel is en die data gesamentlike gebruik word om die navorsingsvraag beter ter verstaan (Creswell, 2008:557). Babbie (1998:298) stel dat daar ’n inherente gevaar is in die doen van kwalitatiewe navorsing in die vorm van “selektiewe persepsie”. Hierdie term verwys na die gevaar dat die navorser slegs tydens kwalitatiewe navorsing waarnemings maak wat sy/haar aanvanklike teorie of hipotese ondersteun. Hierdie gevaar kan, volgens Babbie (1998:298) grootliks aangespreek word deur kwalitatiewe navorsing met kwantitatiewe navorsing te vergelyk deur ’n proses van triangulasie.

Verder sal ruimte gelaat word om die nodige toestemming van deelnemende jeugwerkers/jeugpredikante of ander verantwoordelike persone te ontvang deur ’n toestemmingsvorm te voltooi soos verskaf deur die Universiteit Stellenbosch. Hierdie vorm sal die deelnemende jeugwerkers in kennis stel dat hulle die reg het om nie aan die studie deel te neem nie en dat hulle van die studie kan onttrek as hulle dit sou verkies. Omdat hierdie studie indirekte inligting rakende minderjariges bevat, sal daar nie van jeugwerkers gevra word om die name van minderjarige lede van ’n spesifieke jeugbediening se Facebook-webblad bekend te maak nie. Daar sal slegs navrae gedoen word oor getalle. Die vorm waarin inligting rakende die aktiwiteite van deelnemende jeugwerkers en minderjarige lede op die betrokke Facebook-webblaaie ontvang sal word, is van so ’n aard dat slegs die betrokke jeugwerkers se aktiwiteite met hulle identiteit verbind kan word.

Tydens onderhoude wat met deelnemende jeugwerkers gedoen sal word, sal daar geen inligting rakende minderjariges se identiteit bekend gemaak word nie aangesien hierdie onderhoude slegs sal handel oor die ervaring en waarneming van deelnemende jeugwerkers rakende die effek van hulle gebruik van Facebook binne

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

jeugbediening. Daar word nie voorsien dat hierdie studie ’n groot risiko inhou vir die deelnemers nie, behalwe dalk die ongerief van onderhoude en dataversameling.

1.7 Beperkinge van die navorsing

Daar is baie kritiek oor kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing, soos gebruik in hierdie studie. Bryman (2008: 391-392) noem egter vier onderafdelings waarin die kritiek, en ook die beperkinge van kwalitatiewe navorsingsmetodologie, beskryf kan word: kwalitatiewe navorsing is te subjektief, dit is moeilik om te dupliseer, daar bestaan ‘n probleem met veralgemening en ‘n gebrek aan deursigtigheid. Die kritiek teenoor kwantitatiewe navorsing is dat die navorser se indikators en teorieë dalk nie ooreenstem met die konteks of situasie waarin die navorsing gedoen word nie. Die navorsing mag moontlik ook ander waarnemings nie raaksien nie a.g.v. die fokus op teorie en hipotese toetsing inplaas van ’n fokus op teorie of hipotese skepping en laastens kan die kennis wat opgedoen is deur kwantitatiewe navorsing moontlik te abstrak en algemeen wees vir direkte toepassing in ’n spesifieke konteks of situasie. Hierdie beperkinge is in ag geneem en stappe is geneem om daaraan aandag te gee. ’n Proses van triangulasie is gebruik tydens die verwerking van die data om die moontlike subjektiwiteit van die navorsing die hoof te bied. Etiese riglyne ten opsigte van empiriese ondersoeke is ook nagekom en etiese klaring van die Etiese Komitee aan die US, is verkry.

Voordat hierdie hoofstuk afgesluit word met die bespreking van die hoofstukindeling, word daar egter kortliks aandag gegee aan die konsepte wat in hierdie studie gebruik word.

1.8 Konsepte in studie

Vir hierdie studie is dit belangrik om die volgende konsepte en indikators te bespreek en te verduidelik. Die konsepte wat hier bespreek word demonstreer wat presies bedoel word met die gebruik van sekere terme. Sommige van die terme wat hier bespreek en gedefinieer word het te doen met die gebruik en gebruikers van Facebook sowel as belangrike begrippe rondom die gebruik van ’n Facebook webblad.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Adolessente: vir die doeleindes van hierdie studie sal daar gefokus word op die bediening aan senior jeug, wat oor die algemeen, by die meeste gemeentes, adolessente in hulle tienerjare tussen die ouderdom van 13 en 17 jaar oud insluit. Die tema van adolessensie en adolessente word later in diepte bespreek, maar verwys in hierdie studie kortliks na die lede van die deelnemers se onderskeie jeugbedienings.

SIT*:* "Social Interactive Technology" word gebruik om te verwys na enige internet-medium wat adolessente gebruik om met vriende, familie en selfs vreemdelinge te kommunikeer. SIT is 'n internetmedium wat gebruik word om op enige manier te kommunikeer, selfs sonder dialoog d.m.v. 'n "status update" (Facebook & Twitter), "photo sharing" (Facebook), ens. Onder SIT word ook MIM tegnologie ingesluit.

MIM: "Mobile Instant Messaging" is 'n gesinkroniseerde kommunikasie-instrument wat werk op mobiele toerusting soos PDA's (personal digital assistant) en selfone. Anders as SMS (short message service), gebruik MIM internetprotokol om boodskappe te stuur en te ontvang. MIM's werk op dieselfde wyse as soortgelyke rekenaargebaseerde kommunikasiemiddele. (Chigon et al. 2009: 2)

Bedieningsmedium*:* Met hierdie konsep word spesifiek verwys na die gebruik van Facebook om met adolessente te kommunikeer. Bediening, soos in hierdie konsep gebruik, verwys na die potensiaal wat Facebook het om jeugwerkers/jeugpredikante of ander verantwoordelike persone in staat te stel om binne 'n verhoudingsgerigte jeugbediening met adolessente te kommunikeer met die doel om nuwe verhoudings te vorm en om bestaande verhoudings te onderhou en te verdiep.

Sosiale media: Sosiale media bestaan uit 'n eindelose verskeidenheid internet-gebaseerde platforms wat die deel van informasie tussen gebruikers bevorder. Nie net bevorder hierdie platforms die deel van informasie nie, maar dit verander ook die gebruiker van internet-informasie in 'n produseerder van internet-informasie deur die publisering van informasie in die vorm van status veranderings, foto's, video's ens.

Verhoudingsgerigte Jeugbediening: Hierdie term verwys na die verstaan dat verhoudings binne jeugbediening oor die interaktiewe verhouding tussen een persoon en 'n ander persoon gaan waarin die gemeenskap van Jesus Christus beleef kan word. Hierdie verhoudings tussen een persoon en 'n ander moet nie 'n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

middel tot ’n doel wees nie (Root, 2013:17), maar die doel self wees. Verhoudings binne verhoudingsgerigte jeugbediening is gefokus op ’n persoon as ’n volledige persoon met unieke behoeftes, drome en hoop en nie net as ’n gebruiker van die kerk se programme en bedienings nie.

1.8.1 Facebook gebruikers

Facebook lede/aanhangers*:* Met hierdie konsep word daar verwys na die aantal adolessente en volwassenes wat lede is van ’n spesifieke gemeente se Facebook-groep en hulle gemeente se jeugbediening se Facebook-groep of ’n aanhanger (‘fan’) is van ’n spesifieke jeugbediening of gemeente se Facebook webblad.

Aktiewe gebruikers*:* ’n Spesifieke Facebook-groep of Facebook webblad het altyd ’n aantal lede/aanhangers wat aktief is en ’n aantal wat slegs lede/aanhangers is sonder om ooit ’n bydrae te lewer tot die besprekings of inhoud van ’n spesifieke groep of webblad nie. Aktiewe gebruikers sal verwys na die lede wat aktief betrokke is op ’n webblad of groep deur sekere “statuses” te “like”, kommentaar te lewer daarop of selfs inhoud te “post.”

“Friends”: Hierdie term verwys na ander gebruikers op Facebook met wie daar kontak gemaak is en met wie daar inhoud gedeel word deur die verskillende aktiwiteite op hierdie platform.

1.8.2 Facebook aktiwiteite

Facebook administrateurs van webblaaie en lede van groepe, soos hierbo verduidelik, het die opsie om verskillende take uit te voer op Facebook. Hierdie aktiwiteite sal gebruik word om die sukses en riglyne van ’n Facebook-gebaseerde bediening aan die jeug te meet. Onderstaande beskrywings word ook soos op die Facebook help webblad gegee. (www.Facebook.com/help)

Post: “Post” is die aksie wat ’n Facebook gebruiker gebruik om inhoud op ’n webblad of groep te skep. ’n Gebruiker het ook die opsie om inhoud te “post” onder die naam van die betrokke gebruiker of onder die naam van die webblad. “Posts” kan weggesteek word of sigbaar gemaak word vir alle gebruikers om te sien. “Posts” kan ook op die tuisblad van aanhangers of lede verskyn, wat help om die lede en aanhangers op hoogte te hou van enige nuusgebeure. Wanneer gebruikers op ’n “post” kommentaar lewer of die “like” opsie gebruik, kan ander gebruikers wat met

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die betrokke gebruiker bevriend is, hierdie interaksie sien. Hierdie is ’n belangrike manier om nuwe lede en aanhangers te lok. Verskillende tipes “posts” kan ook gemaak word: bv. foto’s, video’s of slegs woordelikse stellings kan opgelaai word.

Like: Die “like” opsie word aan verskillende “posts” gekoppel en stel die gebruiker in staat om op ’n maklike manier vir die gebruiker wat ’n spesifieke “post” gemaak het te laat weet dat die spesifieke “post” jou goedkeuring wegdra of dat jy net daarvan hou sonder om kommentaar te lewer.

Status: Op Facebook verwys die woord “status” na ’n verskeidenheid betekenisse. Vir hierdie studie word die woord “status” slegs gebruik om te verwys na die stellings, wat deur middel van ’n “status update” gedoen is op ’n spesifieke groep of webblad. “Status updates” word gebruik om gevoelens te deel, ander gebruikers te laat weet hoe jy voel, in watter bui jy is of wat jou onlangse aktiwiteite was.

Kommentaar: Kommentaar is ’n opsie soos “like,” maar dit gee die gebruiker toegang en vryheid om woordeliks uit te druk hoe daar oor ’n spesifieke “status update” gevoel word of om meer vrae te vra oor ’n spesifieke “status update.”

Gebeure: Enige Facebookgebruiker het die opsie om ’n “event” te skep. Hierdie opsie stel genooide gaste of alle gebruikers in kennis van ’n gebeurlikheid wat sal plaasvind. “Event” uitnodigings gee genooide gebruikers inligting oor die details van die gebeurlikheid en gee die skepper van die “event” inligting oor die bywoning van gaste.

Links: ’n Gebruiker van Facebook het die vryheid om op sy/haar privaat webblad ’n “link” te “post” wat ander gebruikers toelaat om maklik toegang te kry tot die inhoud wat vir die betrokke gebruiker belangrik was of sy/haar aandag getrek het. Deur ’n “link” te “post” kan ’n Facebookgebruiker ander gebruikers in kennis stel van belangrike of interessante inligting.

Tagging: Hierdie is ’n spesiale tipe “link”. “Tagging” stel die gebruiker in staat om ander gebruikers spesifiek te koppel aan ’n spesifieke “post”.

Share*:* Facebookgebruikers het ook die opsie om inhoud van ander gebruikers, groepe en/of webblaaie, met die nodige privaatheidstoestemming, op sy/haar eie persoonlike webblad te “post” of dit met ander lede van ’n groep of webblad te deel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.8.3 Facebook groep

“Facebook groepe is ’n vriendekring of groep mense wat inhoud deel en in verbinding bly met mekaar op Facebook.” (www.Facebook.com/help)

Privaatheid: Daar is ook ‘n verskeidenheid privaatheidstellings beskikbaar vir groepe. Die skepper van ’n groep kan, byvoorbeeld, kies of die inhoud van ’n groep slegs beskikbaar is vir lede van die groep of vir alle gebruikers van Facebook.

Gehoor: Groeplede moet egter ook gekies, genooi en goedgekeur word deur ander lede. As die groep te groot word, is daar sekere beperkings tot die groep se funksionaliteit. Die mees suksesvolle groepe is die wat bestaan uit min groeplede.

Kommunikasie*:* In groepe, word lede outomaties in kennis gestel van enige bydraes of kommentaar wat gemaak is op die inhoud van die groep. Groeplede kan deelneem aan gesprekke, foto’s oplaai, saamwerk aan dokumente en nuwe lede na die groep nooi. Meer hieroor op www.Facebook.com/help.

1.8.4 Facebook webblad

“’n Facebook webblad help organisasies, besighede, bekende persone en handelsmerke om breedweg te kommunikeer met persone wat aanhangers is. Webblaaie kan alleenlik geskep en bestuur word deur offisiële verteenwoordigers.” (www.Facebook.com/help).

Privaatheid: Webblad-informasie en inhoud is beskikbaar vir die publiek en oor die algemeen beskikbaar vir alle Facebook gebruikers.

Gehoor*:* Enige persoon kan ’n webblad “like” om in te skakel op ’n webblad en so in kennis gestel te word van die nuuswaardighede op die webblad. Daar is geen beperking op hoeveel mense ’n webblad kan “like” nie.

Kommunikasie*:* Webblad-administrateurs kan inhoud produseer onder die naam van die webblad. Nuwe webblad-inhoud sal op die tuisblad van betrokke gebruikers verskyn.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.9 Hoofstukindeling

Noudat die doel van die studie, die agtergrond daarvan en die metodes wat gebruik gaan word om navorsing te doen bespreek is, sal in die volgende hoofstukke in diepte aandag gegee word aan die verskillende doelstellings wat gestel is op bl. 3, naamlik die :

Hoofstuk 2: Teologiese aard van die studie.

Hoofstuk 3: Teologiese begronding vir verhoudingsgerigte jeugbediening.

Hoofstuk 4: Prominensie van verhoudings tydens die fase van adolessensie.

Hoofstuk 5: Rol van sosiale media in die lewens van adolessente.

Hoofstuk 6: Navorsingsmetodologie gevolg in die studie.

Hoofstuk 7: Interpretering van data.

Hoofstuk 8: Bevindings en konklusies.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 2: Die Teologiese aard van hierdie studie

2.1 Inleiding

Hoofstuk 2 word gebruik om die aard en doel van hierdie studie in die breër dissipline van teologie te plaas en spesifiek die waarde van hierdie studie vir die teologiese sub-dissipline van praktiese teologie aan te toon. Aan hierdie doelstelling sal voldoen word deur ’n kort historiese oorsig van jeugbediening te gee en die definisie en beskrywing van die taak van praktiese teologie te stel. Voor die hoofstuk afgesluit word, sal daar spesifiek aandag gegee word aan die verband tussen jeugbediening en praktiese teologie.

2.2 Historiese oorsig van jeugbediening

Wat hier volg is nie ’n volledige geskiedenis van jeugbediening nie, maar slegs ’n kort histories oorsig om aan te toon hoe jeugbediening ontstaan het. “Soos ander bedieninge (byvoorbeeld die erediens en liturgiek) laat ook die jeugbediening homself nie verstaan anders as deur die bril van die historiese nie.” Nel (1999: 51)

Dit is belangrik om reg van die begin af te noem dat praktiese teologie in die verlede afwesig was van die bediening aan die jeug en dat jeugbediening slegs gesien is as ’n opvoedingsdissipline en nie as ’n pastorale roeping nie (Dean, 2001: 19). Root (2007: 21) volg die geskiedenis en geboorte van die bediening aan die jeug, as ’n ouderdomspesifieke bediening, soos ons dit nou ken, terug tot by die boek van Stanley Hall, *Adolescence*, wat in 1904 gepubliseer is. Volgens hom is adolessensie as ’n fase van ontwikkeling eers geïdentifiseer na die publikasie van hierdie boek en dat die woord, adolessensie, daarna as ’n gewilde term gebruik is om jongmense tussen die ouderdom van dertien en een-en-twintig te beskryf. Natuurlik het die kerk, solank as wat dit bestaan, reeds maniere gehad om geloof oor te dra aan jongmense. “Sedert die tyd van die Nuwe Testament is daar deeglik oor die kategese nagedink en geskryf.” (Nel, 1999: 9) ’n Georganiseerde en omvattende bediening wat spesifiek op die jeug gerig is en teologies nagedink is, het nie bestaan voor die laat negentiende eeu nie. Dit is in hierdie tydsgleuf wat die boek van Hall

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

oor adolessensie inpas en jeugbediening as ’n georganiseerde beweging groei soos daar gepoog word om aan die behoeftes van jongmense, in ’n nuwe en onontdekte fase van hulle lewens, te voorsien. Nel, (2001: 58) sê dat in Suid-Afrika daar ook in die eerste twee eeue van volksplanting in Suid-Afrika geen sprake was van gespesialiseerde bediening aan die jeug soos ons dit nou ken nie.

2.2.1 Die industriële revolusie

Om Dean (2001: 19) se standpunt dat jeugbediening in die verlede slegs gesien is as ’n dissipline wat besorg is oor die opvoeding van jongmense te versterk, moet daar teruggegaan word na die begin van industrialisasie in Londen, Engeland. Root (2007: 28) en Cannister (2001: 77) beskryf hoe kinders voor industrialisasie slegs voorberei is vir die arbeidsmag en dat, wanneer ’n kind groot genoeg en sterk genoeg was, hy opgeneem is in die arbeidsmag en in alle opsigte beskou is as ’n volwassene. Die enigste ouderdomspesifieke take wat kinders gehad het, was om voor te berei vir ’n ambag deur in-diens opleiding of die aanleer van ’n baie basiese lees- en skryfvaardigheid. Root (2007: 30), Nel (1999: 57) en Canister (2001: 77) verwys na ’n man, Robert Raikes, wat besorg was oor die oorwerkte jongmense met gebrekkige opvoeding wat in fabrieke gewerk het in die stede van Engeland. Raikes het, vanuit sy besorgdheid, die eerste “Sondagskool” begin waar kinders een dag in ’n week bymekaar kon kom om te leer lees en skryf en opvoeding ontvang het oor morele waardes en sosiaal aanvaarbare gedrag. Hierdie Sondagskoolmodel is deur kerke oorgeneem en soos die impak van industrialisasie alle uithoeke van die wêreld geraak het, is die doel daarvan aangepas. Nel (1999: 52) sê dat kerke en mede-kerkorganisasies se behoefte om kinders na Christus te lei, veroorsaak het dat die aard van Sondagskool verander het. Sondagskool het verander van ’n program waar onopgevoede kinders verniet onderrig kon kry in morele waardes en die vaardighede van lees en skryf kon leer na ’n program wat gebruik is om kinders te lei na ’n verhouding met hulle Redder, Jesus Christus.

Met die koms van die industriële revolusie en ’n groter aanvraag na geskoolde arbeid en laer aanvraag na ongeskoolde arbeid, het daar ’n gaping tussen kindwees en volwassene wees bestaan. Dit is op hierdie stadium dat ’n behoefte vir gespesialiseerde opvoeding geïdentifiseer is (Cannister, 2001: 77). Die pad van kindwees na volwassene is verleng met ’n nuwe ontwikkelingsfase tussen-in, wat in 1904 deur Stanley Hall as adolessensie beskryf is (Root, 2007: 25). Hiermee begin

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

'n behoefte ontstaan vir opvoeding in hierdie nuwe fase in die lewens van jongmense. Die koms van hierdie tydperk van adolessensie skep geleentheid vir kerke en mede kerkorganisasies om ook gespesialiseerde aandag aan jongmense in hierdie nuut-geïdentifiseerde ontwikkelingsfase te gee. Root (2007: 21) skryf baie uitgebreid oor die agtergrond en geskiedenis van bediening aan die jeug as 'n ouderdomsgerigte bediening en 'n goed gestruktureerde tydlyn word deur Canister (2001: 77) verskaf. Wat egter belangrik is vir hierdie studie is om te wys hoe bediening aan die jeug oorspronklik begin het as 'n opvoedkundige dissipline en hoe hierdie opvoedkundige taak deur kerke aangeneem is en aangepas is om die behoeftes van die jeug, in diens van die koninkryk, aan te spreek sonder die teenwoordigheid van doelgerigte en doelbewuste teologiese nadenking.

2.2.2 Modernisasie

Root (2007:28) skryf natuurlik vanuit 'n Amerikaanse konteks, maar maak die waarneming dat die impak van industrialisasie gelei het tot modernisasie en dat 'n nuwe fokus gevestig is op die opleiding van jongmense. Na aanleiding van die boonste stelling is dit nodig om te sê dat Nel (1999: 55) in sy kort opsomming oor die geskiedenis van jeugwerk in Suid-Afrika ook skryf dat die gebeurtenisse t.o.v. jeugwerk in lande soos die VSA, Duitsland en Holland, ook plaaslik 'n impak gehad het. Geskoolde arbeid was in groot aanvraag en so het hoërskoolbywoning die norm geraak vir alle jongmense. 'n Verdere impliksie is dat modernisasie, wat die konstruksie van nuwe sosiale instellings, soos hoërskool, veroorsaak het, ook isolasie tussen verskillende sosiale instellings veroorsaak het. Hierdie isolasie tussen verskillende instellings soos skool, werk, huisgesin, kerk ens., het beteken dat mense gekonfronteer is met 'n kaleidoskoop van ewige veranderende sosiale ervarings (Berger, 1973: 79). Binne hierdie ervaring moes mense begin reflekteer oor hulself en hul identiteit. Verskillende ervarings en sosiale instellings het verskillende vorme van gedrag vereis en die jeug op hoërskool is ook hierdeur geraak. Jongmense het al hoe langer by hulle huise gewoon, maar minder tyd saam met familie spandeer en meer tyd saam met ander jongmense. Op hierdie manier is 'n jeugkultuur as subkultuur gevestig en versterk. Ueda (1987: 120) sê dat hoërskool jeugkultuur geïnstitusionaliseer het. Meer onlangs stel Cloete (2012: 1) ook dat skole die belangrikste sosiale struktuur geword het waarbinne jeugkultuur ontwikkel het. Die jeugsubkultuur bied aan adolessente 'n sin van identiteit wat aan hulle toegeken

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kan word deur die skool, werk en klas situasie. Hier word aan adolessente die geleentheid gegee om in ’n sosiale realiteit te lewe wat onafhanklik is en verskil van volwassenes se leefwêreld en die kultuur waarin hulle gebore is. Hoërskool het jeugkultuur geïsoleer en so hierdie kultuur se vermoë om lede te dissiplineer en te sosialiseer in hul portuurgroep se norms en waardes versterk. Geïsoleerd van ouers, van kerk en van werksplek het hoërskoolleerders druk begin ervaar om die norms van die groep aan te neem. Brake (2013: 88-89) wat die vorming van jeug kultuur en jeugsubkultuur bestudeer skryf hoe jeugkultuur as ’n subkultuur ’n baie komplekse veld van studie is a.g.v. die verskeidenheid faktore wat bydrae tot die vorming van jeugkultuur en jeugsubkultuur. Verskillende jeugsubkulture binne jeugkultuur het verskillende waardes en norms wat van hulle lede verwag word a.g.v. sekere sosio-ekonomiese faktore wat daarop ’n invloed het. Faktore soos gebroke huisgesinne, akademiese mislukking, afwesige vaders, ekonomiese mobiliteit en familie konflik is sommige van die faktore wat die norms en waardes van jeugkultuur beïnvloed. Brake (2013: 88-89) is egter in ooreenstemming met Ueda (1987: 120) deur ook te stel dat hoërskool dien as die broeikas vir ’n jeugsubkultuur.

In hierdie tyd van modernisasie, met die vorming van geïsoleerde sosiale instellings en die refleksie oor die verwagte gedrag van die individu in verskillende situasies, het kerke slegs reaktief gereageer met die hoofdoel om jongmense verbind te hou tot die kerk en die Christengeloof (Root, 2007: 36). In die laat negentiende eeu word die geboorte van organisasies soos die Amerikaanse YMCA gesien, wat gebou is op die model van Sondagskool en waar die populêre aktiwiteite van jongmense geïnkorporeer is om hulle te lok na die kerk. Nel (1999: 52) noem dat die YMCA ook sy pad vind na Suid-Afrika, maar dat daar teen daardie tyd reeds twee plaaslike Christen organisasies bestaan: *Christelike Jongeliede Vereniging* en die *Christelike Strewers*. Tot en met hierdie tyd is bediening aan die jeug steeds net reaktief en dien as spreekbuis vir die kerk om aan die jeug die gevare van ’n nuwe, moderne wêreld te kommunikeer en hulle betrokke te probeer hou by die kerk.

2.2.3 Tegnologie

Een van die gevolge van modernisasie was die groot impak wat die gebruik van tegnologie gehad het. Die gebruik van tegnologie het ’n revolusie in die ekonomie bewerk en die individu se waarde is geheg aan sy bydrae tot die samelewing. Mense is gesien as ’n onderdeel van die ekonomie en hierdie siening het vanuit die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verhoudings tussen individue en ekonomie oorgespoel na die verhoudings tussen individue. Root (2007: 41-42) sê dat mense meer en meer slegs as nommers gesien is en dat hierdie siening saam met die stadige verweer van kommunikasie en gemeenskap in die sosiale instellings van families gelei het tot klem op selfgekose verhoudings as ’n manier om te voldoen aan die individu se behoefte vir intimiteit. Die konteks van selfgekose verhoudings wat deur modernisasie geskep is, het gelei tot die ontwikkeling van verhoudingsgerigte jeugbediening. Die familie-eenheid het al hoe meer gefragmenteerd geraak en op so ’n manier het industrialisasie in die langtermyn nie net net gelei tot ’n konteks waarin mense nou self verhoudings kon en moes kies nie, maar dit het ook gelei tot baie skade aan kommunikasie binne huishoudings (Roberts, 2010: 6). Root (2007: 21) skryf in baie meer detail oor die geboorte van verhoudingsgerigte jeugbediening in sy boek *Revisiting Relational Youth Ministry*, maar die term en implikasies van “verhoudingsgerigtheid” sal later in hierdie hoofstuk aandag geniet. Op hierdie stadium is dit slegs nodig om te noem dat verhoudings die hooffokus van jeugbediening geword het in die 20ste eeu, veral nadat die proses wat met industrialisasie begin is en volgehou is tot en met modernisasie, die verbrokkeling van natuurlike verhoudings, soos die tussen ouers en kinders, veroorsaak het.

2.2.4 Klem op verhoudings

Verhoudingsgerigte benadering tot jeugbedieing het tussen 1940 en 1960 ontstaan. Hierdie benadering tot jeugbediening het nie net gereageer op die veranderings in die samelewing nie maar kerke bemagtig om proaktief op te tree in hulle pogings om die adolessente te evangeliseer. In hierdie tydperk het persone soos Jim Rayburn van *Young Life*, die vermoë om self verhoudings te kies aangegryp in hulle benadering tot jeugbediening. *Young Life* se sukses het in hulle een-tot-een benadering gelê waarin jeug die behoefte aan intimiteit in selfgekose verhoudings kon bevredig. Voor hierdie benadering het kerke en medekerk-organisasies oor die algemeen steeds probeer om jongmense te lok deur gebruik te maak van aktiwiteite wat populêr is onder die jeug, maar het steeds geen poging aangewend om hulle die intimiteit van verhoudings te bied nie. Volgens Root (2007: 52) kan ons met die verskyning van *Young Life* ’n poging sien tot teologiese nadenking oor jeugbediening. Rayburn se teologiese begronding vir sy model van verhoudingsgerigte jeugbediening was die inkarnasie van Jesus Christus. Daar sal

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

op ’n ander geleentheid in ’n ander hoofstuk meer gepraat word oor die begronding van verhoudingsgerigte jeugbediening in die inkarnasie van Jesus Christus. Wat egter belangrik is, is dat Raynurn raakgesien het dat jeugbediening as ’n afsonderlike dissipline, hoofsaaklik gefokus op opvoeding, benader is, met die afwesigheid van enige intensiewe en doelbewuste teologiese refleksie. Die teologiese begronding en nadenking van Rayburn was baanbrekerswerk in die veld van jeugbediening.

Nel (1999: 9) sê dat een van die grootste gebreke in jeugbediening die afwesigheid van goeie teologiese grondslae is: “Tradisioneel is jeugbediening en die kategese skerp onderskei en meermale geskei. In hierdie digotomie is die kategese gewoonlik teologies begrond terwyl jeugbediening byna aan die terloopse, minstens aan die sogenaamde nie-amptelike, oorgelaat is.” Hierdie skeiding word versterk as ons in ’n historiese oorsig oor jeugbediening waarneem dat daar eers werklik in die tweede helfte van die 20ste eeu ernstig oor die stand van jeugbediening besin is (Nel, 1999: 55). Die oorsprong van hierdie studie is die oortuiging dat daar aanhoudend oor jeugbediening besin moet word en dat hierdie besinning benader moet word met ’n praktiese teologiese aanslag en nie net ’n opvoedkundige een nie.

Om aan te sluit by die inleiding van hierdie kort historiese oorsig, is dit nodig om net weer te stel dat opvoedkunde, veral in die vorm van kategese, duidelik ’n belangrike onderdeel van jeugbediening is (Nel, 1999: 137), maar dat dit nie die enigste een is nie en volgens Dean (2001: 19) nie eers die belangrikste is nie. Om jeugbediening vanuit ’n praktiese teologiese perspektief te benader beteken dat ons glo dat die jeug geroep is om deel te neem aan alle praktyke van die Christengeloof en dat hulle geroep is om deel te neem aan die missionêre roeping van die kerk. Die dissipline van jeugbediening moet dus binne die breër veld van praktiese teologie geplaas word omdat jeugwerk homself besig hou met dieselfde taak as praktiese teologie: die teologiese refleksie oor die aktiwiteit van God op hierdie aarde vir, aan en deur mense (Dean, 2001: 31). Die Christengeloof kan nie anders as om God te nooi om die mens te gebruik in die transformatiewe aksie (Hendriks, 2004: 24) van God in hierdie wêreld nie. Praktiese teologie is op ’n intieme manier met die transformatiewe aksie van God in hierdie wêreld verbind en daarom ook tot die bediening aan en deur die jeug.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

“Die jeug is in die fokus van die totale samelewing: soms is dit as gevolg van hul getalle, soms as gevolg van hul rebellie, soms as gevolg van hul armoede of hul betrokkenheid by misdaad, soms as gevolg van hul akademiese en/of demokratiese frustrasies. Hoe ook al, die kerk word uitgedaag om hulle raak te sien, te ken, raak te ‘voel’ en hulle te bedien. Daarom moet jeugbediening allereers teologies verantwoord word” (Nel, 1999: 10). Vervolgens gaan die verband tussen die teologiese aard van jeugbediening en praktiese teologie aangetoon word.

2.3 Prakties Teologiese aard van die studie

In hierdie onderafdeling word gepoog om die dissipline van praktiese teologie te definieer met spesiale fokus op die taak van praktiese teologie. Hopelik word deur hierdie beskrywing en definisie van praktiese teologie die verband tussen praktiese teologie en jeugbediening raaksien.

In Hendriks (2004: 24) se boek, *Studying Congregations in Africa*, word die aard van teologie gedefinieer as ’n dissipline wat handel oor:

- Die missionêre praxis van die drie-enige God (God).
- God se liggaam, die gemeenskap van die heiliges (Kerk)
- Op ’n spesifieke tyd en plek in ’n geglobaliseerde wêreld, (Konteks)
- waar lede van die gemeenskap betrokke is in ’n roeping-gebaseerde, kritiese en konstruktiewe interpretasie van hulle realiteit, (Analise)
- wat gegrond is in normatiewe bronne, (Skrif en Tradisie)
- worstelend om God se wil vir hulle konteks te onderskei (Hermeneutiek)
- sodat hulle ’n teken van God se koninkryk kan wees op aarde en steeds voortbeweeg met ’n eskatologiese geloofsgebaseerde realiteit in vooruitsig, (Visie en missie)
- terwyl hulle gehoorsaam deelneem aan transformatiewe aksie op verskillende vlakke: persoonlik, ekklesiologies, sosiaal, ekologies en wetenskaplik. (Strategie, implementering en evaluering) (Hendriks, 2004: 24).

Nadat hierdie definisie vir teologie gegee word, word daar in die eerste hoofstuk van Hendriks (2004: 24) se boek die standpunt van Bosch (1991: 389) aangeneem dat teologie nie in sub-dissiplines opgebreek moet word nie, maar dat teologie een

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dissipline is, wat missionêr van aard is en dat alle teologiese sub-dissiplines in ag geneem moet word in die proses van teologie doen.

Hendriks (2004: 24) en Bosch (1991: 389) versterk die begrip dat die dissipline van teologie definitief missionêr van aard behoort te wees. Die vertrekpunt van hierdie studie is egter dat die fokus op verskillende sub-dissiplines, soos praktiese teologie, meer effektief en gefokus kan wees in die “kritiese en konstruktiewe interpretasie van (ons) realiteit” (Analise) en in die “worsteling om God se wil vir (ons) konteks te onderskei” (Hendriks, 2004: 24).

Dean (2001: 19-20) sê dat praktiese teologie van ander teologiese sub-dissiplines verskil in sy fokus. Die fokus van praktiese teologie is op die soeke na God in konkrete situasies. In plaas van die ontwikkeling van byvoorbeeld ’n pastorale teorie uit Bybelse tekste, historiese belydenisse of kerklike doktrines word praktiese teologie hieruit verryk, maar gaan verder. Die praktiese teologiese grondslag groei dus, veral vir jeugbediening, uit die wysheid wat bekom is uit honderde pastorale situasies. Hierdie pastorale situasies lei tot die ontwikkeling van ’n teorie oor die normatiewe maniere waarop ons geloof kan beoefen met jongmense. Die doel is natuurlik dat geloof so beoefen word dat adolessente die goeie nuus van Jesus Christus kan hoor in ’n sekere bediening, in ’n spesifieke plek en op ’n spesifieke tyd met die wete dat God dit so beskik het. Heitink (1999: 6) noem praktiese teologie ’n teorie van aksie; bedoelende dat praktiese teologie as ’n teorie van aksie die empiriese georiënteerde teologiese teorie van die bemiddeling van die Christengeloof in die praxis van moderne samelewing is. Hierdie termbelaaide sin van Heitink (1999:6) het verduideliking nodig:

Empiriese georiënteerde teologiese teorie: Die sub-dissipline van praktiese teologie neem as sy vertrekpunt die konkrete situasies en die ervaring en belewenis van mense, jongmense ingesluit, in hierdie situasies. Hierdie konkrete situasie waarvan Dean (2001: 19-20) praat, sluit die huidige stand van die kerk en samelewing in (Heitink 1999: 7). Dit alles sluit aan by Hendriks (2004: 6) se stelling dat die aard van teologie gaan oor analise van konteks waar die lede van die gemeenskap betrokke is in ’n roeping gebaseerde, kritiese en konstruktiewe interpretasie van hulle realiteit. Praktiese teologie word gekenmerk deur ’n metodologie wat empiriese data met erns opneem en hierdie data voortdurend ingedagte hou soos ’n teologiese teorie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ontwikkel word. Dit is in hierdie aktiwiteite waar hierdie studie binne die veld van jeugbediening verbind word aan praktiese teologie. Daar moet egter weer, met bogenoemde in ag geneem, gestel word dat teologie in die breë kan baat by die opbreek van hierdie dissipline in sub- dissiplines soos praktiese teologie en jeugbediening deur te stel dat die manier van (praktiese) teologie doen verskil van eksegetiese, historiese of filosofiese benaderings, selfs al gebruik praktiese teologie ook eksegetiese, sistematiese en historiese metodes (Heitink 1999: 7).

Bemiddeling van die Christengeloof: Wat met bemiddeling bedoel word is God se koms na mens in die wêreld. Heitink (1999: 8) gebruik die werk van Firet (1987: 31) as hy hierdie stelling verder definieer deur te sê dat hierdie koms van God na die mens ’n konstante en ewigdurende gebeurtenis is wat plaasvind deur die bemiddeling van menslike bediening. Hierdie bemiddeling, of anders gestel, God se koms na die mens in die wêreld, vind op ’n verskeidenheid maniere plaas: die opvoeding van kinders deur ouers, van leerders deur onderwysers, van gemeentelede deur predikante, deur radio en -televisiestasies, aanbidding, kleingroepbyeenkomste ens. Die werk van Nel (2001a: 5) wat in hoofstuk 1 genoem is, kan hierby gevoeg word en gebruik word om die die fokus van praktiese teologie verder te stel. Een van die fundamentele vrae in die teologiese begronding van jeugwerk is: Hoe kom God na mense? Teologie se antwoord is dat God mense en sy skepping op verskillende maniere benader – deur Sy Gees en sy Woord, maar ook deur ander mense. Hieruit is dit duidelik dat God tot mense nader deur ander mense, die jeug ingesluit. God se aksie deur menslike aksie is die teologiese kern van praktiese teologie en hierdeur word die sub-dissipline van jeugbediening aan praktiese teologie gekoppel.

Praxis van die moderne samelewing: Die samelewing kan beskryf word as praxis, ’n sfeer van aksie, waar individue en groepe, gemotiveerd deur persoonlike ideale en gedryf deur ’n verskeidenheid belange, spesifieke keuses maak en spesifieke doelwitte najaag. Hierdie bogenoemde sfeer van aksie waarbinne keuses gemaak word kan in mense se daaglikse lewens waargeneem word in en deur verskillende tipes verhoudings en ook binne verskillende kontekste. Orals word intensionele aksies met etiese implikasies gevind, afgesien van spesifieke geloofs- of wêreldsienings. Die woord praxis word hier gebruik om na meer as net praktyk te verwys, dit sluit ’n teorie in wat gevorm is deur die waardes, norms en belange wat

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

betrokke is. Hierdie praxis waarna Heitink (1999: 9) verwys in sy definisie van praktiese teologie is ook waarneembaar in die studie van bediening aan en deur die jeug en dus kan die sub-dissipline van jeugbediening ook op hierdie manier geplant word in die dissipline van praktiese teologie, binne die breër dissipline van teologie.

Heitink (1999: 10) is van mening dat die term, praktiese teologie, hierdie dissipline nie beperk tot ekklesiologiese en bedieningsmodelle en -praktyke nie maar dat hierdie term ongelukkig steeds oop is vir misinterpretasie. Die woord “prakties” moet nie in hierdie konteks verstaan word as die teenoorgestelde van “teoreties” nie, maar eerder dat praktiese teologie, soos ander sub-dissiplines van teologie, poog om ’n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van teologiese teorie in die algemeen. In die lig hiervan sê Heitink (1999: 7) dat die woord “prakties” steeds die teologiese aard van die sub-dissipline oordra en dat daar verstaan moet word dat praktiese teologie handel oor God se aktiwiteit deur die bediening van en deur mense van verskillende ouderdomme. Veling (2005: 3) verduidelik die verhouding tussen teorie en praktyk baie goed wanneer hy sê dat in praktiese teologie die teorie “inwonend” is in die praktyk. Teorie is “inwonend” in die praktyk, nie in die sin dat ons teorie in praktyk toepas nie, maar eerder dat ons slegs in die praktyk of doen van teologie die diepte en betekenis daarvan besef. Wanneer die Christengemeente deelneem aan gebed, gasvryheid, vergifnis, jeugbediening ens., begin ons ’n dieper verstaan van die koninkryk van God ontwikkel en wat dit beteken om God te dien.

Om alles wat tot hier gesê is saam te vat, kan verwys word na Anderson (2001: 23) se werk wat sê dat, as ’n teologiese dissipline, is sy (praktiese teologie) primêre doel om te verseker dat die kerk se publieke proklamasies en praxis in die wêreld die aard en doel van God se voortdurende missie aan die wêreld getrou reflekteer en op hierdie manier op ’n outentieke manier die kontemporêre konteks waarin die kerk bedien, aanspreek. Die bronne wat tot dusver aangehaal is, vanaf Hendriks (2004: 23) en sy definisie van teologie tot by Anderson (2001: 23) en sy samevatting van die doel van praktiese teologie, toon duidelik dat hierdie getroue refleksie van God se voortdurende missie aan die wêreld nie sal plaasvind sonder sekere aksiestappe nie. In die onderafdeling wat volg sal die taak van praktiese teologie bespreek word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.3.1 Die taak van Praktiese Teologie

Verskillende skrywers en navorsers beskryf die die taak van praktiese teologie op verskillende maniere. Osmer (2008: 10) onderskei byvoorbeeld tussen vier verskillende take van praktiese teologie nl. : Beskrywende-empiriese taak (Die insameling van informasie wat ons help om die patrone van verskillende episodes, situasies of kontekste te onderskei en te identifiseer), Interpreterende taak (Die raadpleeg van ander dissiplines om eersgenoemde patrone te verstaan), Normatiewe taak (Die gebruik van teologiese konsepte om verskillende episodes, situasies of kontekste te interpreteer en ’n etiese raamwerk van norme te struktureer om ons reaksie te reguleer) en die Pragmatiese taak (Die bepaling van strategieë wat die konteks sal beïnvloed op ’n wenslike manier en die deelname aan ’n reflekterende dialoog nadat die strategieë toegepas is).

Anderson (2001: 29) gebruik die komplekse model van Browning (1991: 1-11) en baseer sy verstaan van die take van praktiese teologie daarop. Anderson (2001:26-29) gebruik die kosep van ’n “outer envelope” en ’n “inner core”. Met hierdie konsepte word gepoog om teorie en praktyk te integreer in proses van aanhoudende aksie en refleksie, net soos Osmer (2008:10) word die take van praktiese teologie beskryf as ’n spiraal wat nie ’n einde het nie. Anderson (2001:26) verduidelik dat die taak van praktiese teologie begin in die middel van ’n sosiale konteks waar die teoloog saam met ’n gemeente oor die evangelie kontempleer (inner core). Hierdie meditasie begin met die taak van “action-reflection” waar die teoloog opsoek is na God se wil en die aksie wat geneem moet word in die hede binne ’n spesifieke konteks. Met hierdie taak van “action-reflection” beweeg praktiese teologie van die “inner core” na die “outer envelope” met interpretering, eksiprimente en historiese bewustheid. Alhoewel Anderson (2001:26) by Osmer (2008:10) se “Wat is veronderstel om aan te gaan?” vraag begin, sluit hy deur sy “action-reflection” taak die “wat gaan aan?” en “hoekom gaan dit aan?” vraag in en stel die “Hoe kan ons hierop reageer?” taak as die hoofdoel van praktiese teologie. Heitink (1999: 11) maak weer gebruik van ’n eenvoudiger driehoekmodel van “verandering”, “verstaan” en “verduideliking” wat ook maar basies dieselfde vrae as Osmer (2008: 10) vra: Wat gaan aan? Hoekom gaan dit aan? Wat is veronderstel om aan te gaan? Hoe kan ons hierop reageer?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Buiten die ooreenstemming in die beskrywing van praktiese teologie se taak word ’n verdere ooreenstemming gevind binne bogenoemde skrywers se werk oor die definisie van praktiese teologie. Die take van praktiese teologie volg nie noodwendig kronologies op mekaar nie en elke vraag word nie slegs een keer gevra nie, maar hierdie take vorm deel van ’n proses wat oor en oor moet plaasvind. Dean (2001: 36-39) sê dat die doen van praktiese teologie ’n proses is wat meer lyk soos ’n spiraal as ’n siklus. In hierdie spiraal beweeg ons nader aan die perspektief van God soos ons reflekteer oor norms en strategieë vir die Christenkerk. Afgesien van die verskillende benaderings wat geneem word en afgesien van verskillende benamings wat toegeken word aan die take van praktiese teologie, kan die taak en proses van praktiese teologie goed en eenvoudig saamgevat word met ’n skets van Dean (2001: 35)



In hierdie studie word daar hoofsaaklik ’n kombinasie van Dean (2001: 35) en Osmer (2008:10) se benadering, benoeming en beskrywing van praktiese teologie gebruik om die dissipline van jeugbediening binne die dissipline van praktiese teologie te plaas deur kortliks die vier take van praktiese teologie onder Dean (2001: 35) se benoeming daarvan te bespreek.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Wat gaan aan?

In hierdie taak word dieselfde inligting bevat wat onder Osmer (2008: 31) se beskrywende-empiriese taak van praktiese teologie bespreek word. Hierdie taak van praktiese teologie gaan oor die verstaan van die konteks waarin ons moet optree. In jeugbediening sal hierdie optrede verwys na optrede, uit die liefde van God vir jongmense, binne 'n sekere konkrete konteks. Hier beklemtoon Dean (2001: 25) ook die interdissiplinêre benadering tot die insameling van informasie deur te stel dat as ons werklik betrokke is in 'n roeping-gebaseerde, kritiese en konstruktiewe interpretasie van ons realiteit (Hendriks, 2004: 24) en dat ons verskillende dissiplines moet raadpleeg. In die konteks van jeugwerk noem Dean (2001: 25) dat ons bv. in dialoog moet tree met dissiplines soos sielkunde, om jongmense se lewensfase en worsteling te verstaan en sosiologie, om die kulturele faktore van die jeug se lewe beter te verstaan ens. Binne hierdie studie lei hierdie vraag van Dean (2001:25) die navorsing om ook die veld van sielkunde te raadpleeg in ons soeke na 'n beter begrip van die taak van adolessensie, die prominensie van verhoudings tydens die fase van adolessensie en hoe adolessente sosiale media gebruik. Praktiese teologie moet altyd interdissiplinêr wees, omdat geen konteks of situasie eendimensioneel is nie. Dit is veral ook belangrik om altyd in gedagte te hou dat ons geroep is om as Christene op te tree en as ons wil vasstel wat ons praktyke van geloof in 'n spesifieke situasie beïnvloed, dat ons teologiese waarnemings moet maak en nie net filosofiese, ontwikkelings, sosiologiese en opvoedkundige waarnemings nie. Hierdie verskillende waarnemings wat gemaak word moet in dialoog gebring word met die konkrete situasie, m.a.w. die konteks waarin ons betrokke is en lei ons so na die volgende vraag in ons praktiese teologiese spiraal.

Wat doen ons?

Hierdie vraag bevat Dean (2001: 105) se "reflekteer"-taak van praktiese teologie. Hierdie taak loop natuurlik saam met wat Osmer (2008: 79) noem "die interpreterende taak van praktiese teologie." Die lyn tussen die eerste en tweede vraag is baie dun, soos gesien kan word in die verskillende benamings en beskrywings van hierdie taak deur Dean (2001: 105) en Osmer (2008: 79). Dean (2001: 105) stel al die dialoog met ander dissiplines voor onder die eerste "verstaan" taak van praktiese teologie terwyl Osmer (2008: 79) eers by hierdie stap vra vir die dialoog met ander dissiplines soos sielkunde, opvoedkunde, sosiologie ens. Wat

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

egter belangrik is, is dat die taak hier gaan oor die vasstelling van dit wat die kerk besig is om te doen in die konteks wat verken is onder die eerste vraag. Hierdie taak poog uitdruklik om die praktyke van die Christengemeenskap in 'n spesifieke situasie te identifiseer. Binne die konteks van jeugwerk vra hierdie vraag ons om te reflekteer oor ons benadering tot jeugwerk, die jeugbedienings- modelle en praktyke wat gebruik word en watter pogings aangewend word om die goeie nuus van die Evangelie aan die jeug te kommunikeer. Hierdie studie poog om op hierdie vraag te antwoord deur kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing te doen oor hoe jeugwerkers/jeugpredikante en ander verantwoordelike persone vir jeugbediening Facebook gebruik om verhoudings met adolessente te bou, te onderhou en te verdiep. Dean (2001: 105) noem natuurlik dat daar egter nog vele meer verskillende deurlopende temas in ons benadering tot die jeug is waaroor gereflekteer kan word as ons werklik die praktyke van ons Christengemeenskap wil identifiseer in ons spesifieke situasie: Wat is die missie en visie van die bediening? Hoe word daar aan die jeug se verskillende behoeftes en begeertes op algemene, spesifieke en persoonlike vlak aandag gegee? Watter hulpbronne is beskikbaar vir die bediening aan die jeug?

Hoe goed doen ons dit gemeet aan God se standaard?

Hierdie vraag gaan oor die bepaling en evaluering van die praktyke wat vasgestel is in die antwoord op die vorige vraag. As ons hierdie praktyke wil evalueer beteken dit dat ons die normatiewe taak (Osmer, 2008: 173) opneem waar ons teologiese konsepte gebruik om binne ons situasie 'n etiese raamwerk van norms te struktureer wat ons aksies reguleer. Teologiese standaarde, gegrond in normatiewe bronne (Skrif en Tradisie) (Hendriks, 2004: 24), moet bepaal word wat as maatstaf gebruik kan word om ons Christenpraktyke te evalueer. In hierdie studie word daar spesifiek staatgemaak op verbondsteologie en die teologiese konsepte van die inkarnasie van Jesus Christus om 'n raamwerk van norms vir 'n verhoudingsgerigte jeugbediening te struktureer. Meer sal hieroor gesê word wanneer die teologiese begronding van 'n verhoudingsgerigte jeugbediening bespreek word.

Hoe kan ons dit beter doen?

Dit is belangrik om reg van die begin af te stel dat hierdie spiraal van praktiese teologie altyd saam loop met praktyk, omdat praktiese teologiese teorie "inwonend" (Veling, 2005: 23) in die praktyk van praktiese teologie is. Die spiraal van praktiese

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

teologie is nooit voltooi nie, omdat elke nuwe situasie en elke nuwe praktyk weer die proses van praktiese teologie laat begin. Elke nuwe situasie en elke nuwe praktyk vra dat daar weer gereflekteer word oor Christenpraktyke, teologiese raamwerke weer gestruktureer word, aksies voortdurend geëvalueer word en ons weer die beste manier probeer vind om getrou te bly aan God se wil (Dean, 2001: 281). Dean (2001: 32) sê dat ons nooit weer terugkeer na dieselfde plek in ons reis nie. Praktiese teologie dwing ons om nuwe maniere te vind om geloof te leef en Christenpraktyke in nuwe situasies en met nuwe norms te heridentifiseer in ’n poging om die mens se wil en aksies nader aan die wil en aksies van God te bring. In die konteks van jeugbediening word daar onder hierdie taak gesoek na die mees relevante manier om op die mees verantwoordelike en eerlike manier die evangelie van Jesus Christus aan die jeug te bring en te toon in elke nuwe situasie en met elke nuwe praktyk, so ook deur die gebruik van Facebook.

2.3.2 Die verband tussen Jeugbediening en Praktiese Teologie

In hierdie afdeling gaan die verband tussen jeugbediening en praktiese teologie in meer diepte bespreek word. Tot hier is na jeugbediening net verwys as ’n dissipline wat gebruik maak van die benadering van praktiese teologie omdat die taak van praktiese teologie ook die taak van jeugbediening is. Volgens Read (2014) van youthmin.org is dit egter onmoontlik om die bestaan van jeugbediening as ’n dissipline op sy eie te bewys deur slegs gebruik te maak van die Skrif. Read (2014) voel dat ons moet besef dat jeugbediening slegs bestaan omdat ons kultuur, ’n groep jongmense geskep het, wat ons adolessente noem. Jeugbediening is dus die kerk se missionêre respons, op die roeping om hierdie groep, adolessente, te bereik met die goeie nuus van Jesus Christus. Die teologiese benadering wat dus tot jeugbediening gevolg moet word, is ’n doelgerigte teologiese benadering wat ons in hierdie roeping kan bystaan en wat ons dus as praktiese teologie beskryf.

Met alles wat reeds oor praktiese teologie gesê is, kan daar egter genoem word dat daar nie ’n skerp skeidingslyn tussen praktiese teologie en die dissipline van teologie oor die algemeen is nie. Alle teologie is in diens van die gemeenskap van heiliges en daarom kan gesê word dat alle teologie om daardie rede prakties van aard is (Ballard, 1992: 142). Browning (1991: 14) beskryf teologie as “fundamentally practical” en sê dat historiese en sistematiese teologie die groter onderneming van praktiese teologie ondersteun en begrond. Praktiese teologie soek na die werk van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

God in en deur die Christen lewe soos dit plaasvind. Historiese of sistematiese teologie, soos Dean (2001: 31) dit beskryf, soek na die werke van God deur buite die Christen lewe te staan en algemene temas, tradisies en tekste te bestudeer. Historiese en sistematiese teologie is wel noodsaaklik omdat hierdie dissiplines juis ook jeugbediening binne ’n breër teologiese en historiese konteks plaas. Praktiese teologie is egter meer as net die toepassing van historiese en sistematiese teologie. Dean (2001: 32) beskryf praktiese teologie as skeppend van aard: praktiese teologie neem die waarnemings van ander teologiese dissiplines om te soek na ’n vars verstaan van God in elke nuwe konkrete situasie waarin ons geroep word tot aksie. Praktiese teologie help jeugbediening om, deur dialoog met ander dissiplines binne en buite teologie, te reflekteer oor die transformerende werk van God deur die gemeenskap van heiliges sodat strategieë geformuleer kan word om aan hierdie transformerende werk van God deel te neem.

Dean (2001: 20-21) verduidelik met die voorheen bespreekte model en beskrywings van praktiese teologie hoe hierdie dissipline van belang is vir jeugbediening. Die aard en taak van praktiese teologie beïnvloed die manier waarin ons die konteks van bediening aan die jeug benader en dit probeer verstaan. Clark (2008: 13) skryf hoe belangrik praktiese teologie vir jeugbediening is deur te sê dat praktiese teologie by die “wie” en “waar” begin, getrou is aan die skrif en tradisie van ons geloof en aksie stappe vir elke gemeente probeer voorstel waardeur hulle getrou kan wees aan die wil van God vir hulle verskillende praktyke. Dus kan ons die vrae van praktiese teologie vir jeugbediening vra: Wat gaan aan? – Hoe kan ons die konkrete situasie beskryf waarin en waarna God ons roep tot bediening aan die jeug? Wat doen ons? – Hoe moet die bediening aan die jeug lyk as ons die konkrete situasie wat beskryf is in ag neem? Hoe goed doen ons dit gemeet aan God se standaarde? – Hoe word die wyse van jeugbediening en die benadering wat gevolg word tot jeugbediening krities verdedig vir die konkrete situasie wat beskryf is? Hoe kan ons dit beter doen? – Watter benaderings, strategie en bronne moet gebruik word in hierdie konkrete situasie om die Evangelie op die beste manier moontlik aan die jeug te kommunikeer?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.4 Slotopmerkings

Die term “jeugbediening” en die verstaan daarvan bestaan slegs a.g.v. die taak van praktiese teologie. Jeugbediening is nie ’n model tot die evangelisering of bediening van adolessente nie, maar die kerk se missionêre respons op ’n veranderende wêreld. Die feit is dat God na mense kom deur ander mense. So sluit God ook jongmense in in Sy koms na mense en deur mense (Nel, 1999: 5). Die hoop is dat dit duidelik is dat die dissipline van praktiese teologie nie net geskik is vir die doen van jeugbediening as gevolg van sy noue verbinding tot die soeke en nadenke oor God se aktiwiteit in hierdie wêreld maar dat daar ’n noodsaaklike verband tussen praktiese teologie en jeugbediening bestaan. Weer word bevestig dat verskillende praktiese teoloë die taak van praktiese teologie op verskillende maniere sal definieer en benoem, maar in hierdie studie word die verband tussen praktiese teologie en jeugbediening as onlosmaaklik beskou.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 3: Teologiese begronding van verhoudingsgerigte jeugbediening

3.1 Inleiding

Aan die begin van hierdie afdeling word gestel dat verhoudingsgerigtheid binne jeugbediening nie nuut is nie en dus nie totaal afwesig was in die verlede, soos afgelei kan word uit die kort historiese oorsig voor hierdie hoofstuk nie. Die feit dat hierdie benadering vandag so prominent is in jeugbediening, kan egter nie verklaar word sonder om te erken dat jeugbediening in die verlede nie soveel moeite daarmee gemaak het nie (Nel, 1999: 9). Met hierdie afdeling word aandag gegee aan Dean (2001: 223) se derde taak van praktiese teologie: bepaling van teologiese vertrekpunte. As die gebruik van Facebook as bedieningsmedium vir die bevordering vir ’n verhoudingsgerigte jeugbediening geëvalueer gaan word in hierdie studie, moet die normatiewe taak van praktiese teologie, soos deur Osmer (2008: 129) beskryf, opgeneem word. Die teologiese konsep van die verbondsmatige werk van God en die inkarnasie van Jesus Christus gaan gebruik word om die verhoudingsgerigte benadering tot jeugwerk teologies te begrond. Hierdie afdeling sal poog om die teologiese vertrekpunte, gegrond in die normatiewe bronne (Skrif en Tradisie) (Hendriks, 2004: 24) te bepaal wat ons praktyk binne jeugbediening, selfs t.o.v. Facebook, kan lei.

3.2 Verhoudingsgerigtheid binne jeugbediening

Nel (1999: 159) stel dat die aard van jeugbediening primêr “verhoudingsgerig” is. (“Relationeel” is die woord wat Nel [1999: 159] vertaal vanaf die Engelse woord, “relational”, wat as sinoniem vir “verhoudingsgerig” gebruik word). As bogenoemde nie die geval was in die beginjare van jeugbediening as ’n georganiseerde en ouderdomsgerigte bediening nie, is dit wel nou die geval. Die werk van Root (2007: 28) en Nel (1999: 55) wat aan die begin van hierdie hoofstuk aangehaal is, vertel hoe jeugbediening as die ouderdomsgerigte bediening wat ons nou ken, ontstaan het. Root (2007: 21) skryf spesifiek oor hoe verhoudingsgerigtheid binne jeugbediening toegeneem het. Dit is nie nodig om weer die geskiedenis van jeugbediening hier te noem nie, maar wel om net terug te verwys na die tydperk en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

konteks waarin verhoudingsgerigtheid die primêre benadering van jeugbediening geword het.

Met die koms van industrialisasie is die eerste Sondagskool natuurlik gebore (Root, 2007: 21; Canister, 2001: 77; Nel, 1999: 55). Hierdie benadering is deur kerke aangeneem as geleentheid om jongmense betrokke te kry by die gemeenskap van gelowiges en so ook te lei tot ’n verhouding met hulle Redder. Hierdie benadering tot Sondagskool is natuurlik aangepas met die verdere impak van modernisasie op die samelewing, soos vroeër bespreek. Wat hier van belang is, is om te noem dat verhoudingsgerigtheid in jeugbediening die uiteindelike respons was op ’n samelewing waarin die jeug al hoe meer geïsoleerd geraak het van ander generasies en sosiale instellings soos die huisgesin, werk en kerk. Die grootste impak wat modernisasie gehad het, was die skep van nuwe sosiale instellings, soos hoërskool en die subkulture wat daarmee gepaard gegaan het. Nie net is nuwe sosiale instellings geskep of ou instellings, soos familie, verander nie, maar hierdie instellings het ook van mekaar geïsoleer geword. Jongmense het in die hoogtepunt van modernisasie ’n wêreld betree waar die instellings van kerk, werk, skool, familie ens. van mekaar geskei is en waar intimiteit binne verhoudings afgeneem het. Binne hierdie konteks kan en moet individue self verhoudings kies om aan behoeftes soos intimiteit te voorsien (Root, 2007: 40). Hierdie nuwe tendens om self verhoudings te kies en die behoefte aan intimiteit in selfgekose verhoudings te bevredig, is aangegryp deur persone soos Jim Rayburn en sy organisasie *Young Life* (Nel, 1999: 51). *Young Life*, het die modus van jeugbediening vir altyd verander deur die filosofie van verhoudingsfokus in jeugbediening (Root, 2007: 51). Rayburn se filosofie oor jeugbediening het die “kom-na-ons”-benadering van jeugbediening, wat die jeug probeer lok met aktiwiteite ens., verander na ’n “ons-gaan-na-jou”-model. Rayburn was van mening dat die evangelie aan die jeug gekommunikeer moet word deur die evangelie na die jeug te neem deur die voorbeeld van ons lewens en tweedens deur ons woorde - met ander woorde: met die bou van hegte verhoudings met die jeug. Soos genoem in die vorige hoofstuk (Root, 2007: 40), het Rayburn die inkarnasie van Jesus Christus as sy vertrek- punt geneem. Verhoudingsgerigtheid in jeugbediening is gebou op die verstaan dat God mens geword het deur Jesus Christus sodat God in verhouding met ons kon leef en in ons leefwêreld die evangelie kon wys en kommunikeer. Dit beteken dat die woord- verkondiger, die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

jeugwerker in hierdie geval, net so ook die leefwêreld van die jeug moet betree om die evangelie aan die jeug op ’n kontemporêre en relevante manier te kommunikeer. Hierdie kommunikasie geskied deur woord en leefstyl, in en deur betekenisvolle verhoudings (Root, 2007: 21).

Nel (1999: 160) gaan sover as om te sê dat geloof volgens 'n bepaalde manier slegs as verhoudings beskryf kan word en dat enige benadering tot jeugbediening geen verskil sal maak as die belangrikheid van verhoudings nie ernstig opgeneem word nie. Geloof is volgens hom ’n verhoudingsmatige gebeurtenis wat beleef word deur ons verhoudings met ander. Met so ’n sterk klem op verhoudings, is hy egter nie die enigste skrywer wat literatuur oor die verhoudingsgerigte aard van jeugbediening produseer nie. So vroeg soos 1972 word die klem op verhoudings binne jeugbedieningsliteratuur geplaas deur skrywers soos Lawrence Richards. Met die jare het verskillende skrywers op verskillende aspekte van verhoudingsgerigte jeugbediening gefokus. Selfs in die bekende werk van Fields (1998: 103), *Purpose Driven Youth Ministry*, kan die fokus op verhoudings gesien word soos hy die leser begelei met ’n aksieplan om ’n jeugbediening te vestig, te vorm en te laat groei. Dean (2004: 29) skryf oor die teologiese begronding van jeugbediening en sê dat jeugbediening ook nie net binne die dissipline van opvoedkunde, sielkunde of sosiale ontwikkeling geplaas moet word nie, maar dat jeugbediening vanuit ’n praktiese teologiese perspektief benader moet word. Dean (2004: 222) kom tot die slotsom dat die fokus op verhoudingsgerigtheid die sleutel is tot gemeenskap en die uitleef van passie deur die jeug in diens van die koninkryk. Dean & Root (2012: 139) skryf weer saam met ’n spesifieke teologiese fokus oor die praktyke van jeugbediening, met verhoudingsgerigtheid as agtergrond. Hulle behandel temas wat strek van sending en uitreik tot naweek- wegbreke met jeug en gee ook teologiese refleksie oor temas soos seksualiteit, genesing en hemelvaart. Root (2007: 21, 2013: 17) ondersoek spesifiek verhoudingsgerigte jeugbediening in verskeie van sy werke en lewer spesifiek kritiek op die aard van verhoudings binne verhoudingsgerigte jeugbediening. Vir hom gaan verhoudings binne verhoudingsgerigte jeugbediening oor die interaktiewe verhouding tussen een persoon en ’n ander persoon waarin die gemeenskap van Jesus Christus beleef kan word. Hierdie verhoudings tussen een persoon en ’n ander persoon moet volgens Root (2013: 17) nie ’n middel tot ’n doel wees nie, maar die doel self wees. Verhoudings moet gefokus wees op die persoon

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

as ’n volledige persoon met hartseer, hoop en vreugde en nie net as ’n gebruiker van die kerk se programme en bedienings nie.

Dit blyk uit die literatuur dat verhoudingsgerigtheid binne jeugbediening nie een van vele benaderings is waarvan jeugwerkers in die doen van jeugbediening kan kies nie, maar dat verhoudingsgerigtheid tans as die primêre aard van jeugbediening beskou moet word. Vervolgens sal ’n teologiese grondslag van verhoudingsgerigte jeugbediening daargestel word deur die bespreking van verbondsteologie en die inkarnasie van Jesus Christus.

3.3 Teologiese grondslag van verhoudingsgerigtheid

Daar is reeds by twee geleenthede verwys na Jim Rayburn en sy verhoudingsgerigte benadering to jeugbediening (Nel, 1999: 55; Root, 2007: 40). Rayburn het hierdie benadering van hom gegrond in die inkarnasie van Jesus Christus wat na die mens gekom het en in verhouding met die mens geleef het om op hierdie manier, op ’n relevante en effektiewe wyse, die evangelie aan die mensdom te kon verkondig en te wys deur betekenisvolle verhoudings met Sy volgelinge. So belangrik soos die inkarnasie van Jesus Christus is, moet dit gesien word in die konteks van God se getroue verbond en verbintenis met die mens.

3.3.1 Die verbond

Nel (1999: 14) is van mening dat die inkarnasie van Jesus Christus eerstens verbondsmatig verstaan moet word. As ons die inkarnasie van Jesus Christus as sleutel wil gebruik om te verstaan waarom verhoudings belangrik is, moet ons eerstens na die verbond van God met die mens kyk.

Voor hierdie afdeling oor die verbond van God met die mens verder gaan, moet ’n opmerking of twee gemaak word oor die rol wat die konsep van ’n verbond speel in Reformasieteologie. Die eerste opmerking t.o.v. Reformasieteologie gaan gepaard met Horton (2006: 9) se stelling dat God se wese essensieel verbondsmatig is. Vader, Seun en Heilige Gees lewe in oneindige getrouheid aan mekaar terwyl God verder gaan as die Drie-eenheid wanneer God ’n gemeenskap van wesens skep wat kan dien as ’n reuse voorbeeld van die verhouding waarbinne die Drie-eenheid bestaan. Smith (2003: 11) sê dat die meeste teoloë in die tradisie van Reformasie-teologie erken dat daar ’n verbondsmatige verhouding tussen die Vader en die Seun

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bestaan en sommige erken ook ’n verhouding tussen die drie identiteite van die die Drie-eenheid. Daar is definitief ’n verskil in opinie, maar oor die algemeen word aanvaar dat daar ’n soort verbond bestaan tussen die Vader en die Seun vir bewerking van redding van die wat uitverkies is. In hierdie studie word daar egter nie ’n volledige uitleg gegee oor die verskillende teologiese en antropologies sienings oor die verbondsmatige verhouding wat dalk of dalk nie tussen die persone van die Drie-eenheid bestaan nie. Maar soos Smith (2003: 12) tereg sê, moet ons nie die gevolge van hierdie sienings ignoreer nie, omdat hulle vêrreikend kan wees. As daar wel ’n verbondmatige verhouding tussen die persone van die Drie-eenheid bestaan, behoort dit ’n paradigmatiese verbond te konstitueer. Wat dit beteken is dat, as daar ’n verbondsmatige verhouding tussen die persone van die Drie-eenheid bestaan, dit die voorbeeld is wat geraadpleeg moet word wanneer ons enige ander verbond van God wil verstaan. Om daardie rede sorg dit nie net vir die sleutel tot ons verstaan van sistematiese en Bybelse teologie nie, maar sorg ook vir die essensiële brug tussen die twee dissiplines. Dit sal inderdaad die middelpunt van die Christen-wêreldsiening uitmaak.

Tweedens noem Horton (2006: 9) dat Reformasieteologie net eenvoudig verbondsteologie is. Dit beteken vir hom dat Reformasieteologie besig is met die soeke na die verband tussen verskillende Bybelse lerings en hulle konteks binne verskillende konkrete verbonde wat in die Bybel gevind word. Hierdie siening word geregverdig deur ’n indruk wat geskep is oor Reformasieteologie deur ’n afwatering van Reformasieteologie tot die vyf punte van Calvinisme: “total depravity, unconditional election, limited atonement, irresistible grace, perseverance of the saints.” Reformasieteologie begin by die lewensveranderende ervaring van God se soewereine genade en moet nie deur hierdié vyf punte, of enige ander vereenvoudiging, afgewater word tot die lering van uitverkiesing nie. Die tradisie van die Reformasie wys op ’n ryker, dieper en allesomvattende geloof in die verbondsmatige God van die Bybel. Horton (2006: 10) gaan vêr terug in die geskiedenis vir sy regverdiging vir sy siening dat Reformasieteologie verbondsmatig van aard is deur te verwys na die werk van Mendenhall (1955: 24). ’n Groot bydrae is deur hierdie navorsing gelewer tot die Reformasietradisie se fokus op die tema van die verbond deur merkwaardige oorstemmings te vind tussen die tekste oor formele “treaties” in die Ou Testament en ander antieke Nabye-Ooste geskrifte. Uit

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hierdie werk van Mendenhall (1955:24) word daar gewys dat selfs die twee dele van die Bybel in die Christentradisie slegs die benaming van Ou en Nuwe Testament gekry het as ons toegee dat die verhouding tussen God en mens gevorm is deur ’n verbond. Kline (1994), in Joen (1994: 25), wat ook groot waarde aan die werk van Mendenhall (1955: 24) heg, voeg by dat die geskrifte oor “treaties” in die Ou Testament die mees basiese tekste is. Die Ou Testament se historiese rekords is uitbreidings op “treaty” inleidings wat selfs aan die wetsgeskrif en profesiegeskrifte geheg kan word en wat in beide gevalle gedien het as ’n administratiewe instrument vir die onderhoud van die verbond. Hierdie studie se doel is nie om ’n akkurate geskiedkundige agtergrond van die verbond se rol in Reformasieteologie te gee nie, maar bloot te wys dat die verbond van God met die mens nie net een van menigte teologiese vertrekpunte is wat die navorser kon kies nie. Die verbond is die raamwerk, maar nie die sentrale dogma van Reformasieteologie nie. Verskillende verbonde is waarneembaar en belangrik in verskillende temas, in sommige meer as in ander. Die verbond van redding is prominent in die bespreking oor die Drie-eenheid, Christus as mediator en uitverkiesing, terwyl die verbond van skepping meer voor die hand liggend is wanneer daar gepraat word oor God se verhouding met die wêreld en die mens en die verbond van genade is die duidelikste sigbaar wanneer die tema van versoening en die kerk opgeneem word (Horton, 2006: 21). Maak nie saak uit watter oogpunt ons die rykdom van die Skrif benader nie, ons kan nie ontsnap van die verbond wat God met die mens gesluit het nie.

Met bogenoemde gesprek oor die rol van God se verbondsmatige werk in Reformasieteologie in ag geneem, gaan daar egter in hierdie studie gefokus word op God se transformerende en herstellende verbintenis met die mens deur en in verhoudings. God die skepper is aanhoudend in verhouding met Sy skepping, en al is hierdie verhouding geskend vanaf die mens se kant, het God hierdie verhouding van Sy kant herstel deur die inkarnasie, die lewe, dood en opstanding van Jesus Christus (Nel, 1999: 14). Hierdie geskende verhouding word deur Horton (2006: 8) as ’n web van vertroue beskryf wat baie broos is. Volgens hom is ons in hierdie web aan mekaar verbind deur verhoudings van eerlike kommunikasie en praktiese verpligtinge en wanneer hierdie web genoegsame spanning ervaar, sal verhoudings breek. Daar is van die begin af ’n verband tussen die wet om ons God lief te hê en die wet om ons naaste lief te hê, maar dat ons ook van die begin af in die Bybel lees

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dat mense hulle verhoudings met mekaar laat skade lei as gevolg van hulle onvermoë om getrou te wees aan die God wat ’n verbond met hulle gesluit het. Van nog lank voor Adam af, en terwyl mense hulle beloftes om God en mekaar lief te hê breek, en nog lank daarna is God teenwoordig en sal God nie toelaat dat hierdie web van verhoudings tot niet gaan nie. Die Bybel vertel voortdurend hierdie verhaal van ’n God wat op ’n voortdurende manier reddend en herstellend besig is met wat God geskep het (König, 1991). Hierdie redding en herstel is verhoudingmatig (Nel, 1999: 14) en wat herstel word, is ten diepste verhoudings: die verhouding tussen mens en God, die verhouding tussen mens en mens en die verhouding tussen mens en die skepping. God verbind Homself tot die herstel van verhoudings deur die verbond wat met die mens gesluit word.

Dit is dit egter belangrik om te verstaan wat met verbond bedoel word. Die konsep van ’n verbond word verbind aan die mees algemene Hebreeuse woord wat daarvoor gebruik word: “*berit*”. Wat dit egter beteken is ’n tweesydige verhouding van beloftes of verbintenisse wat nie noodwendig regverdig is nie. Horton (2006: 8) beskryf die twee verskillende tipes verbonde wat hoofsaaklik in die Bybel gevind word as: unilaterale verbonde van opdragte en beloftes en verbonde waarin twee partye met gelyke belange aan mekaar verbind word. Hierdie studie is egter nie ondersoek in die veld van verbondsteologie nie en gaan daarom slegs genoem word, soos Smith (2003: 26), dat daar drie elemente in die sluit van enige verbond is: die ooreenstemmende partye, die belofte en die voorwaarde. Hierdie drie elemente is natuurlik aanwesig in God se verbond met die mens, selfs al is dit eensydig.

Die verbond van God met die mens tref ons al vroeg in die verhaal van die Bybel aan in die storie van Abraham. God neem inisiatief en God volhard tot aan die einde in sy verbintenis met die mens in ’n verbond waar die verantwoordelikheid nie deur altwee partye gelykmatig gedra word nie. Volgens Nel (1999: 14) is dit hierdie verbond met en verbintenis tot die mens wat as kern dien vir die teologiese grondslag vir jeugbediening. God wil vir die mens en deur die mens vir sy nageslag bekend word (Gen. 12; 17; 22:18, Gal 4). Dit is hierdie feit wat jeugwerk nie net verhoudingsgerig van aard maak nie, maar ook missionêr. Die inkarnasie van Jesus Christus skakel dan in by hierdie getroue verbond en verbintenis van God aan die mens. Die reaksie van die mens op hierdie ongelyke verbondsmatige verhouding wat God met die mens het maak geen verskil aan die getrouheid van God nie en dit

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

is wat juis gedemonstreer word in en deur die inkarnasie van Jesus Christus. Hy bewys sy liefde juis daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was (Rom 5:8). Hierdie verbond van God met die mens word voortgesit met die koms van die Heilige Gees. Die mens, wat geen bydrae gehad het in die plaasvervangende offer van Jesus nie, word nou opgeneem in hierdie voortgaande herstel van verhoudings deur die Heilige Gees. Dit is nie net merkwaardig dat die almagtige God die mens geskep het en steeds onderhou deur Sy genade nie, maar dat God met die mens deur ’n verbond ’n vennootskap, selfs ’n ongelyke een, sluit om God se geregtigheid en genade aan die res van die skepping te wys (Horton, 2006: 10). “Jeugbediening trek nie maar net voordeel uit hierdie waarheid nie. Dit wortel hier. God het die verhouding gevestig. In Christus deur Sy Gees.” (Nel, 1999: 15)

Die verbondsmatige verhouding van God met die mens is op ’n spesiale manier aan die mens geopenbaar deur die inkarnasie van Jesus Christus. Joen (2004: 25) sê dat die aktiewe gehoorsaamheid van Jesus die vervulling van die verbond se eise is. Deur die passiewe gehoorsaamheid van Jesus is ons vergifnis vir ons sondes bewerkstellig. Jesus se werk bewerkstellig nie net die vergifnis van sondes en laat die mens weer in ’n posisie om homself skuldig te maak aan verdere sondes nie, maar Jesus oorwin ook die dood en gee aan die mens daardeur die beloning van God. In die volgende afdeling sal die relevansie van die inkarnasie vir die teologiese begronding van jeugbediening bespreek word.

3.3.2 Die inkarnasie van Jesus Christus

As die verbondsmatige verhouding van God met die mens die fondament van die teologiese begronding van verhoudingsgerigte jeugbediening is, moet die inkarnasie van Jesus Christus as die hoeksteen van die teologiese grondslag vir verhoudingsgerigte jeugbediening gesien word

Die inkarnasie van Jesus Christus as deel van God se verbond met die mens is ’n besondere openbaring. Dit dien as normatiewe bron en sleutel wat ons help om die belangrikheid van verhoudings in ons benadering tot die jeug te beklemtoon. Deur die lens van die verbond wat God met die mens gesluit het, ons ryk Christelike tradisie en die Bybel as normatiewe bron (Hendriks, 2004: 29), kan ons verstaan waarom die inkarnasie belangrik is: die inkarnasie gaan nie oor invloed nie, maar oor teenwoordigheid (Root, 2007: 79). So lank terug soos die 1980’s kan die invloed wat

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die inkarnasie in die benadering tot pastoraat het waargeneem word in die werk van Anderson (1984: 239-240). Die kerk het natuurlik in die verlede baie verskil oor die die aard van die inkarnasie, maar Anderson (1984: 240) sê dat die benadering tot pastoraat vry is van hierdie verskille. Die gebruik van die inkarnasie as teologiese vertrekpunt binne pastoraat, lewer dieselfde resultate in jeugbediening: die inkarnasie vereenselwig die pastor met die teenwoordigheid van Christus of, in die geval van jeugbediening, die jeugwerker met die teenwoordigheid van Christus. In meer onlangse literatuur oor pastoraat kan gesien word hoe die inkarnasie steeds ’n invloed het in ons verstaan van bediening. Gula (2010:18) beskryf hoe God nie net opgeleide pastorale versorgers gebruik om na die mens te kom nie, maar dat daar eindelose mediators is wat opgeneem word in God se koms na die mens. Voorbeelde wat hier genoem kan word is die manier hoe familie en vriende diegene bystaan wat deur moeilike tye gaan en sê dat hierdie juis die sakramentele aard van die inkarnasie is.

Die tipe verhoudings wat Root (2007: 79) voorstel en bespreek vind byval by die opmerkings wat beide Gula (2010: 18) en Anderson (1984: 240) maak t.o.v. pastoraat. Vir Anderson (1984: 240) gaan verhoudings ook oor meer as net die vermoë om ’n ander persoon te beïnvloed en hy noem dat die gebruik van die inkarnasie gewoonlik op drie konsepte rus: die inkarnasie as gebeurtenis, die inkarnasie as paradigma en die inkarnasie as beginsel. Die inkarnasie eis dus eerstens van ons om ’n relevante en kontemporêre verteenwoordiging van ’n historiese gebeurtenis te wees. Die pastor, of jeugwerker, moet daarom die teologiese taal van ons geloof gebruik om hierdie historiese gebeurtenis te vertaal vir die hede. Tweedens vra die inkarnasie as paradigma dat ons, veral in terme van sorg, ons werk sien as die beliggaming van God op aarde deur Jesus Christus. Gula (2010: 18) voeg by dat pastorale werkers en selfs net vriende en familie hulle teenwoordigheid by dié wat hulp nodig het moet interpreteer en verstaan as God se teenwoordigheid tussen mense wat God nodig het. Die gebruik van die inkarnasie as paradigma hou die werk van die pastor, of jeugwerker, gefokus op die bediening en werk van God. Derdens is dat die inkarnasie meer as ’n paradigma en ’n historiese gebeurtenis; dit is die beginsel en vertrekpunt vir ons verstaan van ’n opgestane Jesus wat steeds teenwoordig is op aarde en steeds na die mens kom en met die mens in verhouding is. Die werk van Anderson (1984: 239-240) en Gula (2010:18)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ondersteun Root (2007: 79) se stelling dat die doel van verhoudings die teenwoordigheid van Jesus Christus is. Root (2013: 270) gebruik die werk van Bonhoeffer (in Clifford ed., 2005: 47-75) om verhoudings te beskryf: verhoudings waar persone saam en vir ander is, is die ruimte waarin God se transendente teenwoordigheid in die wêreld bekend gemaak word. Daarom is verhoudings nie net toerusting wat gebruik moet word om ’n ander persoon te beïnvloed nie, maar eerder die ruimte waarin een persoon deel in iemand ander se eksistensiële belewenis. Hierdie belewenis sluit ’n ander persoon se lyding in, en soos ons die “plek” van ’n ander deel (Stellenvertretung) staan ons saam met Christus in die lewe van die ander persoon.

Christus het nie mens geword om ons te beïnvloed en te oortuig om in Hom te glo nie, maar om te verander wat menswees beteken. Hy kom om te wys wat dit beteken om die lewe voluit te leef in en deur verhoudings, soos Hy en Sy Vader in verhouding is (Roberts, 2010: 5). Die inkarnasie gaan oor teenwoordigheid en beskikbaarheid en nie oor beïnvloeding nie. Root (2007: 92) vul hier aan deur te sê dat die kruis en opstanding van Jesus net so belangrik is soos Jesus se lewe as mens. Die mens het meer as eenvoudige solidariteit nodig, die mens het solidariteit nodig wat lei tot transformasie. Daarom moet verhoudingsgerigte bediening nie net die inkarnasie van Christus reflekteer nie, maar ook die kruis en opstanding van Jesus. Jesus wys dat ons nie net op ’n baie werklike manier die geïnkarneerde, gekruisigde en opgestane God in mens tot mens verhoudings ontmoet nie, maar dat die mens geskep is vir sulke transformatiewe verhoudings. Hierdie transformatiewe verhoudings waarvan Root (2007: 85) praat word egter al hoe meer skaars in ’n wêreld wat al hoe meer individualisties en gefragmenteer word.

Farley (2011: 155) skryf dat die draaipunt van die Christengeloof die inkarnasie van Jesus Christus is wat volledig mens geword het. As ons werklik getrou wil wees aan inkarnasionele teologie moet ons ’n kombinasie van refleksie en aksie gebruik. Farley (2011: 135) stel dit dat inkarnasieteologie in diens van die mens staan. Inkarnasionele teologie wil die mens op ’n holistiese manier bedien deur teologiese refleksie en transformerende aksie. In die konteks van verhoudingsgerigte jeugbediening beteken dit dat ons opgeneem en ingeskakel moet word in hierdie verhoudingsmatige handelinge van God met kinders en jongmense met die wete dat God hom verbondmatig tot handelinge met en deur hulle verbind het (Nel, 1999: 9).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hierdie inskakeling in die handelinge van God met kinders en jongmense en met die wete dat God hom verbondsmatig tot handelinge met en deur hulle verbind het, het praktiese implikasies vir die manier waarop verhoudings benader en verstaan word, veral in ’n verhoudingsgerigte jeugbediening.

3.3.3 Praktiese implikasies vir ’n verhoudingsgerigte jeugbediening

Die verbond wat God met die mens gesluit het en God se getroue uitvoering daarvan, spesifiek deur die inkarnasie van Jesus Christus, is die teologiese begronding vir ’n verhoudingsgerigte benadering tot jeugbediening. Hierdie teologiese raamwerk rig die praxis van en doelgerigte teologiese nadenke oor verhoudings in jeugbediening.

Jongmense het nodig om hul behoefte aan betekenisvolle en sinvolle verhoudings te bevredig terwyl hulle die stormagtige tydperk van adolessensie trotseer. Dit is juis daarom dat die belangrikheid van rolle soos dié van die lede van ’n gemeenskap van gelowiges, jeugwerkers ingesluit, beklemtoon word. Die jeug het in hierdie tydperk meer as ’n dinamiese en charismatiese spreker nodig. Hulle het iemand nodig wat die bogenoemde tipe verhoudings realiteit maak deur saam met die jeug te reis (Clark, 2004: 60). As verhoudingsgerigte jeugbediening dan sy teologiese begronding in die verbondsmatige werk van God en die unieke openbaring van die inkarnasie vind, is die werk van jeugwerkers nie om die jeug te beïnvloed tot ’n lewe van moraliteit en die navolging van sosiaal aanvaarbare gedrag nie. Verhoudingsgerigte jeugbediening word geïnspireer deur die inkarnasie tot méér, tot ’n dieper verbintenis met die jeug, tot verantwoordelikheid vir en die verantwoording van die jeug. God het ons geskep om te smag na samesyn, gemeenskap, familie en na Hom. As skepsels wat na Sy beeld geskep is, smag ons na die drie-enige God wat die verwesenliking van gemeenskap is deur die Vader, Seun en Heilige Gees. As hierdie die tydlose imperatief is, hoekom sal jeugbediening dan net bestaan uit programme wat ontwerp is om ons te laat dink dat ons in verhouding met mekaar leef wanneer ons werklik net konneksies maak en niks meer nie? (Roberts, 2010:9)

Die onderskeid tussen konneksies en verhoudings waarna Roberts (2010: 5) hierbo verwys, word deur Root (2007: 81) verduidelik. Hy sê dat verhoudings in vandag se besige en individualistiese samelewing ongelukkig te veel kere niks meer as slegs “konneksies” is nie. As ons die praktiese implikasies van verhoudingsgerigtheid

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ernstig opneem, sal dit beteken dat ons die grondliggende verskil tussen “konneksies” en verhoudings verstaan. Dit word so beskryf: konneksies kan met enigiemand oor enigiets gemaak word, maar verhoudings vra en bied nie net verantwoordelikheid nie maar toewyding ook. Ons wêreld vertel ons dat konneksies baie voordelig sal wees vir ons loopbane ens. en dat ons daarom soveel as moontlik mense moet leer ken. In konneksies is daar geen fondament of diepte nie, maar in verhoudings is daar verantwoordelikheid. Die doel van verhoudingsgerigte jeugbediening is dus om ’n konteks te skep waarbinne verhoudings met diepte, verantwoordelikheid en toewyding met en tussen jongmense gefasiliteer kan word. DeVries (2008: 140) skryf dat dit nie moontlik is vir een individu, bv. ’n jeugwerker, om met alle jongmense binne ’n betrokke bediening betekenisvolle verhoudings te vorm nie; daarom stel ek graag ’n spanbenadering voor vir verhoudingsgerigte jeugbediening.

’n Spanbenadering

’n Jeugwerker sou moontlik konneksies met die ’n groot aantal adolessente kan maak, maar nie verhoudings soos Root (2007: 81) dit beskryf nie en daarom is die taak van jeugwerkers binne ’n verhoudingsgerigte jeugbediening om ’n ruimte te skep waarin daar wel dieper verhoudings gevorm kan word. Om hierdie ideaal te realiseer kan ’n spanbenadering ideaal wees. DeVries (2008: 140) sê dat dit beteken dat jeugwerkers nie dieselfde as “camp counsellers” is nie, maar dat die rol van jeugwerkers is om die betrokkenheid van ander volwassenes, wat ’n positiewe inset en bydrae tot elke jongmens in ’n gegewe bediening kan maak, te vind en te ondersteun.

Nel (1999: 163-164) noem dat die goue draad van ’n spanbenadering tot jeugbediening al lank deur literatuur oor jeugbediening loop. In verskeie boeke oor jeugbediening word talle hoofstukke gewy aan die jeugwerker en personeel, oor die rol van ouers en die betrokkenheid van ander medewerkers. Nel (1999: 163-164), wys na voorbeelde soos die werke van Ross & Rowatt (1986) en Ross (1988), wat die spanbenadering binne jeugbediening aanbeveel. Meer onlangse voorbeelde is die werk van DeVries (2008: 40) wat stel dat ’n volhoubare jeugbediening nie sal kan bestaan sonder die betrokkenheid van ander nie. DeVries (2008: 40) wy ’n hele hoofstuk aan die onrealistiese soeke na ’n jeugwerker wat die totale verantwoordelikheid vir ’n jeugbediening moet dra en eiehandig betekenisvolle

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verhoudings met die jeug en ouers moet vorm. Fields (1998: 251) skryf in twee hoofstukke hoe jeugwerkers ouers en ander vrywilligers moet inspan om ’n meer doelgerigte en doeltreffende jeugbediening te bestuur. Nel (1999: 163-164) sê dat die verbondsmatige begronding van jeugbediening die besef oordra dat ’n spanbenadering noodsaaklik is vir die volgende doodeenvoudige rede: ons werk nie met ons eie kinders nie. Ouers is die primêre spanmaats in jeugbediening en tree op as fasiliteerders van geloof. Jeugbediening het ’n span nodig wat kan demonstreer dat Christenskap nooit ’n eenmansaak is nie. “Die jeug word binne gesonde verhoudings tot die kweek van gesonde verhoudings begelei. Hierdie begeleiding word meermale nie deur formele oordrag van inligting gedoen nie, maar gebeur die beste vanuit gedemonstreerde gesonde spanverhoudings.” (Nel, 1999: 164)

Die belangrikheid van ’n spanbenadering en gesonde spanverhoudings binne ons benadering tot jeugbediening, is nie net noodsaaklik nie, maar is die verantwoordelikheid van die hele gemeente. In die werk van Senter (2001) waarna in hoofstuk 1 verwys is, waar oor jeugbediening en die kerk geskryf word uit vier perspektiewe wat soms radikaal van mekaar verskil is daar een ooreenkoms tussen al vier. Hierdie ooreenkoms is natuurlik dat jeugbediening en die jeug nie losstaande van die gemeente is of mag wees nie en dat jeugbediening aan die hele kerk behoort. In al vier perspektiewe word ook genoem dat die jeug in ’n spesifieke ontwikkelingsfase is (adolessensie) en dat hierdie fase sekere behoeftes vorendag bring by die jeug. Die aanspreek van jongmense se behoeftes wat ontstaan uit die spesifieke ontwikkelingsfase waarin hulle verkeer, hou nog verdere implikasies in vir ’n verhoudingsgerigte jeugbediening. Hierdie praktiese implikasies sal in die volgende afdeling bespreek word.

Kruis-kulturele sendingwerk

Nel (1999) in Senter (ed., 2001:160) skryf oor die inklusiewe benadering wat gemeentes behoort te hê teenoor die jeug. Hy noem spesifiek dat die jeug nie die kerk van die toekoms is, of ’n slegs ’n aanhegsel van die kerk is nie, maar dat die jeug ’n belangrike deel is van die kerk in die hede. Met hierdie stelling en sy verantwoording daarvoor bedoel Nel (1999) dat die jeug spesifieke behoeftes het, a.g.v. die ontwikkelingsfase waarin hulle hulself bevind en dat die benadering tot die jeug gedifferensieerd-toegespits moet wees. Hierdie afdeling sal die implikasies van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

’n benadering wat “gedifferensieerd-toegespits” is vir ’n verhoudingsgerigte jeugbediening kortliks bespreek.

Ward (1999: 7) skryf oor die inkarnasie van Jesus Christus en die impak daarvan op ons benadering tot jeugbediening. Hy spandeer tyd om om ’n teologiese begronding te gee vir jeugbediening en bespreek spesifiek hoe jeugbediening deel uitmaak van die God se missie in hierdie wêreld en hoe jeugbediening ‘n simbool van die koninkryk van God moet wees. Hy bespreek temas soos die kruis (konteks), vergifnis van sonde (Christelike antropologie), die almagtigheid en nabyheid van God, hoop op die koninkryk (eskatologie) en die Heilige Gees (Pneumatologie). Dit word gedoen in ’n poging om ’n evangelisasiemodel te beskryf wat gegrond is in die koms van God na die mens, gebaseer op die inkarnasie van Jesus Christus. Natuurlik maak die vorming van verhoudings ’n groot deel uit van hierdie inkarnasionele evangelisasiemodel. Dit is nie nodig om weer die teologiese vertrekpunte vir verhoudingsgerigte jeugbediening te stel en te verdedig nie, maar die werk van Ward (1999: 80) gee ’n goeie insig en beginpunt vir die verstaan van die spesifieke behoeftes wat by jongmense mag bestaan a.g.v. die ontwikkelingsfase waarin hulle is. Ward (1999: 80) gee ‘n bespreking oor kultuur en subkultuur, wat hy sien as sleutel tot die vorming van verhoudings met jongmense, veral buite die kerk, omdat jongmense binne die kerk reeds deel is van ‘n bepaalde subkultuur, of dat daar moontlik ’n subkultuur binne die konteks van die kerk geskep is. Dean (2010: 123) beklemtoon ook die belangrikheid van kultuur wanneer sy skryf dat mense die beste vertalers van die evangelie is. Hierdie vertaling behels die oordra van geloof van een generasie na ’n volgende deur en in verhoudings. Dit is slegs binne verhoudings waar die kultuur, taal, belangstelling en behoeftes van ander, veral adolessente, waargeneem kan word. Binne verhoudings met adolessente kan ons leer hoe om die evangelie op relevante maniere te kommunikeer. Mueller (2006: 185) gaan selfs so vêr as om voor te stel dat jeugbediening benader moet word as kruis-kulturele sendingwerk.

Twee roetes kan geneem word om die kultuur van adolessente beter te verstaan. Die roete wat in hierdie studie geneem word, is die studie van ontwikkelingsteorie wat meer ouderdom gefokus is en poog om te verstaan wat die algemene behoeftes, vermoëns en struikelblokke is van individue van dieselfde ouderdom. Die ander roete is deur die studies van generasies. Generasie navorsers gebruik jaar van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

geboorte om individue te groepeer. Navorsing in hierdie veld argumenteer dat persone in dieselfde generasie oor die algemeen beïnvloed is op dieselfde maniere deur dieselfde magte soos die invloed van ouers, portuurgroep, media, ekonomie en sosiale gebeure. Hierdie magte skep ’n gedeelde waarde stelsel wat een generasie onderskei van ander generasies. Die kritiek is egter dat hierdie tipe navorsing hoofsaaklik staatmaak op nie-empiriese bronne en “cross-sectional” studies. “Cross-sectional” navorsing sukkel egter om die verskil tussen ouderdom en generasie aan te dui. (Parry, 2014: 69-70) In hierdie studie word daar egter meer gefokus op ouderdom gebonde navorsing in die veld van ontwikkelingsteorie. Adolessensie in die veld van ontwikkelingsteorie sal in hoofstuk 4 bespreek word, maar hieronder sal ’n paar nuttige opmerkings oor die huidige generasie adolessente uit die veld van generasie studies gemaak word.

Mueller (2006:185) se benadering is gegrond in die siening dat die huidige generasie adolessnte, die “Millennial” generasie (gebore tussen 1993-2003) beïnvloed word deur ’n wêreldbeeld wat onderskei kan word van modernisme; ’n wêreldbeeld wat nog nie tot sy volheid ontwikkel het nie, maar wat reeds spesifieke en besonderse kenmerke openbaar. Mueller (2006: 185) sluit aan by Ward (1999: 80) in sy siening oor die belangrikheid van kultuur en subkultuur wanneer hy sê dat hierdie wêreldbeeld, wat deur die kultuur van die “Millennial” generasie geskep word en wat op sy beurt weer die kultuur van die “Millennial” generasie verander, saam met die kultuur ondersoek en verken moet word ten einde die goeie nuus van die Evangelie effektief te kommunikeer. Mueller (2006: 88) noem die wêreldbeeld van die “Millennial” generasie: “post-modern”. Volgens hom is sommige van die kenmerke van hierdie wêreldbeeld en die kultuur wat daarmee gepaardgaan:

- Gebrek aan ’n morele kompas
- Kulturele diversiteit
- Pluralisme en verdraagsaamheid
- Gebroke verhouding
- Media invloed
- Ervaring- eerder as gevoel-gedrewe
- Verdag oor die waarheid
- Oordonderende hoeveelheid opsies
- Deurtrek met geweld
- Gedruk vir tyd en haastig
- ‘Street smart’
- Behep met voorkoms
- Moedeloos en hopeloos

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Diep spiritueel
- Roepend na redding

Dit is egter belangrik om te noem dat die onderskeid en beskrywing van ’n generasie altyd die onderwerp van sosiologiese en antropologiese debat is en daarom kenmerk ander navorsers die huidige generasie van jeug op ander maniere. Die konsep van ’n modelpersoonlikheid vanuit sosiologie en antropologie is lank reeds in gebruik om die sentrale tendense van die persoonlikheid se karaktertrekke in ’n gegewe groep of populasie te beskryf. As onthou word dat daar baie variasie binne ’n groep is en as die modeltendense as stereotipes nie te rigied gehou word nie, kan veralgemenings help om ’n generasie te verstaan (Taylor, 2005: 99).

Taylor (2005: 99) is van mening dat vorige generasies se modelpersoonlikheid baie akkuraat en betroubaar bepaal en beskryf kon word, maar dat dit egter nie die geval is met die huidige groep jongmense nie. Die groep gebore tussen 1993-2003 word ook deur hom “Millennial” genoem, alhoewel hy hierdie generasie anders kenmerk as Mueller (2006: 88). Taylor (2005: 99) se kenmerke van die “Millennial” generasie bevat die volgende:

- Akademiese onbetrokke en agterlosig
- Lae belangstellings in hulpprofessies
- Beleef geweldige stress
- Tegnologies geletterd

Wat by beide Mueller (2006: 170) en Taylor (2005: 105) duidelik is, is dat hierdie “Millennial” generasie, met ’n postmoderne wêreldbeeld, benader moet word met spesiale agting vir hulle behoeftes, waardes en gewoontes. Die fokus op verhoudingsgerigtheid binne jeugbediening forseer ons om hierdie behoeftes, waardes en gewoontes van jongmense in ag te neem wanneer daar gepoog word om meer as net konneksies met jongmense te vorm. Dit is juis in ag neming en bepaling van jongmense se behoeftes, waardes en gewoontes wat die kern uitmaak van ’n kruis-kulturele benadering tot jeugbediening. Cosgrove et al. (2005: 4) beskryf kruis-kulturele sendingwerk as ’n beweging van een kultuur na ’n ander. ’n Bybelse interprestasie van hierdie term verwys na ’n interpreterende taak om te bepaal hoe persone van ander kulture of subkulture, soos adolessente, die Bybel en Christen tradisie verstaan. Peace (2012: 21) sê dat hierdie interpreterende beweging slegs

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

moontlik is wanneer ons bereid is om ons gemaksone te verlaat en oor taal en kultuur en selfs geografiese ligging te beweeg om die boodskap van Christus te deel.

Die navorser weet dat die aanneem van verhoudingsgerigtheid binne jeugbediening waarskynlik baie praktiese implikasie sal hê. Die twee implikasies waarop hierbo gefokus is, is spesifiek genoem vir die relevansie daarvan tot hierdie studie. Hierdie studie oor die gebruik van Facebook as bedieningsmedium kan lig werp op die kruis-kulturele konteks wat t.o.v. jongmense betree moet word en moontlik ook die teenwoordigheid of slegs die potensiaal van ’n spanbenadering binne ’n spesifieke jeugbediening aandui. Net soos hierdie studie nie alle aspekte van ’n verhoudingsgerigte jeugbediening se teologiese grondslag kan dek nie en waarskynlik iets iewers nagelaat het, is geen benadering tot jeugwerk alomvattend en volmaak nie. Voor hierdie hoofstuk afgesluit word, gaan daar kortliks na kritiek teenoor verhoudingsgerigte jeugbediening gekyk word.

3.4 Kritiek teenoor verhoudingsgerigte jeugbediening

Omdat verhoudingsgerigte jeugbediening as die mees relevante en gewildste benadering tot jeugbediening beskou word deur talle skrywers en navorsers, beteken dit nie dat hierdie benadering nie sonder kritiek is nie. Roberts (2010: 17) gee ’n kort opsomming van die mees algemene kritiek wat gelewer word oor verhoudingsgerigte jeugbediening. In hierdie afdeling sal daardie kritiek genoem word en daarmee gepoog word om ten minste net te toon dat geen benadering tot jeugwerk sonder slaggate is nie.

Die eerste punt van kritiek wat deur Roberts (2010: 18) genoem word, is dat die realiteit van verhoudingsgerigtheid binne ’n betrokke jeugbediening baie afhang van die persoonlikheid van die verantwoordelike persoon of jeugwerker. As die jeugwerker of ander verantwoordelike persoon baie skaam is en moeilik met vreemdelinge praat, sal daar waarskynlik geen betekenisvolle verhoudings binne ’n jeugbediening gevorm kan word nie. Hierdie kritiek kan moontlik deur die spanbenadering wat vroeër genoem is, aangespreek word. Dit is nie moontlik vir een persoon om dieper verhoudings met alle lede van ’n jeugbediening te vorm nie en daarom is die betrokkenheid van ander lede nodig. Die jeugwerker of

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verantwoordelike persoon se rol is om as verhoudingsfasiliteerder op te tree en te help dat betekenisvolle verhoudings tussen en met jongmense gevorm word.

Roberts (2010: 17) noem tweedens dat die fokus op verhoudings moontlik kan lei tot uitbranding a.g.v. die hoë vlakke van toewyding wat nodig is om betekenisvolle verhoudings te vorm en te onderhou. Kageler (2010: 8) skryf in ’n studie in diepte oor die voorkoms van uitbranding by jeugwerkers: uitbranding word nie gelys as ’n spesifieke kondisie in die *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders*, soos bv. depressie, nie en daar is ook nie ’n voorskrif wat gekry kan word vir uitbranding nie. Daar is egter konsensus oor hierdie term bereik deur die algemene gebruik van die *Maslach Burnout Inventory* (MBI). MBI stel dit dat uitbranding ’n multi-dimensionele saak is. Dit is die uitgestelde respons op chroniese emosionele en interpersoonlike stressors van ’n beroep en word gedefinieer deur die drie dimensies van sinisisme, moegheid en onproduktiwiteit. Nel (1999: 120;130), DeVries (2008: 107), Fields (2002: 63) en nog vele meer skryf oor die gevaar van uitbranding en gesonde geestelike dissiplines en gewoontes wat uitbranding kan verhoed. Hierdie gewoontes en dissiplines word op verskillende wyses deur verskillende skrywers behandel en herhaal. Die mees algemene herhalings is die vestiging van genoegsame geestelike en emosionele ondersteuning en, natuurlik, die selfdissipline van rus.

Nog ’n punt van kritiek wat Roberts (2010: 19) noem is dat ’n jeugbediening wat verhoudingsgerig is se leeftyd waarskynlik sal afhang van die leeftyd van die jeugwerker. Dit is ongelukkig die geval in te veel gemeentes dat jeugwerkers baie vinnig roteer en wanneer die jeugwerker by die kerk se deur uitstap, die betekenisvolle verhoudings saam met hom/haar gaan. Hierdie kritiek is baie geldig en behoort enige gemeente en jeugwerker te laat nadink oor posbeskrywings, vergoeding en roeping.

Die belangrikste kritiek wat deur Roberts (2010: 19) genoem word as ’n moontlike slaggat binne verhoudingsgerigte jeugbediening is die teenwoordigheid van verskuilde agendas. Hierdie moontlikheid word deur Root (2007: 81) aangespreek. Vir hom is dit belangrik om te weet dat verhoudings binne ’n verhoudingsgerigte jeugbediening nie ’n middel tot ’n doel is nie. Verhoudings word nie gevorm met jongmense sodat hulle beïnvloed en geleer kan word wat die verwagte gedrag binne

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

’n spesifieke konteks is nie. Die vorming van ’n betekenisvolle en transformatiewe verhouding is die doel van verhoudingsgerigte jeugbediening. Root (2006: 272-273) skryf oor die probleem van ’n verhoudingsgerigte jeugbediening wat gefokus is op die beïnvloeding van tieners en sê dat so ’n bediening, wat dalk voorkom as verhoudingsgerig, die moontlikheid vir verhoudingsgerigtheid vernietig. Deur die geskiedenis van jeugbediening het jeugwerkers en ander verantwoordelike persone reeds die belangrikheid van vertroue in hulle omgang met die jeug waargeneem. Met die ontwikkeling van jeugbediening as ’n georganiseerde en ouderdomsgerigte bediening, soos dit nou bekend is, het die fokus al hoe meer op hierdie vertroue binne verhoudings geval, maar verhoudingsgerigtheid is as ’n strategie gebruik om die jeug vir Christus te wen. Hierdie strategie, wat selfs vandag nog gebruik word, sien verhoudings slegs as die medium waardeur die jeug beïnvloed kan word tot ’n verhouding met Jesus Christus. Root (2006: 272-273, 2007: 81) sê dat wanneer invloed die hooffokus en doel van verhoudings word, is die persoon, in die geval van jeugbediening is dit die jongmens, nie meer belangrik nie, maar is dit slegs hulle vermoë om te kies om by ’n gemeente betrokke te wees wat as belangrik beskou word. Die verhoudingsgerigtheid word dus vernietig deurdat hierdie benadering die jeugwerker of ander verantwoordelike persoon vrystel om van die verhouding met die jeug te onttrek wanneer ’n adolessent nie “gewen” kan word nie. Hy maak staat op die konsep van “place-sharing,” wat gegrond is in die teologie van die kruis. Christus het mens geword, nie om die mens te beïnvloed of te “wen” nie. As dit die geval was, sou dit nie nodig wees vir God om mens te word en in ons pyn en lyding te deel nie. Die menswording van Christus wys ons dat God meer as net invloed oor die mens wil hê. Bonhoeffer (1966: 71) sê dat God ons wil verteenwoordig, in ons plek wil staan, in ons lewens wil deel in sy volle tragedie, pyn en dood. Dit is slegs deur die verteenwoordiging van ons, in die menswording saam met ons, dat ons ook mens kan wees en daarom ook in verhouding met God kan staan. Verhoudings moet meer as ’n middel wees, verhoudings moet die doel wees. Dit is die doel van God se bediening deur die inkarnasie. Teen hierdie slaggat kan daar slegs gewaak word wanneer die hele span wat betrokke is by ’n spesifieke jeugbediening die benadering en begronding van verhoudingsgerigtheid verstaan, dit begryp en daarby inkoop.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.5 Slotopmerkings

Hopelik kan daar uit die kort historiese oorsig van jeugbediening en die bespreking van praktiese teologie in hoofstuk 2 ‘n verband tussen hierdie twee dissiplines gesien word. Dit is baie belangrik om te verstaan dat jeugbediening binne die dissipline van praktiese teologie geplaas word omdat jeugbediening in essensie met dieselfde vrae as praktiese teologie gekonfronteer word in sy soeke na die koms van God na die mens en deur die mens. Hierdie koms van God na die mens en deur die mens moet in konteks van God se verbond met die mens verstaan word. God se voortdurende getrouheid aan sy verbond met die mens is uit die aard van die saak ’n verhoudingsgerigte aktiwiteit. God se herstel vind plaas binne verhoudings en deur verhoudings. Die verhoudings wat in die doen van verhoudingsgerigte jeugbediening gesoek word, is transformatiewe verhoudings. Transformatiewe verhoudings is verhoudings van toewyding, verantwoording en verantwoordelikheid teenoor God, mekaar en die skepping in geheel. Die soeke en fasilitering van hierdie lewensveranderende verhoudings het praktiese implikasies vir jeugbediening. Dat daar egter meer implikasies kan wees as wat genoem word, moet ingedagte gehou word. Vir hierdie studie is dit belangrik en relevant om te noem dat verhoudingsgerigte jeugbediening ’n spanbenadering is wat van die hele gemeenskap van heiliges vra dat ons die jongmens se leefwêreld betree met ’n houding van kruis-kulturele sending.

In die hoofstuk wat volg word die relevansie van hierdie studie vir die veld van jeugbediening bespreek. In hoofstukke 2 en 3 is die teologiese vertrekpunte en raamwerk van verhoudingsgerigte jeugbediening behandel. Hoofstukke 4 en 5 sal poog om te verduidelik waarom hierdie studie relevant is vir ’n verhoudingsgerigte jeugbediening.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 4: Die prominensie van verhoudings tydens adolessensie

4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk gaan die ontwikkelingsfase van adolessensie bespreek word met klem op die belangrikheid van verhoudings binne die verskillende fases van adolessensie. Hierdie hoofstuk sal poog om aan te toon dat verhoudings van groot belang is vir adolessente en dat die jeugwerker en sy/haar span ’n groot verantwoordelikheid het om aan hierdie verhoudingsmatige behoeftes te voorsien. Die hoofstuk sal afsluit met ’n bespreking van die moontlike gevolge van ’n gebrek aan gesonde verhoudings tydens die ontwikkelingsfase van adolessensie.

4.2 Adolessensie

Clark (2001: 41-42) sê dat ons beskrywing en verstaan van die jeug in die verlede, nie meer dieselfde is nie, en dalk selfs irrelevant is vir die begrip van adolessensie waarmee kerke te doen het in die begin van die 21ste eeu. Root (2007: 21) skryf dat Stanley Hall se boek, *Adolescence*, wat in 1904 gepubliseer is, die eerste keer is wat hierdie term gebruik is om na ’n spesifieke ontwikkelingsfase in die jeug se lewe te verwys. Adolessensie is egter in die verlede gebruik as sinoniem vir ’n verskeidenheid terms soos tieners, jeugdiges, jong volwassenes ens. Clark (2001: 42) sê dat adolessensie egter verwys na ’n tydperk in ’n jongmens se lewe nadat puberteit bereik is, maar voor enige verhoudings, roepings en ideologiese verbintenisse teenoor jong volwassenheid gemaak is. Tot in die laat 20ste eeu het, het die woord “jeug” verwys na enige persoon wat onervare is en in sy/haar tienerjare of selfs vroeg twintigerjare is. Volgens Clark, (2001: 41) kan die woord “jeug” vandag verwys na enige persoon wat in die fase van adolessensie is. Dit is dan ook die gebruik wat in hierdie studie aangeneem en aanvaar sal word. Die studie van adolessensie as ’n ontwikkelingsfase in die lewe van die jeug is nie baie oud nie en is eers in die 1960’s werklik as ’n definitiewe ontwikkelingsfase erken deur ontwikkelingsielkundiges (Ladame & Perret-Catipovic, 1999: 5).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hierdie stelling laat ons terugkeer na die punt wat Clark (2001: 41) maak in die begin van hierdie afdeling oor adolessensie. Hier moet gestel word dat daar voortdurend en nuut na die ontwikkelingsfase van adolessensie gekyk word. A.g.v. groot kulturele en sosiale verandering in ons samelewing, soos beskryf in hoofstuk 2 se historiese oorsig oor jeugbediening, het die konteks waarbinne adolessente lewe so verander dat daar gereeld teruggegaan moet word na Dean (2001: 35) se eerste vraag van praktiese teologie: wat gaan hier aan? Baie algemeen aanvaarde ontwikkelingsteorieë wat in die middel van die 20ste eeu gebore is, sien die fase van adolessensie as ’n relatiewe stabiele, voorspelbare en ordelike reis na volwassenheid, maar een wat moontlik moeilik kan wees. Clark (2001: 43) sê egter dat navorsers in die drie laaste dekades hierdie ordelike, stabiele en voorspelbare siening van adolessensie uitgedaag het. Wat navorsers gevind het was dat ’n postmoderne kultuur veroorsaak het dat nuwe faktore al hoe groter rol gespeel het in die verstaan van adolessensie. ’n Verandering in kulturele waardes en struktuur, verandering in die tradisionele familie-instelling, nuwe navorsing wat gedoen is oor portuurgroepverhoudings, gender en etniese verskille en selfs nuwe denkrigtings oor moraliteit, karakter en etiek het ‘n al hoe groter rol begin speel in die poging om die aard en proses van adolessensie te probeer verstaan. Ter wille van fokus gaan egter net kortliks na die verskillende teorieë en faktore verwys word wat met ons verstaan van adolessensie kan help, veral binne ’n verhoudingsgerigte jeugbediening.

Die verstaan van die fase van adolessensie, en die adolessente wat tans in hierdie fase is, is noodsaaklik as die missionêre aard van die evangelie in ag geneem word. Clark (2001: 42) sê dat ons moet onthou dat die roeping van die kerk die verhoudingsgerigte oordrag van die evangelie aan adolessente in hulle kulturele en sosiale omgewing is. Daarom moet ons aanhoudend soek na ’n beter verstaan van adolessente en die wêreld waarin hulle leef. In die onderstaande afdeling sal adolessensie dan in die breër veld van ontwikkelingsteorie behandel word met spesiale klem op die taak van adolessensie en die rol van verhoudings binne hierdie ontwikkelingsfase.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.2.1 Adolessensie in ontwikkelingsteorie

Soos reeds genoem, word baie krediet aan Stanley Hall (1904) gegee vir die identifisering en bestudering van adolessensie. Hall (1904) was egter nie die enigste sielkundige met ’n ontwikkelingsteorie nie, maar Hall (1904) het reeds in die 1920’s sy agtergrond in sielkunde gekombineer met Darwin se teorie van ontwikkeling en evolusie (Clark, 2001: 45). Hall (1904) se konsep van adolessensie was die sleutelelement van sy ontwikkelingsteorie: die mens moet ook ’n ontwikkelingsproses deurgaan soortgelyk aan Darwin se evolusionêre proses by die mens. Hall (1904) verwys dan natuurlik na adolessensie. Hierdie teorie is egter nie deur Hall (1904) se portuurgroep aanvaar nie, maar het die deur oopgemaak vir ander ontwikkelingsnavorsers uit die veld van sielkunde om nuwe teorieë te skep wat nie sou staatmaak op Darwinisme nie. Teen die vyftigerjare het persone soos Erik Erikson (1959), in Travers (2006: 42), reeds ’n verband gesien tussen sielkunde en ander sosiale faktore binne die ontwikkelingsfase van adolessensie. Tans word adolessensie met ’n multidissiplinêre benadering verstaan a.g.v. die komplekse aard van die adolessensieproses. Clark (2001: 45) sê dat, soos daar verskille in kultuur is, moet daar nie net van die sielkundige faktore binne die ontwikkeling van die mens kennis geneem word nie, maar ook van die verskillende sosiologiese faktore. Clark (2001: 45) noem dat Santrock (1990: 28-29) ’n redelike aanvaarbare definisie van adolessensie gee: adolessensie is die periode van lewe tussen kindwees en volwassene-wees. Dit is ’n proses wat ongeveer begin tussen die ouderdom van tien en dertien en eindig tussen die ouderdom van agtien en twee-en-twintig, alhoewel dit moeilik is om te definieer wanneer adolessensie eindig. Daar word ook gesê dat adolessensie in biologie begin en in kultuur eindig.

Voor daar verder in hierdie studie oor adolessensie as ’n konsep in ontwikkelingsteorie geskryf word, is dit nodig om hierdie bogenoemde stelling van Santrock (1990: 28-29) kortliks te bespreek. Met hierdie laaste stelling is dit nodig om te noem dat die begin van adolessensie gekoppel word aan sekere merkers van biologiese ontwikkeling, soos puberteit. Alhoewel meeste navorsers in die veld van ontwikkelingsteorie saamstem dat adolessensie met puberteit as ’n spesifieke proses in biologiese ontwikkeling begin, dit steeds moeilik is om presies vas te stel wanneer hierdie proses presies begin. Clark (2001: 45-46) noem dat adolessensie gewoonlik gekoppel word aan die begin van puberteit. Sosiologiese navorsers het

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

egter waargeneem dat die aanvang van puberteit moeilik is om vas te stel en selfs vroeër begin as dertig jaar terug. Ratcliff & Davies, (1991: 430) noem dat navorsers nie noodwendig almal saamstem oor die aantal jare wat die aanvang van puberteit geskuif het nie, maar dat mense vandag definitief vroeër as in die verlede met puberteit begin. Clark (2001: 46) sê dat, omdat die begin van adolessensie gekoppel is aan die begin van puberteit, ons daarom ook kan aflei dat die psigologiese proses van adolessensie ook vroeër as in die verlede begin. Hy som dit as volg op: Die aanvang van adolessensie word dus gekenmerk deur ’n fisiologiese (het betrekking op die fisiese funksie van die liggaam) gebeurtenis (puberteit), maar word oor die algemeen beskryf en bespreek as ’n psigologiese (het betrekking op die denke en gedrag) en sosiologiese (het betrekking op verhoudings en menslike interaksie) gebeurtenis. Daarom word die ontwikkelingsaspek van adolessensie oor die algemeen beskryf af ’n psigo-sosiale fenomeen.

Hoewel die beginpunt van adolessensie in biologiese ontwikkeling is, is die eindpunt makliker verstaanbaar i.t.v. kultuur. Clark (2001: 46-47) sê dat dit altyd maklik was om die verskil tussen kinders en volwassenes waar te neem, maar dat dit baie moeilik is om presies vas te stel waar die skeidingslyn tussen adolessent en volwassene is. Coon & Mitterer (2006: 133) sê dat daar in die verlede duidelike merkers was wat ons kon help om die verskil tussen kindwees en volwassene-wees te sien. Hierdie merkers was in die vorm van opvoeding en opleiding om sekere volwasse rolle in te neem of in rituele wat die kind aan die gemeenskap bekendstel as ’n volwassene. Clark (2001: 47) sê dat ons egter vandag juis die fase van adolessensie beskou as die merker wat aandui dat ’n persoon nou nie meer ’n kind is nie. Die probleem is egter dat daar nie ’n duidelike eindpunt in hierdie proses is nie, omdat selfs die media en kommersiële wêreld die idee van adolessensie idealiseer, begeerlik maak en so lank as moontlik probeer uitrek. Skrywers soos Smith (2007: 115) en Marohn (2013: 91) skryf oor adolessensie as ’n uitvindsel van ons samelewing en sê dat volwassenes probeer vir so lank as moontlik adolessente bly en adolessente geen insentief meer het om die proses na volwassenheid te beëindig nie omdat daar nooit aan hierdie uitvindsel ’n einde gegee is nie.

Om na adolessensie te kyk soos Clark (2001: 41-60) dit uitwys, help ons om te besef dat ons gereeld Dean (2001: 35) se “wat gaan aan?”-vraag moet vra. As adolessensie nou vroeër as ooit begin, kan dieselfde benadering tot jeugbediening

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

nie gevolg word om kinders van laer ouderdomme te bedien nie. Ons benadering moet aangepas word omdat kinders op vroeër ouderdomme begin met die proses van adolessensie en nie seker is wanneer hierdie proses moet klaarmaak nie. Nie net het die begin en eindpunt van adolessensie geskuif nie, maar die sosiale faktore wat die fase van adolessensie beïnvloed, soos die koms van sosiale media, verskil ook van generasie tot generasie.

Om ons gesprek oor adolessensie in die veld van ontwikkelingsteorie voort te sit, sal daar nou verwys word na die taak van adolessensie en die rol wat verhoudings binne hierdie proses speel.

4.2.2 Die taak van adolessensie

Dit wil voorkom asof die primêre doel van adolessensie “individuation” is. Alhoewel daar verskillende definisies en beskrywings van “individuation” is, som Kelcourse (2004: 229) dit goed op wanneer hy sê dat “individuation” die “becoming of one’s own person” is. Adolessensie is die fase in die lewe van ’n jongmens wanneer hy/sy die veiligheid van die rol van kindwees in die ekologie van die familie agterlaat en die eerste onherroeplike stap neem om ’n interafhanklike en outonome persoon te word. Die konsep van adolessensie en ‘individuation’ word deur Clark (2001: 48) aan mekaar verbind, veral vir die doeleindes van hierdie studie. Jung (1971), in Clark (2001:48), word gebruik om hierdie konsep verder te verduidelik. Die konsep van ‘individuation’ speel ’n groot rol in ons psigologie. In die breë is hierdie die proses waardeur individuele wesens gevorm en gedifferensieer word; om meer spesifiek te wees, is hierdie die ontwikkeling van die psigologiese individu as ’n wese wat uniek en losstaande van die algemene, kollektiewe psigologie is. ‘Individuation’ is daarom ’n proses van differensiasie, met die ontwikkeling van individuele persoonlikheid as doel.

Die konsep van ‘individuation’ is essensieel die doel van adolessensie en word vir die res van hierdie studie onlosmaaklik aan mekaar verbind. Om die konsep van ‘individuation’ beter te verstaan, moet daar egter na die historiese ontwikkeling van hierdie konsep binne die veld van ontwikkelingsteorie gekyk word. Net soos adolessensie nie meer dieselfde verstaan word as dertig jaar terug nie, het die begrip van ‘individuation’ ook ontwikkel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Binne adolessensie vind die vorming van die individu as ’n unieke en losstaande persoon met ’n unieke persoonlikheid plaas en dit word behaal deur afstand te verkry binne verhoudings. Die “individuation” konsep van Jung (1971), soos in Clark (2001:48), kan gebruik word ter verduideliking deur dat hierdie vorming van die persoon as individu ’n proses is wat reg deur ons lewens gebeur, maar dat dit alreeds in ons vroeë kinderjare begin, tussen die ouderdom van vyf maande en 3 jaar. Renn (2012: 42) verduidelik die teorie deur die beskrywing van die “separation-individuation” proses. Hier word “individuation” gesien as die tweeledige proses waardeur ’n persoon onafhanklik raak van eksterne beheer en meer self-onderhoudend word. Meer onlangs is hierdie konsep van “separation-individuation” gebruik om die proses van verdere “individuation” wat in adolessensie gebeur, te beskryf. Irving et al. (2010: 1554), praat van ’n tweede “separation-individuation”-proses wat in adolessensie aangetref word. Volgens hulle verwys “individuation” nou na die proses waardeur ’n persoon selfs verder verwyderd raak van sekere vorme van eksterne beheer, gewoonlik ouers, om ’n hoër vlak van onafhanklikheid te bereik. Dit is egter belangrik om ook te noem dat “individuation” slegs die begin is van hierdie proses na onafhanklikheid en dat hierdie proses nooit voltooi word nie, maar eerder gesien moet word as ’n reis wat reg deur ons lewens geneem word.

Daar sal in ’n ander afdeling op die rol van verhoudings in die fase van adolessensie en “individuation” gefokus word, maar die aantekening moet gemaak word dat hierdie afstand doen van eksterne beheer nie die afstand van die familie beteken nie. Clark (2001: 48) sê dat daar bewyse is dat adolessente ’n diep behoefte en begeerte het na hegte verhoudings binne hulle families, veral met ouers.

Irving et al. (2010: 1554), sê dat, tydens die tweede “separation-individuation,” die persoon sy rol as kind agterlaat en begin om hy/sy eie volwassene te word en so ook as ’n gedifferensieerde persoon gesien te word. Hier is dit van kritiese belang vir adolessente om al hoe meer te verskil van ouers en afstand van ouers te kry om so tot meer as ’n kinderverbintenis met hulle te groei. ‘Individuation’ tydens adolessensie word gedefinieer as ’n sterk sin van andersheid, ’n verhoogde sin van eie persoonlike grense. ‘Individuation’ in adolessensie beteken dat individue al hoe meer verantwoordelikheid neem vir wat hulle doen en wat hulle is, eerder as om hierdie verantwoordelikheid te laai op die skouers van die onder wie se invloed en opvoeding hulle grootgeword het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Daar moet egter ook genoem word dat, alhoewel navorsers oor die algemeen in ooreenstemming is oor die konsep van ‘individuation’, daar steeds verskil word oor die spesifieke take binne die proses van ‘individuation’ soos dit tans verstaan word. Mussen (1979), in Clark (2004: 66), noem vyf afsonderlike take wat deur die proses van ‘individuation’ gefasiliteer word:

- Vorming van identiteit
- Biologiese aanpassing
- Verbintenis tot portuurgroep
- Onafhanklikheid van familie
- Die vorming van waardes en standaarde wat toekomstige aksies sal rig

Santrock (1990) in Clark (2004 :28) het weer nie ’n baie goed gedefinieerde lys nie terwyl Erikson (1959) in Travers (2006: 42), met sy deurslaggewende navorsing in die veld van adolessensie, gebruik maak van die ’n identiteitskrisis konsep. Erikson (1959) erken, soos ander navorsers, dat daar waarskynlik ander take binne hierdie proses bewerk word, maar dat die hooftaak van ‘individuation’, wat natuurlik ook dan die hooftaak van adolessensie is, egter die vorming van identiteit is. Clark (2001: 54-55) gee ’n goeie samevatting van verskillende navorsers se sienings oor die taak van ‘individuation’ en som dit op met die volgende drie take:

- Die taak van adolessensie is die verkenning van identiteit.
- Die taak van adolessensie is die aanvaarding van verantwoordelikheid vir ons eie lewe en die ontwikkeling van outonomiteit.
- Die taak van adolessensie is die herverbinding met ander in ons gemeenskap.

Hierdie drie take draai alles rondom die konsep van identiteit. Nouwen (1992: 1-156) sê dat ons elke dag, in verskillende situasie vir onsself vra: wie is ek? Hoe ons hierdie vraag beantwoord het dan ’n impak op elke faset van ons lewe, vir die res van ons lewe. Dit is veral waar vir adolessente wat in die proses van ‘individuation’ is en ’n lewenslange soeke na die identiteit begin het.

Ten slotte moet ’n opmerking gemaak word oor die meer onlangse navorsing van Arnett (2004: 519-532) wat reeds in 1995 begin is. Hierdie navorsing wil egter op nog ’n nuwer fase van ontwikkeling dui. Volgens hom kan ’n nuwe fase in die reis na

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

volwassenheid geïdentifiseer word. As gevolg van sosiale en ekonomiese veranderinge oor die laaste paar dekades, kan ’n nuwe fenomeen waargeneem word. Jongmense tussen die ouderdom van agtien en nege-en-twintig is in ’n fase waartydens die taak van die tweede ‘separation-individuation’-fase nog nie afgehandel is nie. Jongmense in hierdie ouderdomsgroep voel dat hulle besig is om die take van adolessensie af te handel, maar voel steeds nie volledig volwasse nie met ‘n sterk verbondenheid aan familie en ouers. Hierdie fase kan gekarakteriseer word as ’n tydperk waarin identiteit verken word, onstabiliteit beleef word, hoofsaaklik op die self gefokus word, ’n gevoel van ‘tussenin” bestaan ervaar word en waarin daar baie moontlikhede is.

Hierdie studie is nie ’n bespreking van die verskillende tegniese aspekte van die fases van ‘individuation’ tydens adolessensie nie, maar word slegs genoem om te wys met watter take die adolessent worstel. Hierdie proses van ‘individuation’ en die aanneem van groter verantwoordelikheid vir die self is ook duidelik sigbaar in adolessente se identiteitseksperimentering deur die gebruik van sosiale media. Navorsers soos Katz & Rice (2002: 315), Smith & Kollock, (1999: 27) wys hoe adolessente met groot sorg kies en besluit hoe hulle hulself aan die wêreld wil voorstel, watter inligting weggelaat moet word en watter inligting of fasette van hulle lewens beklemtoon moet word. Meer van die bogenoemde navorsers se werke sal in die volgende hoofstuk bespreek word, maar hier is dit nodig om te verstaan dat die proses van individuation, soos deur navorsers soos Jung (1971) in Clark (2001:48) en Irving et al. (2010: 1554) bespreek, duidelik ook teenwoordig is en uitgebeeld word in die adolessent se gebruik van sosiale media.

Soos vroeër gesê, sal daar spesiaal aandag gegee word aan die rol van verhoudings binne die fase van adolessensie.

4.2.3 Verhoudings tydens adolessensie

Bowlby (1982) en Ainsworth (1989) in Rayne (2007: 23) het ’n groot bydrae gelewer tot die veld van ontwikkelingsteorie deur hulle fokus op die verbinding tussen ouer en kind te stel. Hulle navorsing beweer dat die verhouding met primêre versorgers, in meeste gevalle is dit die biologiese ma of/en pa, die sukses van die ‘individuation’ proses bepaal. Hulle werk het hoofsaaklik op die eerste ‘separation-individuation’ (Mahler et al., 1985, in Renn, 2012: 42) proses gefokus deur aan te voer dat ’n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gesonde verhouding met die primêre versorger lei tot die selfvertroue en sekuriteit wat ’n kind nodig het om hierdie fase suksesvol te voltooi. Hierdie werk het gedien as die fondament vir navorsing oor die adolessent se verhoudings met hulle ouers in die tweede fase van ‘separation-individuation’ (Irving, 2010: 1554). In hierdie tweede ‘separation-individuation’-fase, alhoewel dit anders lyk maar wat ook bekend is as adolessensie, is gevind dat die verhouding met ouers steeds ’n belangrike rol speel in die adolessent se vermoë om die proses van adolessensie af te handel en aan te beweeg na volwassenheid.

Daar moet in gedagte hou word dat, vir solank as wat die studie oor adolessensie bestaan, daar ook in jeugbediening oor hierdie fase en die aard van verhoudings daarbinne gereflekteer is. Clark (2001: 53) gee ’n kort historiese oorsig oor hoe die verstaan van ouer-kind-verhoudings gevorm en toegepas is in jeugbediening vanaf die 1960’s. Marohn (2013: 91) skryf oor hoe adolessensie in die 1920’s en 1930’s gesien is as ’n tydperk tussen die ouderdom van veertien en agtien, omdat hierdie fase sterk verbind was met die ouderdom van hoërskoolleerders. In die jare tussen 1950 en 1960, toe adolessensie as ’n afsonderlike fase van ontwikkeling geïdentifiseer is met sekere kenmerke soos puberteit, het navorsers waargeneem dat adolessensie vroeër begin. In hierdie tyd is die tydperk van adolessensie beskou as ’n tydperk van tussen ses en sewe jaar lank. Clark (2001: 53) sê dat adolessensie nou egter beskou word as ’n proses wat oor ongeveer vyftien jaar strek.

Intussen, soos jeugbediening al hoe meer programmaties gesofistikeerd geraak het en meer boeke oor jeugwerk geskryf is, het argumente na vore gekom vir die skeiding tussen ouers en adolessente tydens die fase van adolessensie. Hierdie argumente is gebore in ’n tydperk waar die proses van adolessensie slegs tussen vier en sewe jaar lank was. Clark (2001: 53) sê dat jeugwerkers in hierdie tyd verstaan het dat adolessente die behoefte het en nodig het om geskei te word van families om eerder met ander in hul portuurgroep verhoudings te vestig sodra hulle met adolessensie begin. Hierdie verstaan en benadering tot verhoudings tydens adolessensie was nie totaal en al verkeerd nie, maar die fase van adolessensie se ‘individuation’ het egter meer te doen met die afskeid neem van die rol van kindwees in die familie en nie met die familie self nie. Vroeë adolessente het steeds die liefde, ondersteuning en sorg van die familiale sisteem nodig. Adolessente het op ’n stadium in die proses van ‘individuation’ nodig om verhoudings met ander in hul

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

portuurgroep te vorm omdat adolessente in hierdie fase juis leer hoe om met ander binne en buite die familie, as gedifferensieerde persoon, te sosialiseer. Die behoefte en begeerte van totale skeiding en afbreek van verhoudings tussen adolessent en familie is nie waar nie en in elk geval nie gesond vir die ontwikkeling van die adolessent nie. Clark (2001: 53) noem dat daar ook ’n verskil is tussen vroeë adolessente en laat adolessente. Jongmense wat in vroeë adolessensie is, is nog meer kind as volwassene en het ’n groter behoefte aan die sekuriteit en veiligheid van die familie as aan betekenisvolle verhoudings met ander in hulle portuurgroep. Navorsing wys dat adolessente ’n behoefte het aan diep en betekenisvolle verhoudings binne hulle familiesisteme en veral met ouers (Clark, 2001: 48).

Met ’n oorsig oor die taak en fase van adolessensie en die belangrikheid van verhoudings binne hierdie fase, moet dit duidelik wees dat die konsep van adolessensie ongeveer ’n vyftien jaar lange proses is wat verbind word met die aanvang van puberteit, met die proses van ‘individuation’ en ’n ongedefinieerde einde waartydens verhoudings met ouers en die portuurgroep baie belangrik is. In hierdie onderafdeling word daar hoofsaaklik gefokus op die belangrikheid van verhoudings binne adolessensie en hieronder sal daar spesifiek en onderskeidelik na die rol van verhoudings in vroeë, middel en laat adolessensie gekyk word.

Verhoudings in vroeë adolessensie (10-14 jaar oud)

In die eerste tien tot elf jaar van ’n kind se lewe word ‘n sin van identiteit gegrond in en deur die verhoudings binne die familie wat veiligheid, sekuriteit en ’n gevoel van tuiste bied. Soos die kind in die vroeë kinderjare deur die eerste fase van ‘separation-individuation’ (Mahler et al., 1985, in Renn, 2012: 42) gaan tot by die eerste tree op die reis van adolessensie, is daar ’n inherente vertroue op en afhanklikheid van die familiesisteem as geheel en spesifiek op die moeder, of primêre versorger (Clark, 2001: 50-51). Bowlby (1982) soos in Rayne (2007: 23) beskryf, is die eerste navorser wat die belangrikheid van die moeder in kinderverhoudings tydens hierdie fase waargeneem het. Sommige ander navorsers, soos Ainsworth (1992), ook in Rayne (2007: 23), is weer van mening dat die rol van die moeder geensins belangriker is as enige ander versorger in hierdie fase nie. Dit is egter duidelik dat ’n kind se verhoudings met sy/haar familie die konteks skep vir toekomstige ontwikkeling. Vir ’n kind om gesond te ontwikkel in hierdie vroeë fase vra dit dat ’n konteks geskep word waarbinne ’n kind die troos en sorg van ’n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verbintenis met sy/haar ouers kan beleef. Die kind het ’n ondersteunende omgewing en ’n verhoudingsmatige ruimte nodig waarin ’n kind aangemoedig word om die nodige selfstandigheid te ontwikkel en waarbinne hy/sy aangemoedig word om die lewe te ondersoek en daarmee te eksperimenteer. Jones & Butman (2012: 142) sê dat, as ontwikkeling normaal gaan geskied, die ouer die fyn lyn tussen die aanmoediging van selfstandigheid en die bron van beskerming en sekuriteit moet bemeester. Die oorbeklemtoning van een van hierdie twee sye kan lei tot persoonlikheids- en sosiale probleme. As hierdie fase suksesvol bemeester is, sal die kind ’n sin van sekuriteit en selfbeeld hê wat hom/haar gereedmaak vir die tweede fase van “separation-individuation,” wat ons as adolessensie ken. As die eerste fase dan nie suksesvol voltooi is nie, kan dit die jongmens in die proses van adolessensie hinder en beïnvloed.

Sodra ’n kind wegbeweeg van die rol van die kind in die familiale sisteem, begin die kind die volgende fase van ‘individuation’ betree. Hierdie volgende fase van ’n tweede ‘separation-individuation’ is wat ons ken as adolessensie. Adolessensie begin iewers tussen die ouderdom van tien en twaalf jaar oud maar kan ook verskil a.g.v. kulture, woonareas en selfs net a.g.v. die verskil tussen individuele kinders (Clark, 2004: 66). Soos vroeër genoem, is dit baie makliker om die begin van adolessensie te sien, omdat dit gekoppel word aan die begin van puberteit terwyl die einde van hierdie tweede fase van ‘separation-individuation’ baie moeiliker is om te merk (Ratcliff & Davies, 1991: 43). Selfs al is dit moeilik om presies te sê wanneer ’n individue met die adolessensie klaar is, kan ons tog sê dat wanneer ’n persoon psigologies en sosiologies toegerus is om die rol van volwassenheid te aanvaar, gewoonlik tussen die ouderdom van twintig en dertig jaar oud, is ’n persoon nie meer ’n adolessent nie en klaar met die tweede fase van ‘separation-individuation’.

Jong adolessente het egter nog sorg en begrip nodig, met versigtige leiding dat hulle nie vinniger ontwikkel as wat hulle dit behoort te doen nie. Erikson (1959) in Travers (2006: 10) sê dat, alhoewel adolessente in hierdie vroeë fase dieper gewortel is in familiale verhoudings, hulle steeds verskillende vorms van identiteit kan toets en daarom onvoorspelbare gedrag en emosies kan openbaar op onvoorspelbare tye. Die werk van die jeugwerker is om in hierdie fase die adolessente met konstante liefde en sorg te behandel en nie geflous te word deur die verskillende maskers wat hulle dra nie. Clark (2001: 54) som die situasie op deur te sê dat ’n voortdurend

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

groeiende adolessensieproses die konsep van familiale afskeid vir die postmoderne jong adolessent ’n baie anders en moeiliker ervaring maak as wat dit ’n eeu of selfs ’n generasie gelede vir hulle portuurgroep was. Die postmoderne jeugwerker moet bewus wees dat, in ’n kultuur waarin min sisteme en verhoudings betroubaar of stabiel is, adolessente moet weet dat ’n Christenbediening ontwerp is om hulle te dien en om hulle te verseker dat hulle stabiliteit en gesondheid daar kan ervaar.

Verhoudings in middel adolessensie (13-19 jaar oud)

In hierdie fase van adolessensie is familiale verhoudings steeds nodig en belangrik, maar word hierdie behoefte nie noodwendig deur die adolessent geopenbaar nie. Navorsers soos Smyth (2002: 26) en Ammerman (2005: 186) stel dit dat die verhouding met die pa in hierdie tydperk belangrik is vir gesonde ontwikkeling. Hierdie navorsers beweer dat die verhouding met ’n pa amper alle fasette van ontwikkeling impakteer, van selfbeeld tot probleemoplossing. Alhoewel daar nie noodwendig saamgestem word oor die rol van die pa in hierdie fase nie, is dit egter duidelik dat verhoudings met ouers in hierdie fase belangrik is, aangesien die adolessent op soek is na veilige verhoudings binne ‘n fase van die daarstelling van sosiologiese afstand. Wat dit beteken is dat die adolessent in middle-adolessensie nie noodwendig ’n behoefte om meer tyd saam met ouers te spandeer openbaar nie, maar steeds die sekerheid wil hê dat hulle beskikbaar is wanneer hulle nodig is.

Clark (2001: 56) sê dat familiale verhoudings met die adolessent in hierdie tyd baie stormagtig en moeilik kan wees en dat ouers soms selfs liewer die adolessent sal vermy as om in ’n spanningsvolle verhoudings met die adolessent te lewe. Dit is egter noodsaaklik dat ouers nie van adolessente onttrek nie en juis hier word die rol van die jeugwerker prakties geaffekteer. Die jeugwerker moet in hierdie fase families bystaan, veral wanneer die verhouding tussen ouers en adolessente moeilik en stormagtig is. Hierdie opmerkings herinner aan die spanbenadering wat in die vorige hoofstuk behandel is, omdat dit uit die navorsing duidelik is dat verhoudings met ander volwassenes, soos ’n jeugwerker, en gesonde verhoudings binne die adolessent se portuurgroep, belangrik is vir die suksesvolle voltooiing van hierdie fase van adolessensie waar verhoudings met ouers nie noodwendig stabiel is nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Verhoudings in laat adolessensie (20 jaar en ouer)

Clark (2001: 57) noem dat die proses van laat adolessensie eintlik onnodig is. In hierdie hoë ouderdom is die adolessent potensieel reg vir volwassenheid, maar is aanmoediging, leiding en motivering nodig om die laaste en finale stap na volwassenheid te neem as ’n vaardige, verantwoordelike en onafhanklike persoon. Soos vroeër genoem (Smith, 2007:115 & Marohn, 2013: 91), word die proses van adolessensie egter uitgerek en word onvolwassenheid en onverantwoordelikheid selfs geprys as lofwaardige eienskappe. Ouer adolessente staan op die punt om hulle merk in die wêreld te maak, maar word teruggehou deur faktore soos ouers wat hulle kinders finansieel afhanklik hou en die media wat gerig is op die mark van adolessente. Natuurlik is ouer adolessente nie onskuldig nie en kies baie van hulle om ’n kind te bly vir so lank as wat hulle kan, totdat hulle forseer word om groot te word. Clark (2001: 57) se siening is dat adolessente in hierdie fase soos volwassenes behandel moet word, maar soos adolessente gelei moet word. Ouer adolessente moet weet dat hulle betekenis het vir ander volwassenes en hier rus die praktiese implikasie vir ’n verhoudingsgerigte jeugbediening. Jeugbediening moet poog om ouer adolessente te lei na gesonde verhoudings met ander volwassenes in ’n gemeente sodat hulle in hierdie fase ook kan leer om met ander op ’n nuwe manier te verbind.

Dit is duidelik dat die hoofrol van jeugbediening tydens die fase van adolessensie die ondersteuning van die familie is. Clark (2001: 57) sê dat adolessente dalk nie ouers ingesluit wil hê by jeugbediening nie, maar dat die verhouding tussen adolessente en ouers steeds noodsaaklik is. As die proses van adolessensie enige praktiese implikasie het vir verhoudingsgerigte jeugbediening, is dit bepalend dat jeugbediening ’n ruimte moet wees waar ouers ondersteun word en verhoudings tussen adolessente en ouers nie afgeskeep word nie.

Om die tema van adolessensie in hierdie studie af te sluit, sal daar egter oor nog twee punte opmerkings gemaak word. Sommige navorsers beweer dat daar ’n verskil is tussen die maniere waarop die verskillende geslagte die proses van adolessensie bestuur en beleef. Alhoewel daar nog nie konsensus oor die saak bereik is nie, is dit steeds noemenswaardig. Laastens sal die gevolge van ’n gebrek aan gesonde verhoudings binne die fase van adolessensie kortliks bespreek word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.2.4 Verskil tussen die geslagte tydens adolessensie

Empiriese navorsing en gevallestudies wil voorstel dat meisies gedurende die proses van ‘individuation’ meer voorspelbare verhoudings en gedragspatrone toon terwyl seuns eerder meer fisiese aktiwiteite en kompetisie gebruik tydens hierdie proses (Levant & Pollack eds. 2008: 254). Daar word egter nog baie verskil oor hoe presies die geslagte verskil in hulle belewenis en benadering tot ‘individuation’, maar ons kan seker wees dat daar wel ’n verskil is. Vir jeugbediening is die implikasie natuurlik dat die jeugwerker, of ander verantwoordelike persoon, die groter ooreenstemming in die verskillende geslagte se proses moet raaksien, maar ook bewus moet wees van elke individu se unieke behoeftes tydens hierdie fase van hulle lewens. As ons die taak van praktiese teologie ernstig opneem moet ons in verhoudingsgerigte jeugbediening poog om adolessente se behoeftes en begeertes te identifiseer deur adolessente teologies en in terme van ontwikkelingsfases te verstaan. Clark (2001: 49) sê dat ons ten spyte van die verskil tussen die twee geslagte, moet onthou dat God meisies en seuns geskep het na Sy beeld (Gen. 1:27). Dit beteken natuurlik beide geslagte verhoudingsmatige skepsels is, soos God verhoudingsmatig is in die Drie-eenheid (Joh. 1:1-3). As verhoudingsmatige skepsels het adolessente van beide geslagte ’n roeping om te sorg vir ander en om voor gesorg te word, om instinktief met ander verbintenis te vorm en natuurlik ook in hulle wese te soek na ’n verhouding met hulle skepper. Hierdie teologiese siening moet ons altyd lei wanneer ons oor adolessente dink binne verhoudingsgerigte jeugbediening.

Afgesien van die verskillende maniere waarop seuns en meisies die fase van adolessensie beleef, kan daar nie ontken word dat gesonde verhoudings met ouers en hul portuurgroep vir albei geslagte baie belangrik is nie. Laastens volg opmerkings oor die gevolge van ’n gebrek van gesonde verhoudings tydens die fase van adolessensie.

4.2.5 Gevolge van gebrek aan gesonde verhoudings tydens adolessensie

Jones & Butman (2012: 142) ondersteun die voorheen genoemde navorsers se werk oor die belangrikheid van verhoudings en skryf ook oor die belangrikheid van gesonde verhoudings in die vroeë kinderjare tydens die eerste fase van “separation-individuation”. Vir hierdie afdeling is dit egter net nodig om weer te noem dat,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wanneer kinders tydens hierdie eerste fase nie die nodige familiale ondersteuning, sekuriteit, sorg en ook aanmoediging tot selfstandigheid beleef nie, dit kan lei tot dieper persoonlikheids- en sosiale probleme in die lewe van adolessente. Die werk van Erikson (1959), in Travers (2006: 9), is seker die mees gewildste en bekendste teorie rakende die verskillende ontwikkelingsfases van kinders. Hy onderskei tussen agt verskillende fases van ontwikkeling en take van ontwikkeling wat suksesvol voltooi moet word as sekere gevolge, soos dieper sosiale en persoonlikheidsprobleme by ’n individu voorkom wil word. Die eerste drie fases van ontwikkeling wat onderskei kan word strek van die individu se geboorte tot by die ouderdom van ses jaar oud. Hierdie fases is:

- Vertroue vs. Wantroue
- Outonomiteit vs. Twyfel
- Inisiatief vs. Skuld

Vir hierdie studie gaan die bogenoemde fases oorgeslaan word en slegs die drie fases van ontwikkeling wat verband het met doel van hierdie hoofstuk, bespreek word met verwysing na die moontlike gevolge van ’n gebrek aan gesonde en ondersteunende verhoudings tydens die fase van adolessensie. Die fases wat kortliks bespreek gaan word, is:

Industrie vs. minderwaardigheid: Hierdie fase word waargeneem tussen die ouderdom van ses jaar oud en die begin van puberteit. Tydens hierdie fase ontwikkel die kind ’n sin van trots in alles wat hy/sy bereik. Projekte word begin, word enduit deurgesien en die kind voel trots op wat bereik is. In hierdie fase is die rol van onderwysers van besonderse belang. Wanneer kinders deur onderwysers en ouers, sekerlik jeugwerkers en kategete ook, aangemoedig word en ondersteun word, sal die kind ’n sin van betekenis en hulpvaardigheid ontwikkel wat hom/haar die vermoë sal gee om met meer selfvertroue te streef na groter uitdagings. Wanneer kinders egter nie deur onderwysers, jeugwerkers en veral ouers, ondersteun word nie, kan die kind, volgens Erikson (1959), ’n minderwaardigheidsgevoel ontwikkel wat hom/haar in sy/haar eie vaardighede sal laat twyfel.

Identiteit vs. Rolverwarring: Travers (2006: 10) beskryf die taak en rol van adolessensie oor die algemeen op dieselfde manier as waarop dit beskryf en bespreek is in hoofstuk vier. Hierdie fase van identiteit vs. rolverwarring vind in die tydperk van adolessensie plaas waartydens die transisie van kind na volwassene

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

begin en die kind al hoe meer onafhanklik van die familie begin raak. Tydens hierdie tydperk sê Erikson (1959) ook dat kinders met identiteit begin eksperimenteer en hulself begin vind, gebaseer op die resultate van hulle eksperimentering. Wanneer hierdie tydperk van eksperimentering belemmer word deur bv. ’n gebrek aan ondersteuning en begrip in verhoudings, kan dit lei tot ’n rolverwarring by die individu. Wat dit beteken is dat die individu dalk langer kan neem om haar/sy identiteit te vind.

Intimiteit vs. Isolasie: Soos genoem in hoofstuk vier, strek adolessensie nou ongeveer oor ’n tydperk van vyftien jaar en sluit maklik die fase van ontwikkeling tydens vroeë volwassenheid in, soos beskryf deur Erikson (1959). Tydens hierdie fase begin die individu homself/haarself op ’n meer intieme vlak deel met ander. Verhoudings word ingerig vir verbintenis oor ‘n langer termyn en hierdie verhoudings word gevind en gevorm buite die familiale verhoudings. Sukses tydens hierdie fase kan lei tot die vorming van gemaklike verhoudings, met die ervaring van ondersteuning, veiligheid en sorg binne verhoudings. Die vermyding van intimiteit kan egter lei tot ’n gevoel van isolasie, eensaamheid en selfs depressie.

Clark (2001: 51) skryf oor hoe jeugwerkers iewers in hulle loopbane adolessente sal ontmoet wat aan hierdie persoonlikheids- of sosiale probleme lei. Die moontlikheid dat adolessente wat met persoonlikheid en sosiale probleme sukkel betrokke kan wees by enige jeugbediening, het praktiese implikasies en verantwoordelikhede vir die jeugwerker; veral die jeugwerker in ’n verhoudingsgerigte jeugbediening. Sy voorstel is dat jeugwerkers, of enige ander verantwoordelike persone, wat nie opgelei is om so ’n adolessent te help nie, eerder die raad van ’n professionele en opgeleide persoon inroep of die adolessent in verbinding bring met ’n persoon wat kan help.

4.3 Slotopmerkings

Uit die navorsing in hierdie hoofstuk is dit te verstane dat daar klem gelê word op verhoudings in jeugbediening aan en deur adolessente. Alhoewel die taak van adolessensie verskillend beskryf kan word, is die hoof tema in alle navorsing dat hierdie fase gaan oor die soeke en vorming van die adolessent se identiteit. In hierdie hoofstuk is daar gewys watter belangrike rol verhoudings binne hierdie fase

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

in die soeke na identiteit speel. Verhoudingsgerigte jeugbediening is werklik nie ’n opsie nie maar ’n vereiste wanneer die behoeftes van adolessente ernstig opgeneem word. Alhoewel daar ook verskillende opinies is oor die rol wat verhoudings met ouers en die portuurgroep speel, is die feit dat gesonde bestuur en fasilitering van verhoudings broodnodig is tydens die fase van adolessensie. Die rol van die jeugwerker/jeugpredikant of ander verantwoordelike persone vir jeugbediening is om jeugbedienings so te bestuur dat die vorming en instandhouding van nodige en gesonde verhoudings met ouers en lede van die portuurgroep daardeur aangehelp kan word en die adolessente so ondersteun word in die fase van adolessensie.

Met die taak van praktiese teologie ingedagte, moet daar voortdurend gesoek word na meer en beter verstaan van ons konteks en die konteks van die lede van ons jeugbedienings. Met die afhandeling van die bespreking oor adolessensie binne die veld van ontwikkelingsteorie en die klem op familiale en portuurgroepverhoudings binne hierdie fase, gaan daar nou na die sosiale media en adolessensie gekyk word. Vervolgens sal die verstaan en impak van sosiale media, soos Facebook, op die verhoudings van adolessente bespreek word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 5: Sosiale media en adolessensie

5.1. Inleiding

Inligtingstegnologie speel so ’n geweldige belangrike rol in die lewens van die huidige generasie adolessente dat die gebruik daarvan ’n eksistensiële verandering teweegbring en selfs die wyse van kerkwees uitdaag (Cloete, 2013: 3-6). Daar is selfs literatuur wat verskyn waarin die huidige generasie adolessente as die “digitale generasie” (Montgomery, 2007: 15) beskryf word. Werke soos dié van Montgomery (2007: 11) en Palfrey & Gasser (2008: 10) bestudeer die generasie wat grootword in ’n wêreld waarin die internet en digitale tegnologie soomloos deel vorm van hulle daaglikse lewe. Dit is duidelik in Montgomery (2007: 15) se werk dat die “digitale era” ’n invloed het op die jeug se denkwyse oor politiek en hul betrokkenheid daarby, by die produkte wat hulle koop en hoe besluite geneem word. Die sogenaamde “digital age” het so ’n verrykende eksistensiële effek op die lewens van die jeug dat alle aspekte van hulle lewens daardeur geraak of verander word. Navorsers fokus op verskillende areas van sosiale media en die invloed daarvan, soos O’Keeffe et al. (2011: 800) wat ouers toerus met kennis oor verskillende sosiale mediaplatforms en die invloed wat dit op hul kinders mag hê en Qualman (2013: 5), wat die invloed van sosiale media op kommunikasie en besigheid ondersoek. As bogenoemde studies by die werk van Montgomery (2007: 15) gevoeg word, is dit duidelik dat die jeugwerker gekonfronteer sal word met ’n generasie adolessente wat oor ’n nuwe en steeds vormende wêreldbeeld beskik en wie se bestaan deur tegnologie, veral inligtingstegnologie, gekenmerk word.

As ons Ward (1999: 7) se kruis-kulturele benadering tot jeugbediening in hoofstuk 3 ernstig wil opneem, wil Taylor (2005: 105) vir ons sê dat ons ook tegnologies relevant moet wees en so ook populêre kultuur gebruik as ons die huidige generasie adolessente (Mueller, 2006: 170) wil bereik. In hierdie studie word ondersoek ingestel na die gebruik van sosiale media as ’n bedieningsmedium in die bediening aan adolessente en hoe veral Facebook in ’n verhoudingsgerigte jeugbediening aangewend word. Om hierdie ondersoek perspektief en konteks te gee is dit

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

belangrik om ’n oorsig te gee van die aanlyngewoontes van adolessente en waarom hulle gebruik maak van sosiale media soos Facebook.

5.2. ’n Oorsig van die gebruik van sosiale media in Suid-Afrika

In hierdie afdeling is daar hoofsaaklik staat gemaak op aanlyn bronne vir statistieke rondom die gebruik van sosiale media in Suid-Afrika. Aanlyn bronne is hier gekies omdat gepubliseerde wetenskaplike bronne net dood eenvoudig te vining verouder. Die statistieke wat met die aanvangs van hierdie studie versamel is, is in ’n tydperk van drie jaar meer as drie keer vervang met meer relevante statistieke wat maandeliks en selfs daagliks die mees onlangse inligting rondom die gebruik van sosiale media in Suid-Afrika aandui. Alhoewel die statistieke wat hieronder genoem word verouder sal wees teen die tyd van publikasie, is daar gepoog om die mees relevante bronne vir statistiek oor die gebruik van sosiale media in Suid-Afrika te raadpleeg.

Horrocks (2013) van survecompare.co.za sê dat 41% van die Suid-Afrikaanse populasie vandag toegang het tot die internet; dit is 20 012 275 Suid-Afrikaners. Suid-Afrika is ook verantwoordelik vir meer as 60% van Afrika se internetgebruik. Die grootste getal van die internetgebruikers in Suid-Afrika is tussen die ouderdomme van vyftien en vier-en-twintig jaar oud, waarvan 53% aangedui het dat hulle manlik is en 47% dat hulle vroulik is. Hierdie getalle sal waarskynlik groei soos internet-toegang deur selfone toeneem en slimfone die selfoonmark oorheers. Met hierdie getalle ingedagte, wil die die Friendship 2.0-verslag (2009) voorstel dat Suid-Afrikaanse internetgebruikers hoofsaaklik die internet gebruik vir die ontvang en stuur van e-posse, die doen van beroepsverwante aktiwiteite, die soek van informasie en nuus, aanlyn bankaktiwiteite en natuurlik die gebruik van sosiale media. Vir meer inligting kan die hele verslag gelees gaan word, maar wat duidelik is, is dat die gebruik van sosiale media ’n groot deel uitmaak van Suid-Afrikaners se aanlynaktiwiteite. Suid-Afrika se aanlynaktiwiteite stem egter ooreen met internasionale internetgebruiker-tendense. Navorsing op webtuistes soos worldwideinternetproject.net, socialbakers.com ens. dui daarop dat internet-gebruikers regoor die wêreld die internet gebruik vir die doen van besigheid, aankoop van goedere en vir kommunikasie. Kommunikasie sluit egter die gebruik van sosiale media in en verwys nie net na die stuur en ontvang van e-posse nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Navorsing wys egter dat daar ’n verskil is in die wyse waarop die verskillende geslagte die internet gebruik. Valkenburg en Buijzen (2003: 23) skryf oor die hoe verskille tussen adolessente seuns en meisies se gunsteling aanlynaktiwiteite. Volgens hulle het seuns ’n voorkeur vir die aflaai van speletjies en video’s terwyl meisies eerder kommunikatiewe aktiwiteite verkies, soos die stuur van boodskappe. Volgens Valkenburg en Buijzen (2003: 23) is die verskil tussen seuns en meisies se internetgebruik nie ’n verassing nie. As die geskiedenis van kommunikasie-tegnologie gevolg word, sal ons sien dat die vroulike geslag hierdie tegnologie in ’n groter mate as die manlike geslag aangegryp het. Rakow (1988: 207) neem waar dat dit met die koms van die telefoon reeds duidelik was en dat dieselfde neiging bestaan in die era van selfone. Marknavorsing dui aan dat die vroulike geslag, veral tienermeisies, die voorlopers is in die gebruik van hulle selfone. Volgens Valkenburg et al. (2005: 387) is daar nie net ’n verskil in die aktiwiteite wat adolessente van verskillende geslagte kies om aan deel te neem nie, maar is daar ook ’n verskil in die manier waarop adolessente hulleself voorstel. Meer oor adolessente se self-voorstelling op veral Facebook sal in ’n volgende afdeling behandel word.

Dit is duidelik, uit die navorsing wat genoem is, dat Suid-Afrikaners die grootste gebruikers van die internet in Afrika is. Uit die internetgebruikers van Suid-Afrika is meeste in die fase van adolessensie en, alhoewel daar ’n verskil is tussen die verskillende aanlynaktiwiteite tussen die geslagte, gebruik internetgebruikers in Suid-Afrika die internet vir kommunikasiedoeleindes. Met die sosiale mediarevolusie (Qualman, 2013: 15) wat tans in die wêreld beleef word, vind kommunikasie lankal nie meer plaas slegs deur die stuur en ontvang van e-posse of ander boodskappe nie, maar in en deur sosiale mediaplatforms. In die afdeling wat volg word die beskrywende-empiriese (Osmer, 2008: 37) taak van praktiese teologie verder geneem soos wat die wêreld van sosiale media in Suid-Afrika en die verband tussen adolessensie en sosiale media ondersoek word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.2.1 Wat is sosiale media?

'n Eenvoudige soektog oor die definisie van sosiale media op die internet soekmasjien, *Google,* gee vir ons die volgende resultaat:

"Social Media noun: social media; plural noun: social media Websites and application that enable users to create and share content or to participate in social networking." (Google.com, 2014)

Verdere lees en ondersoek oor sosiale media sal die gebruiker met duisende moontlike definisies en verduidelikings help. Mandiberg (2012: 23) toon voorbeelde aan van verskillende disiplines en perspektiewe wat gebruik is om te verduidelik wat sosiale media beteken en behels terwyl Fuchs (2013) skryf oor die deelnemende askep van die gebruiker in die gebruik van sosiale media. Kortweg kan gesê word dat sosiale media bestaan uit 'n eindelose verskeidenheid internet-gebaseerde platforms wat die deel van informasie tussen gebruikers bevorder. Sosiale media is 'n relatiewe nuwe vorm van media wat die deel van teks, foto's, video's, audio en enige ander inligting tussen gebruikers vergemaklik. Wat meer is is dat die koms van sosiale media die gebruiker van internet-informasie nou ook in 'n produseerder van die internet- informasie verander het. Navorsers soos Qualman (2013: 15) verduidelik die koms van sosiale media as 'n revolusie wat elke aspek van ons samelewing raak. Smith (2009: 559) skryf oor hoe sosiale media die marknavorsing en selfs besighede se teikenmarkte impakteer en Mayfield III (2011: 79) skryf oor hoe militêre aktiwiteite al hoe meer deursigtig is a.g.v. die sosiale media revolusie.

Navorsers se studie in die gebruik van sosiale media het gelei tot die term: Sosiale Interaktiewe Tegnologieë (SIT). SIT word gebruik om te verwys na tegnologie wat gebruik maak van die internet om kontak te maak en informasie te deel met ander binne ons eie sosiale groep en selfs met ander wat dalk buite ons land se grense woon. Mitrano (2006: 17) verwys na verskillende groepe wat dieselfde stokperdjies het, soos musiekaanhangers en selfs professionele persone, wat SIT's gebruik om kontak te maak en inligting te deel in die vorm van audio, video, foto's en teks met ander wat dieselfde belangstelling het. Chigon et al. (2008: 1) is van mening dat daar in streke met lae internet en rekenaartoegang, soos Suid-Afrika, 'n platform vir SIT's geskep word deur selfoonplatforms. Een so 'n voorbeeld is "Mobile Instant Messaging". MIM is 'n gesinkroniseerde kommunikasie-instrument wat werk op

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

mobiele toerusting soos PDA's (personal digital assistant) en selfone. Anders as in die geval van SMS (short message service), gebruik MIM internet protokol om boodskappe te stuur en te ontvang. MIM's werk op dieselfde wyse as soortgelyke rekenaargebaseerde kommunikasiemiddele (Chigon et al. 2009: 2). Nie net groei SIT en MIM-platforms in verskeidenheid nie, maar toegang tot SIT en MIM-platforms word elke dag makliker vir die verbruiker deur die gebruik van selfone. Volgens Peyper (2013) het selfs 75% van die Suid-Afrikaanse populasie wat onder die broodlyn lewe en oor die ouderdom van 15 is, ook 'n selfoon. Hutton (2011) het reeds in 2011 gesê dat meer Suid-Afrikaners toegang het tot selfone as skoon water. Bogenoemde navorsing van Nielsen.com (Hutten, 2011) dui aan dat Suid-Afrikaners se selfoongebruik dui op toenemende internetgebruik en minder gebruik van selfone en netwerke se oproep en SMS funksionaliteit.

Met alles wat tot dusvêr oor sosiale media gesê is, sal dit die moeite werd wees om te sien watter platforms die meeste gebruik word om met ander kontak te maak en informasie mee te deel binne die sosiale medialandskap van Suid-Afrika. Daar moet egter kennis geneem word dat Facebook, wat ook beskou word as 'n populêre sosiale mediaplatform, nie in die volgende afdeling genoem gaan word nie; daar word 'n afsonderlike afdeling aan Facebook toegewy. Onlangse navorsing oor die SIT landskap van Suid-Afrika het gewys dat SIT- platforms, met en sonder MIM funksionaliteit, en slegs MIM mediums, posvat regoor ouderdoms-, geslags- en geografiese grense (worldwideworx, 2012). In 2009 se Friendship 2.0 (2009) verslag is daar baie moeite gedoen om 'n paneel van 6499 individue saam te stel wat die demografie van Suid-Afrika breedweg kan verteenwoordig. Hierdie verslag het onder andere die aanlyn aktiwiteite van Suid-Afrikaners ondersoek en onder andere ook probeer uitvind wat die mees populêre sosiale media webtuistes in Suid-Afrika is. Met bogenoemde navorsing in ag geneem, sal die navorser kortliks die belangrikste en mees populêre SIT en MIM platforms beskryf.

5.2.3 Populêre SIT-platforms in Suid-Afrika

Twitter*:* Volgens die Friendship 2.0 (2009) verslag het 28% van hulle paneel as lede van hierdie platform aangeteken. Hierdie medium, wat ook die potensiaal het om te dien as 'n MIM, het ongeveer 554,750,000 gebruikers gehad teen 5 Julie 2013 volgens Statisticbrain (2013), waarvan ongeveer 5,030,000 (Portland-communications, 2012) in Suid-Afrika woon. Hierdie platform word genoem omdat

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Twitter gebruikers hoofsaaklik in hul twintigerjare is en hierdie platform vir kommunikasie (MIM) gebruik en ook nuusgebeure daardeur monitor (Portland-communication, 2012).

Ander*:* Die navorser erken en weet dat daar ander SIT-platforms bestaan wat deur Suid-Afrikaners gebruik word soos LinkedIn, Foursquare, Pinterest en Instagram. Baie van hierdie platforms, bv. Pintersest, Instagram en Foursquare, word deur platforms soos Facebook geïntegreer en dra by tot hierdie platform se gewildheid. Volgens insidefacebook.com (2013) is Instagram, byvoorbeeld, die gewildste Facebook-geïntegreerde platform met ongeveer 44 miljoen gebruikers en Pinterest met ongeveer 20 miljoen. Hierdie gebruikers kry toegang tot hierdie platforms deur die gebruik van Facebook.

5.2.4 Populêre MIM-platforms in Suid-Afrika

Mxit: 29% Van die Friendship 2.0 (2009) verslag se paneel het aangedui dat hulle gebruikers is van hierdie platform. Een van die redes vir Mxit se gewildheid is dat Mxit nie soos ander MIM's werk nie. Nie soos ander MIM's op die Suid-Afrikaanse mark, is Mxit netwerk onafhanklik; dit is werksaam tussen enige deelnemers aan enige netwerkverskaffer en die deelnemers hoef nie op dieselfde netwerk te wees nie terwyl sommige MIM's vereis dat deelnemers gebruik maak van dieselfde netwerk (Chigon et al. 2009: 2). Alhoewel Mxit steeds beweer dat daar 6.5 miljoen gebruikers op hierdie platform aktief is, word aktiewe gebruikers stelselmatig minder a.g.v. kompeterende MIM platforms soos Whatsapp (Web AddiCT(s), 2013).

Whatsapp*:* Hierdie platform groei geweldig terwyl platforms soos Mxit kwyn. Volgens WebAddiCT(s) (2013) sal Whatsapp binnekort die 10 miljoen-gebruiker merk haal: "Die rede waarom daar so 'n skielike verandering is, lê in die gedrag van die gebruiker en hoe die tegnologie werk; WhatsApp was die eerste groot MIM kliënt wat, soos SMS, slegs vereis dat die gebruiker 'n ander se nommer ken, teenoor ander platforms wat gebruikers vra om 'n rekening te open en ander gebruikers se name te ken voordat hulle gekontak kon word. Anders as SMS, gebruik dit data konneksie en stel die gebruiker dus in staat om 'n boodskap te stuur teen 'n fraksie van die prys van 'n SMS.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

BlackBerry Messaging: Ten spyte van meer bekende, gewilde en makliker bekombare MIM-platforms, moet BlackBerry Messaging nie afgeskryf word nie. In 2012 het BlackBerry blykbaar oor 18% van die MIM mark beskik terwyl dit in 2010 slegs 4% gehad het. Suid Afrika het die hoogste persentasie BlackBerry gebruikers wat van die BBM (BlackBerry Messaging) diens gebruik maak in die wêreld (ProPaySa, 2012).

Ander*:* Die navorser bevestig weer dat daar moontlik honderde of selfs duisende ander MIM-platforms bestaan, soos Google Talk, Meebo, Trillian, Beejive ens. Die platforms wat voorheen bespreek is, word egter as die belangrikste en mees populêre MIM dienste in Suid-Afrika beskou en daarom word dit uitgesonder en die ander word nie in hierdie studie bespreek nie.

Dit is dus duidelik uit die bogenoemde statistieke dat SIT en MIM-tegnologie ’n rol speel in die lewe van Suid-Afrikaners en dat adolessente nie hierby uitgesluit word nie. Nie net word die lewens van adolessente geraak deur die gebruik van sosiale media nie, maar daar is ’n aantrekking vir adolessente tot die gebruik van sosiale mediaplatforms, soos Facebook, wat in die volgende afdeling bespreek sal word.

5.3. Aanloklikheid van sosiale media vir adolessente

Die gebruik van sosiale mediaplatforms is aantreklik vir adolessente en het ’n enorme impak op hulle lewens. Die sosiale media revolusie het nie net alle aspekte van die samelewing geraak en verander nie (Qualman, 2013: 15), maar het ook alle aspekte van ons individuele en private lewens geraak en nog meer die lewens van adolessente wat binne hierdie “digital age” grootword (Cloete, 2013: 4). Adolessente word groot in ’n wêreld waar hulle aanlyn en werklike lewens geïntegreerd is. In hierdie afdeling sal die aanloklikheid van sosiale media vir adolessente en hulle motivering vir die gebruik van hierdie platforms bespreek word deur eerstens aan te sluit by die navorsing wat in hoofstuk 4, rakende ontwikkelingsteorie geskryf is. In hoofstuk 4 is die fase van adolessensie en die take van hierdie fase breedvoerig bespreek deur te verwys na verskillende navorsers op die gebied van ontwikkelingsteorie wat saamstem dat die oorhoofse tema van adolessensie die soeke na identiteit is. In ’n wêreld wat redelik onlangs deur ’n sosiale media revolusie (Qualman, 2013: 15) gegaan het, vind ons dat adolessente op nuwe maniere hul

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

identiteit ondersoek deur gebruik te maak van sosiale mediaplatforms soos Facebook, as ’n ekstensie van hulself.

Tweedens word die aanloklikheid van sosiale media vir adolessente bespreek t.o.v. die vorming en instandhouding van verhoudings. Volgens Koroleva et al. (2011: 1) kan Adolessente se verhoudingsmatige motivering vir die gebruik van Facebook opgedeel word in twee kategorieë: Implisiet en Eksplisiet. Implisiete motivering sluit in die adolessent se behoefte om deur die gebruik van sosiale media die self te kan verteenwoordig deur te kies met wie hulle wil vriende wees, ondersteuning te ontvang van ander binne die adolessent se portuurgroep en om pret te hê deur te kies by watter aanlyn gemeenskap hulle wil inskakel. Maar die eksplisiete motivering sluit die verwagting van kommunikasie met ander, om informasie te deel, die behoefte om met ander kontak te maak en om werklike ontmoetings van lyn af te organiseer in.

Derdens moet die aanloklikheid van vermaak deur die gebruik van platforms soos Facebook genoem word en met ’n laaste paar opmerkings hieroor sal hierdie afdeling afgesluit word.

5.3.1 Eksperimentering met Identiteite

Gengler (2011) van extension.umn.edu sê dat die ontwikkeling van identiteit, wat die hoofdoel van adolessensie is (Jung, 1971 in Clark ,2001: 48 & Kelcourse, 2004: 229), definitief ’n rol speel in die aanloklikheid van sosiale media vir adolessente. Sosiale media- platforms, soos Facebook, word nie net deur adolessente gesien as ’n effektiewe en vinnige manier om op passiewe en aktiewe manier te kommunikeer nie, maar as ’n ekstensie van hulself. Sosiale mediaplatforms bied aan adolessente ’n ruimte waarbinne hulle met hulle identiteit kan eksperimenteer. Oor die algemeen stem navorsers saam dat die internet aan die gebruiker onskatbare geleenthede bied om te eksperimenteer met identiteit (vb. Katz & Rice, 2002: 315; Smith & Kollock, 1999: 27). Valkenburg et al. (2005: 384) vat bogenoemde navorsing goed saam en sê dat daar drie praktiese redes is waarom adolessente sal kies om d.m.v. sosiale media te eksperimenteer met hulle identiteit. Eerstens kan gebruikers van die sosiale media kies watter deel van hulle fisiese voorkoms hulle wil beklemtoon, wil wegsteek of verander in die voorstelling en verteenwoordiging van hulleself wanneer hulle aanlyn sosialiseer. Tweedens is die anonimiteit, of gedeeltelike anonimiteit van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

internet-gebaseerde kommunikasie ’n motivering om meer gewaagde aspekte van hulleself aanlyn te openbaar omdat die potensiële gevolge anders of minder dreigend kan wees as die gevolge in verhoudings wat van lyn af bestaan. Laastens skep die gebruik van sosiale platforms ook gemeenskappe wat geïsoleerd is van gemeenskappe waarin die adolessent in die werklikheid hom- of haarself bevind. Hierdie aanlyn en geïsoleerde gemeenskappe vra egter nie dieselfde graad van verbintenis en verantwoording as werklike gemeenskappe nie en maak die adolessent, of enige ander gebruiker, vry om te eksperimenteer met sy/haar identiteit.

Alhoewel hierdie praktiese eienskappe van sosiale media verantwoordelik kan wees vir die populariteit van sosiale media by adolessente, is daar egter ook sielkundige behoeftes wat deur die gebruik van sosiale media bevredig kan word. Valkenburg et al. (2005: 383) het in hulle navorsing oor adolessente se neiging om die internet te gebruik in hulle eksperimentering met identiteit gevind dat daar drie hoof sielkundige motiverings is: selfverkenning (om uit te vind hoe ander sal reageer), sosiale kompensasie (om skaamheid te oorkom) en sosiale fasilitering (om die formasie van verhoudings te fasiliteer). Lerner & Steinberg (2009: 324) skryf ook oor die rol van sosiale media binne die sosialisering van adolessente en sê dat adolessente se gebruik van sosiale media ook identiteit formasie insluit. Waar hierdie navorsing egter verder gaan is in die stelling dat die vryheid van keuse wat adolessente binne sosiale media het, baie meer is as die vryheid wat hulle het binne ander instellings soos skole, families, gemeenskappe en selfs die kerk. Hierdie vryheid stel hulle in staat om platforms, aktiwiteite, inligting en kommunikasiemediums te kies wat die beste by hulle identiteit, smaak en voorkeur pas en lei dan so tot ’n groot mate van self-sosialisering. Die potensiaal vir self-sosialisering gee aan die adolessent geleentheid om ’n verskeidenheid bronne te soek wat sy behoefte vir selfverkenning, sosiale kompensasie en sosiale fasilitering (Valkenburg et al., 2005: 383) binne die eksperimentering met identiteit kan bevredig. Hierdie bespreking kan egter nie verder gaan sonder om meer omvattend oor die konsep van identiteit te praat nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Identiteit vs. self

Navorsers soos Brinthaupt & Lipka (2002: 1), Harter (1999: 20) en Hogg et al. (1995: 255) is van mening dat, alhoewel die konsep van ’n individuele ‘self’ en ’n individu se identiteit verwant is aan mekaar, daar tog ’n verskil is. Identiteite verskil in verskillende verhoudingsmatige kontekste soos familie, portuurgroep en skool. Dit beteken dat identiteit verbind word aan die individu se vermoë om volgens sosiale verwagtinge, norme ’n waardes op te tree, soos verwag in die verskillende situasies waarin hy/sy hom- of haarself mag bevind. Valkenburg et al. (2005: 384) gebruik die definisie van Finkenauer et al. (2002: 2) wanneer hy die konsep van identiteit definieer: “Identity represents the aspect of the self that is accessible and salient in a particular context and that interacts with the environment.” ’n Individu met ’n sin van self en gepaardgaande en gekompartementaliseerde identiteite, neem deel aan ‘n sosiale lewe deur “self-presentation”.

‘Self-Presentation’ en self-verteenwoordiging

“Self-presentation” is volgens Gilbert (1998: 680) die manier waarop ’n individu inligting en beelde van die hulself aan ander openbaar. Jones & Pittman (1982) in Tenenbaum & Eklund (2007: 152) bespreek verskillende strategieë breedvoerig wat individue volg tydens “self-presentation”: Die ‘ingratiator’ wat hom- of haarself so aantreklik as moontlik wil laat lyk, die ‘intimidator’ wat vrees en vertroue in hom- of haarself wil bewerkstellig en laastens die ‘self-promoter’ wat ander van sy vaardighede wil oortuig. Vir hierdie studie gaan hierdie strategieë nie verder bespreek word nie en slegs gebruik word om aan te dui dat sosiale media die adolessent geleentheid bied om enige van hierdie strategieë vrylik te volg in hulle “self-presentation”. Koroleva et al. (2011: 1) beskryf dieselfde konsep met ’n ander naam: ‘self-verteenwoordiging’. Hulle stel dit egter ook dat adolessente deur die gebruik van sosiale media die unieke moontlikheid het vir selektiewe self verteenwoordiging wat nie in die werklikheid bestaan nie of baie skaars is. Daarom sal adolessente probeer populêr en belangrik lyk deur soveel as moontlik vriende te maak op platforms soos Facebook en hulle begeerlike eienskappe te beklemtoon op hulle aanlyn aanwesigheid.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Deur die proses van ‘self-presentation’ of self verteenwoordiging, het die adolessent die potensiaal, moontlik gemaak deur die gebruik van sosiale media, om verskillende gekompartementaliseerde identiteite te skep vir verskillende verhoudingsmatige kontekste. Die taak en doel van adolessensie is egter die vind van een identiteit as outonome self (Kelcourse, 2004: 229).

Van verskillende gekompartementaliseerde identiteite na een self

Die proses van adolessensie, wat vroeër in hoofstuk 4 bespreek is, is egter nie die aanhoudende skep van nuwe identiteite vir verskillende kontekste nie, maar die vorming van die individu as ’n outonome persoon wat verantwoordelikheid kan neem vir hulle lewe. Valkenburg et al. (2005: 384) het ’n ander aanslag as navorsers soos Kelcourse (2004: 229) wanneer dit kom by die taak van adolessensie. Waar sommige navorsers gebruik maak van die konsep van ‘individuation’ om die taak van adolessensie te verduidelik, sê hulle dat die eksperimentering met identiteite en ‘self-presentation’ van groot belang is tydens die fase van adolessensie. Vir hulle word adolessensie gekarakteriseer deur ’n toename in gekompartementaliseerde identiteite wat verskil in verskillende verhoudingsmatige kontekste soos dit nodig mag wees. Eintlik beskryf Valkenburg et al. (2005: 384) en Kelcourse (2004: 229), die taak van adolessensie op dieselfde manier, alhoewel dit op verskillende maniere gedoen word. Valkenburg et al. (2005: 384) haal die werk van Josselson (1994: 12) en Marcia (1993: 13) aan wanneer daar in hulle navorsing gestel word dat die taak van adolessensie die transformasie van hierdie gekompartementaliseerde identiteite is in ’n geïntegreerde verstaan van hulself.

Die feit dat sosiale media deel uitmaak van adolessente se lewens kan nie ontken word nie, maar die gevolge wat die gebruik van sosiale media op die lewens van adolessente het, is nie altyd maklik om te bepaal nie. Later in hierdie studie sal daar geskryf word oor die moontlike impak wat die gebruik van sosiale media op een aspek van adolessente se lewens het, naamlik verhoudings, maar vooraf moet daar kortliks opmerkings geskryf word oor die moontlike gevaar van adolessente se eksperimentering met identiteit d.m.v. sosiale media.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Moontlike gevaar van adolessente eksperimentering met identiteit d.m.v. sosiale media

Die groot vryheid binne die gebruik van media lei egter ook dikwels tot ’n botsing tussen die adolessent se gedrag en die sosiale verwagtinge van die adolessent se onmiddellike omgewing. Omdat die boodskappe wat adolessente deur media en sosiale media ontvang, anders of in teenstelling kan wees met die verwagting van die onmiddellike omgewing, soos die skool, kerk, familie, waarin die adolessent hom- of haarself bevind wanneer hy/sy nie aanlyn is nie, kan daar moontlik wrywing bestaan tussen adolessente en gesagsfigure soos ouers, onderwysers en sekerlik ook jeugwerkers. Hierdie stelling van Lerner & Steinberg (2009: 234) herinner aan Clark (2001: 56) se stelling wat vroeër gemaak is, dat adolessente in vroeë adolessensie met verskillende identiteite eksperimenteer wat kan lei tot wrywing binne die familie. Adolessente is meer vatbaar vir sosiale groepsdruk as ouer generasies en daarom sal adolessente doen wat die meerderheid gebruikers van hulle ouderdomsgroepe as aanvaarbaar vind en dit tel dan ook vir die kies van vriende ens. op Facebook. Koroleva et al. (2011: 1) waarsku ook gereeld teen die gevare van eksperimentering op sosiale media en sê: “Die begeerte om die self te verteenwoordig lei gereeld daartoe dat adolessente geweldige groot gedeeltes persoonlike inligting bekendmaak wat die moontlikheid vir privaatheid bedreigings inhou, soos ‘stalking’ en identiteitsdiefstal.”

5.3.2 Vorming en instandhouding van verhoudings

Soos daar reeds in die bespreking oor adolessensie in hoofstuk 4 geskryf is, word die verhoudings met ander adolessente binne ’n adolessent se portuurgroep al hoe meer belangrik. Die verhoudingsmatige motivering vir adolessente om gebruik te maak van sosiale media sal in hierdie afdeling bespreek word. Clark (2001: 41) gebruik die navorsing van ’n verskeidenheid navorsers in die veld van ontwikkelingsteorie om te stel dat die verhoudings met en binne die portuurgroep al hoe meer belangrik raak in die middel en later fase van adolessensie, alhoewel die familiale verhoudings steeds noodsaaklik is. Die verhoudings met ander buite die familie is nodig omdat die adolessent op hierdie manier leer hoe om in ’n wêreld te sosialiseer as ’n outonome, interafhanklike en meer onafhanklike persoon en identiteit as vroeër (Santrock, 1990, in Clark 2004: 28). Een van die middele wat

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

adolessente gebruik om kontak te maak met ander adolessente binne hulle portuurgroep is deur die gebruik van sosiale media platforms soos Facebook.

Gengler (2011) van extension.umn.edu fokus op die behoefte aan verhoudings met ander adolessente as die basis vir haar beskrywing van die aanloklikheid van sosiale media vir adolessente. Hy sê dat adolessente die internet as ’n ruimte sien waar hulle met ander kan sosialiseer en, veral deur die gebruik van selfone, konstant met mekaar kan kommunikeer. Vandag se adolessente gebruik die sosiale media om vinnig en effektief sosiale status en inligting oor hulleself bekend te maak. Die gebruik van die internet gee adolessente die geleentheid om tot dieper verbintenis met mekaar te groei en selfs om ander te ontmoet. Vir hierdie afdeling gaan Koroleva et al. (2011: 1) se implisiete en eksplisiete verdelings vir adolessente se gebruik van Facebook om verhoudings te vorm en te onderhou, gebruik word.

Implisiete motivering vir die gebruik van sosiale media

Implisiete motivering sluit in die adolessent se vermoë om deur die gebruik van sosiale media die self te kan verteenwoordig, te kies met wie hulle wil vriende wees en ondersteuning te ontvang van ander binne die adolessent se portuurgroep en om pret te hê deur te kies aan watter aanlyn gemeenskappe hulle wil behoort. Die hooftema is dat die adolessent implisiet gemotiveer word om homself/haarself te verteenwoordig en dat hierdie vermoë selfs bepaal met wie hulle aanlyn vriende word en aan watter aanlyn gemeenskappe hulle wil behoort.

Eerstens moet hier ’n verband getrek word tussen wat onder die “eksperimentering met identiteite” gesê is en die verhoudingsmatige behoefte binne self-verteenwoordiging. Soos vroeër genoem, gee Facebook die adolessent geleentheid om hom/haarself te verteenwoordig op ’n manier wat nie altyd in van-lyn-af situasies moontlik is nie. Die meeste adolessente deurdink watter informasie bekend gemaak word, selfs watter vriendskappe sigbaar is, op grond van hoe ander daarop gaan reageer. Koroleva et al. (2011: 1) se studie wys ook dat adolessente ’n oorvloed informasie in die gesig staar en daarom versigtig die informasie wat hulle beskikbaar maak kies. Die studie wys dat adolessente besluit watter informasie, populêr, relevant of irrelevant is, gebaseer op die smaak en voorstelle van vriende, ligging, belangstelling ens. Alhoewel hierdie die geval is met baie adolessente, kies baie adolessente net om irrelevante informasie te ignoreer sonder om hierdie bronne van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

informasie te verwyder uit hulle netwerk of selfs net weg te steek. Natuurlik is die besoek van ander Facebookgebruikers se profiele 'n groot bron van inligting invordering om vas te stel watter inligting of voorstelling van die self gewens is.

Eksplisiete motivering vir die gebruik van Facebook

Die eksplisiete motivering is die verwagting van kommunikasie met ander, om informasie te deel, die behoefte om met ander kontak te maak en om werklike ontmoetings van lyn af te organiseer. Die implisiete motivering wat vroeër bespreek is, is meer passief van aard en het hoofsaaklik te doen met die selfverteenwoordiging van die adolessent. Die eksplisiete motivering wat hier bespreek word, is egter weer meer aktief en het te doen met die stuur van boodskappe en die soek na geleenthede om kontak te maak met ander. Facebook gee adolessente die geleentheid om vriende te maak deur vriendversoeke te stuur, voorgestelde vriende te aanvaar en ander gebruikers wat vriendversoeke gestuur het te aanvaar of te weier. Lenhart en Madden (2007: 5) het gevind, soos baie ander navorsers, dat byna alle gebruikers van Facebook hierdie platform gebruik om verhoudings met mense in hulle onmiddellike omgewing, sowel as met vriende en familie wat vêr is in stand te hou. Hierdie studie is in Amerika gedoen onder adolessente gebruikers van Facebook. Die bevindings het gewys dat 17% van hierdie adolessente wat Facebook gebruik, ook Facebook vriendskappe het met persone wat hulle nog nooit ontmoet het nie. Hierdie vriendskappe is gevorm deur kontak te maak met vriende van vriende en 9% het aangedui dat hulle vriendskappe het met mense wat nie hulle of hulle vriende ken nie. Die laasgenoemde vriendskappe word gevorm in groepe van persone wat dieselfde belangstelling deel en natuurlik met vreemdelinge wat ander vreemdelinge op lukrake maniere kontak. In Koroleva et al. (2011: 1) se studie het die navorsers gevind dat meeste adolessente egter vriende kies en aanvaar gebaseer op die verwagtinge geskep deur groepsdruk.

Die gebruik van sosiale media is natuurlik ook 'n manier om vinnig en aanhoudend kontak te hou met vriende. Menige navorser (bv. Kraut et al., 2002: 49; Strommen & Hardel, 2000: 356) het gevind dat die gebruik van Facebook die potensiaal het om verhoudings te verdiep en te versterk. Subrahamanyam et al. (2008: 420-433) het ook gevind dat die meerderheid Facebookgebruikers hierdie platform gebruik om verhoudings wat buite Facebook bestaan te versterk en te verdiep. Hierdie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verskynsel is hoofsaaklik a.g.v. die gewoonte om Facebook en ander platforms te gebruik om met vriende en familie buite Facebook te kommunikeer. Facebook gee die gebruiker die geleentheid om media soos foto's en films van hulleself en ander publiek te maak en ook vriendskappe en verbintenisse met ander aan die publiek te kommunikeer met die gebruik van "posts". Kobler et al. (2010: 247) het 'n interessante studie gedoen oor die verband tussen die gebruik van Facebook en die gevoel van gemeenskaplike verbintenis. Die resultate het gewys dat hoe meer 'n individu hul "status post" opsie gebruik, hoe meer verbintenis het hulle tussen hulle en hulle Facebook vriende gevoel, aanlyn en van lyn af. Die analise van die tipe en hoeveelheid van informasie wat gedeel word, het gewys op 'n kwantitatiewe verhouding tussen verbintenis en die ekstensiewe aard van die informasie wat gedeel word. Dit beteken dat die gevoel van verbintenis waarskynlik afhang van die hoeveelheid boodskappe of "posts" en nie die tipe informasie wat 'n individu bekend maak nie. Wat egter ook gevind is, is dat die reaksie in van-lyn-af aktiwiteite soos ontmoetings gebaseer op informasie wat gedeel is, nie werklik afhang van die kwantiteit passiewe of aktiewe reaksie op ander se "posts" nie.

Die grens tussen implisiet en eksplisiet kan maklik oorskry word, veral wanneer dit by die behoefte aan kommunikasie met ander kom. Sosiale mediaplatforms, soos Facebook, bied adolessente 'n groot verskeidenheid kommunikasiemetodes. Adolessente kan privaat boodskappe stuur, met 'n spesifieke groep praat of met die publiek in geheel, hierdie kommunikasie kan wederkerend of slegs eenrigting wees. Die navorsing van Koroleva et al. (2011: 1) dui aan dat adolessente van al hierdie metodes gebruik maak. Die keuse van metode word bepaal deur die aard van die boodskap (meer sensitiewe inligting sal vir 'n kleiner gehoor gestuur word) as reaksie gesoek word op 'n algemene opmerking, sal publieke kommunikasie gebruik word en soms sal geen antwoord of wederkerende kommunikasie gesoek word nie en kan enige van hierdie metodes slaag.

Laastens moet hier ook genoem word dat sosiale mediaplatforms soos Facebook ook dien as 'n bron van ondersteuning vir die adolessent deur die verbintenis met ander binne sy/haar familie of portuurgroep. Ellison et al. (2007: 12, 2011: 1) het in 'n studie gevind dat Facebookgebruikers wat aangedui het dat hulle 'n lae selfbeeld het, beter begin voel het oor hulleself nadat hulle Facebook begin gebruik het. Die gebruik van Facebook bied die potensiaal vir gebruikers om sosiale status te

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verhoog en sosiale kapitaal te bekom, wat nie noodwendig in werklikheid moontlik is nie. (Ellison et al. 2007: 12) Gebruikers met ‘n lae selfbeeld sou beter begin voel as inligting wat hulle bekend maak deur die verskillende Facebookfunksies soos “share”, “post” ens., aandag deur ander gebruikers geniet soos aangedui deur “comments” en “likes”. Wat meer is is dat navorsing oor die gebruik van Facebook ook aandui dat platforms soos Facebook gebruik word om verhoudings wat buite Facebook bestaan te versterk en te verdiep. Daar is ook gevind dat hierdie versterking en verdieping emosionele ondersteuning bied aan gebruikers. Gebruikers sou byvoorbeeld op ’n algemene “post” of vir ’n selektiewe gehoor bekend maak dat hulle deur ’n moeilike tyd gaan en sou dan amper onmiddellike bemoediging ontvang van ander gebruikers of selfs vreemdelinge, afhangende van waar hierdie informasie bekend gemaak word.

5.3.3 Vermaak as motivering vir die gebruik van Facebook

Die laaste bron van motivering vir die gebruik van Facebook deur adolessente wat vroeër genoem is, is die potensiaal wat Facebook aan die gebruiker bied om vermaak te bekom. Die vermaak waarna hier verwys word, is die reuse verskeidenheid aanlyn speletjies wat beskikbaar is via Facebook. Koroleva et al. (2011: 1) se navorsing oor adolessente se gebruik van Facebook het gevind dat adolessente hierdie speletjies meer tydrowend, oorvloedig en oor die algemeen net nie as koste-effektief beskou nie. Alhoewel dit dalk die geval mag wees, rapporteer insidefacebook.com (2013) dat die mees populêre speletjie op Facebook, Farmville 2, 43 500 000 aktiewe gebruikers het wat maandeliks deelneem. Die motivering vir vermaak, veral in die vorm van speletjies, is nie die grootste motivering vir die gebruik van sosiale media nie, veral nie binne Facebook nie, maar hierdie speletjies skep ook geleentheid vir adolessente om verhoudings met vreemdelinge te vorm deur die gesamentlike betrokkenheid by ’n spesifieke speletjie.

Dit is duidelik dat sosiale media platforms soos Facebook baie aanloklik is vir adolessente gebruikers, maar die moontlik impak wat die gebruik van platforms soos Facebook op die verhoudings van adolessente het, moet van kennis geneem word en sal hieronder bespreek word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.4. Effek van sosiale media gebruik op adolessente se verhoudings

Buiten die relevansie van Facebook as populêre sosiale mediaplatform, moet die effek van die gebruik van hierdie tipe platforms op die lewens en verhoudings van adolessente genoem word as 'n sterk motivering vir hierdie studie. Navorsing dui aan dat die sosiale mediaplatform nie slegs verstaan moet word as 'n bedieningsmedium nie, maar dat die gebruik van sosiale mediaplatform-gebruikers, veral adolessente, op 'n eksistensiële vlak beïnvloed en so ook selfs die wyse van kerkwees en geloofs- praktyke uitdaag en beïnvloed. Die navorsing wat vroeër bespreek is oor hoe adolessente sosiale media gebruik om met identiteit te eksperimenteer en wat adolessente motiveer om gebruik te maak van sosiale media lig hierdie feit, dat sosiale media adolessente op 'n eksistensiële vlak beïnvloed, duidelik toe. Navorsers soos Cloete (2013: 5) bespreek hoe die gebruik van sosiale media adolessente se wyse van kerkwees en geloofs- praktyke kan uitdaag en beïnvloed deur spesifiek te verwys na die aard van gemeenskap en hoe daar 'n verskil bestaan tussen "Online religion" en "religion online". "Online religion" beteken dat geloofspraktyke soos gebed en nagmaal aanlyn plaasvind terwyl "religion online" beteken dat daar geloofs- en teologiese- informasie uit 'n verskeidenheid bronne aanlyn beskikbaar is. Beide "online religion" en "religion online" gee aan die gebruikers, soos adolessente, die vermoë om op 'n groot verskeidenheid maniere hulle geloof te vorm en op eindelose maniere in te skakel by geloofsgemeenskappe.

Baie van die navorsing wat gedoen is oor MIM's en SIT's het gefokus op die effek wat hierdie tegnologie op die skep en onderhoud van verhoudings het. Met die huidige fokus op verhoudings en verhoudingsgerigtheid in jeugbediening, soos voorheen genoem, is hierdie navorsing van groot belang en motivering vir hierdie studie. Sommige studies ondersteun die siening dat hierdie tegnologie die skep van nuwe verhoudings en die verdieping en onderhoud daarvan aanhelp (bv. Kraut et al, 2002: 346) terwyl ander studies weer fokus op die afbreek aan die kwaliteit van verhoudings en die algehele negatiewe effek wat hierdie tegnologie op die samelewing het (bv. Kraut et al., 2002: 346; McKenna et al., 2002: 9; Riva & Galimberti, 1998: 434).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

’n Derde siening oor die gebruik van hierdie tegnologie beweer dat dit die vorm van ’n “rykes word ryker en armes word armer”-model aanneem soos gesien in Lee (2009: 509) se artikel: *Online communication and adolescent social ties: who benefits more from internet use?* Hierdie teorie beweer dat adolessente wat reeds gesonde verhoudings het en wat oor sosiale vaardighede beskik, MIM en SIT tegnologie sal gebruik om verhoudings te versterk en nuwes te vorm terwyl diegene wat eensaamheid beleef geneig sal wees om riskante gedrag te openbaar in hulle gebruik van MIM en SIT tegnologie en te verdiep in hul eensaamheid en moontlike depressie. Dit is dus duidelik dat die gebruik van SIT-platforms soos Facebook in verhoudingsgerigte jeugbediening die potensiaal het om positief en/of negatief by te dra tot die lewens en verhoudings van adolessente. Hierdie studie fokus egter nie net op die effek van sosiale media gebruik op adolessente nie, maar dit is belangrik om te besef dat die gebruik van sosiale mediaplatforms ’n geïntegreerde en belangrike deel uitmaak van die lewens van adolessente en so ook in ons bediening aan adolessente.

In die volgende afdeling sal spesifiek aangetoon word watter moontlike positiewe of negatiewe effekte die gebruik van sosiale media op die verhoudings van adolessente mag hê. Kraut et al. (2002: 346) gee ’n goeie uiteensetting van die positiewe en negatiewe effekte wat die gebruik van MIM en SIT op die gebruiker het. Kraut et al. (2002: 346) se vertrekpunt is dat die meerderheid internetgebruikers die internet gebruik vir kommunikasie- doeleindes. Kommunikasie sluit dan egter ook die gebruik van sosiale media- platforms in waarop gebruikers kommunikeer sonder om noodwendig ’n dialoog of gesprek te begin. Hierdie stelling kan versterk word deur navorsing wat daarop wys dat die gebruik van sosiale media die mees populêre aktiwiteit vir internetgebruikers is, bo die soek en verbruik van pornografie wat deur reuters.com gerapporteer is as die mees populêre aktiwiteit vir baie jare (Goldsmith, 2008). Met die navorsing tot ons beskikking, soos deur die Friendship 2.0 (2009) verslag wat vroeër genoem is en internetverslae van Mastercard, soos geanaliseer op Southafricaweb.co.za (2010), is dit duidelik dat Suid-Afrikaners en veral adolessente toegang tot die internet het en definitief gebruik maak van sosiale mediaplatforms.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die gebruik van hierdie sosiale mediaplatforms het definitief ’n effek op die gebruiker en in die volgende onderafdelings sal die positiewe effekte wat sosiale media moontlik mag hê bespreek word en daarna sal die negatiewe effekte bespreek word.

5.4.1 Positiewe effekte

Sommige navorsers het positiewe en negatiewe effekte van die gebruik van sosiale media op die verhoudings van adolessente waargeneem. In hierdie afdeling sal die waarnemings van navorsers egter nie gegroepeer word volgens navorsers nie, maar onder temas wat in hul navorsing geïdentifiseer is en ooreenstem met ander navorsers se werk. Vervolgens sal die moontlike positiewe effek van die gebruik van sosiale media op die verhoudings van adolessente onder die volgende opskrifte behandel word:

Norms en waardes word versterk

Kraut et al. (2002: 346) sê dat, as die internet hoofsaaklik vir kommunikasie-doeleindes gebruik word, dit ’n positiewe sosiale effek sal hê. Kommunikasie en kontak met bure, vriende, familie en deelname aan ’n sosiale groep, versterk mense se sosiale ondersteuning, die vermoë om sinvolle volwasse verhoudings te hê, ’n sin van betekenis en verhoog hulle verbintenis aan die norms en waardes van hulle gemeenskap asook hul sielkundige en fisiese welsyn.

Strommen en Hardel (2000: 36;155) kom tot dieselfde gevolgtrekking t.o.v. kommunikasie en kontak met vriende, familie en ’n sosiale groep. Volgens hulle sal die waarskynlikheid verhoog vir adolessente om die tien kenmerke van ’n lewe verbind tot Jesus Christus te leef, as daar effektiewe kommunikasie in hulle huisgesin is en konstruktiewe deelname aan die sosiale groep van hul gemeente en Christen-subkultuur deel word van hulle lewens. Die tien kenmerke van ’n lewe verbind tot Jesus Christus volgens Strommen en Hardel (2000: 36; 155) is:

- Geloof in ’n persoonlike Christus
- Verstaan en leef in genade,
- Gereelde kommunikasie met God,
- Morele verantwoordelikheid,
- Verantwoordelikheid in die gemeente,
- Liefdevolle lewe,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Aanvaar verantwoordelikheid,
- ’n Positiewe houding,
- Deelname aan rituele in die Christen gemeenskap,
- Deelname aan sending en diens

Verhoudings word versterk deur kommunikasie

Deur die internet te gebruik vir kommunikasie kan die internet belangrike positiewe sosiale effek op individue, groepe en organisasies, gemeenskap en selfs die breë samelewing hê. Omdat die internet sosiale kontak bied ten spyte van tyd, afstand en persoonlike omstandighede, word mense toegelaat om kontak te hê met naby en vêr familie, vriende, medewerkers, besigheidsvennote en vreemdelinge wat dieselfde belangstellings deel (Kraut et al. 2002: 348). Kraut et al. (2002: 348) vergelyk die gebruik van die internet vir kommunikasie met die vroeë gebruik van die telefoon; dit kan die vorming van nuwe verhoudings, sosiale identiteite en solidariteit met vooraf geïsoleerde persone fasiliteer.

Opvoeding word gefasiliteer

Nog een positiewe effek wat SIT/MIM-gebruik kan inhou is die gebruik daarvan vir opvoedkundige doeleindes. Butgereit (2008: 1) het ’n gevallestudie gedoen oor die gebruik van ’n MIM-platform, Mxit, in die gebruik vir opvoedkundige ondersteuning aan laer- en hoërskoolleerders in wiskunde en natuurwetenskappe. Dr. Math, wat in 2007 begin het, was ’n program waarin tutors gekies en aangestel word om leerders se vrae oor wiskunde en natuurwetenskap te antwoord. Die leerders het op die MIM-platform, Mxit, vrae aan Dr. Math gevra, wat dan later deur ’n tutor beantwoord is en op hierdie manier akademiese hulp bied aan leerlinge in ’n land waar daar ongeveer 11 miljoen gebruikers van Mxit is en ongelukkig te veel onderwysers met min tot geen kennis en opleiding in wiskunde en natuurwetenskap. Soortgelyke en nog meer mentor en opvoedkundige hulp kan op Facebook gevind word deur net ’n eenvoudige soektog op enige gewilde soekenjin soos Google.com. Alhoewel hierdie waarnemings nie ’n direkte impak het op die verhoudings van adolessente nie, is dit tog van waarde binne jeugbediening, aangesien opvoeding steeds een van die take van jeugbediening is.

Die voorafgaande bespreking oor die potensiaal vir positiewe effek wat die gebruik van sosiale media op die gebruiker se verhoudings mag hê, gee ons ’n beter

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verstaan van die konteks waarin adolessente leef. Die gebruik van sosiale media kan egter ook negatiewe effekte op die gebruiker hê en sal dus hieronder bespreek word.

5.4.2 Negatiewe effekte

Die negatiewe effekte van die gebruik van sosiale media wat hieronder bespreek word, draai alles rondom die verweer van kommunikasiekanale. Die onderskeid wat wel getref word in die onderste afdelings is egter nodig omdat kommuniksie op verskillende maniere kan geskied.

Meer oppervlakkige verhoudings:

Die vrese, volgens Kraut et al. (2002: 346), is dat die gemak van die internet mense sal aanmoedig om meer tyd alleen, in kommunikasie met vreemdelinge of vorming van oppervlakige verhoudings, te spandeer. Sodoende word tyd in dieper gesprekke en gemeenskap met vriende en familie afgeskeep. Cummings et al. (2002: 103) argumenteer dat, selfs al spandeer baie internetgebruikers tyd aan kommunikasie, die kommunikasiemiddele van die internet baie onpersoonlik en oppervlakkig is. Die navorsing van Cummings et al. (2002: 103) wil voorstel dat mense internet-kommunikasie, soos die stuur en ontvang van e-posse, as minder effektief ervaar in die onderhoud van verhoudings as persoon-tot-persoon gesprekke.

Minder fisiese interpersoonlike gesprekke

Verder kan die internet, selfs as dit gebruik word om met naby vriende en familie te kommunikeer, die waardevolle een-tot-een gespreke vervang. Lee (2009: 509) gebruik die konsep van ’n ‘displacement hypothesis’. Hierdie hipotese van Lee (2009: 509) word ondersteun deur ’n ouer studie van Kraut et al. (1998: 1017), die HomeNet studie. Hierdie studie het waargeneem dat die toename in die gebruik van die internet ’n direkte inverse impak op kommunikasie met die familie gehad het. Lee (2009: 509) se teorie is dat tyd aanlyn die tyd verminder wat adolessente saam met familie en vriende sou spandeer. Die gevolg van hierdie vermindering in tyd saam met familie en vriende veroorsaak dat die verbintenis tussen die adolessent en sy vriende binne die portuurgroep en familie verswak. Mesch (2003: 1038, 2006: 119) se navorsing het gefokus op adolessente se internetgebruik en die diepte van sy/haar verhouding met die familie. Wat Mesch (2003: 1038, 2006: 119) gevind het,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

was dat die verhouding met die familie verswak het en dat ’n toename in die gebruik van die internet selfs gelei het tot ’n verhoging in familiekonflik.

Noudat ’n breër oorsig gegee is oor adolessente se aanlyn aktiwiteite, die sosiale media landskap van Suid-Afrika gegee is en die aanloklikheid van sosiale media vir adolessente bespreek is, gaan daar in die volgende afdeling verduidelik word waarom die sosiale mediaplatform van Facebook vir hierdie studie gekies is.

5.5. Hoekom Facebook?

Die navorser kies om slegs op die platform van Facebook te fokus omdat Facebook oor ’n groot verskeidenheid fasette beskik en die funksionaliteit van platforms wat al voorheen genoem is dek. Op die Facebook webwerf (www.Facebook.com) kan die gebruiker die verskillende moontlikhede en gebruike van die Facebook-platform bestudeer en leer ken. Nie net word Facebook gekies a.g.v. hierdie platform se funksionaliteit en relevansie nie, hierdie platforms se implementering in jeug-bediening het ook ’n eksistensiële invloed op die lewens van adolessente en daarom ook ’n impak op die verhoudings van adolessente soos gewys sal word deur die navorsing wat volg. In hierdie afdeling word die motivering vir die kies van Facebook bespreek deur te verwys na Facebook se populariteit, funksionaliteit en potensiaal vir ’n verhoudingsgerigte jeugbediening.

5.5.1 Facebook as populêre sosiale media platform

Volgens worldwideworx.com (2012) het Suid-Afrika 5.33 miljoen Facebook-gebruikers gehad teen Augustus van 2012. Onlangse artikels op webblaaie soos www.iol.co.za (2013) en www.businesstech.co.za (2013) beweer dat Facebook-gebruikers besig is om te verminder, maar die getal Facebookgebruikers is steeds min of meer 5.5 miljoen gebruikers in 2013, volgens beide artikels. Wat meer is, is dat 7% van hierdie gebruikers tussen die ouderdomme van 13 en 17 is. (www.socialbakers.com, 2013)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.5.2 Funksionaliteit van Facebook

Die platform van Facebook stel aan die gebruiker ’n groot verskeidenheid funksies beskikbaar, wat ook op ander sosiale mediaplatforms beskikbaar is. Facebook bied aan die gebruiker egter ’n goeie versameling funksies en in hierdie afdeling sal die funksies van Facebook vergelyk word met die funksies van ander populêre sosiale mediaplatforms.

Facebook stel die gebruiker in staat om, soos Twitter, ’n stelling te maak of “status update” oor daaglikse gebeure of nuusgebeure deur die gebruik van woorde of prente. Die Suid-Afrikaanse neiging van Twittergebruikers om hierdie platform as ’n MIM te gebruik (Portland-communication, 2012) word ook gedek deur Facebook se “messenger” funksionaliteit wat die gebruiker toelaat om boodskappe aan ander gebruikers te stuur. Facebook het ook onlangs ’n selfoonprogram vrygestel wat die gebruiker toelaat om hierdie boodskappe van ’n selfoon te stuur en ook so te ontvang. Hierdie diens dek die behoefte aan programme en platforms soos Mxit, Whatsapp en BBM. Hierdie diens werk ook deur gebruik te maak van internet-protokol en is dus so goedkoop soos Whatsapp. Internetprotokol verwys hier na die hoof kommunikasieprotokol in die internetprotokol-stelsel vir die vervoer van data oor netwerk grense, bv. die stuur van boodskappe per e-pos of MIM. Ook soos in die geval van Whatsapp het die gebruiker slegs nodig om ander gebruikers te bevriend op Facebook, wat dit makliker toeganklik maak as Mxit en omdat dit nie deur een spesifieke selfoonmaatskappy besit word nie, is dit makliker bekombaar vir alle selfoon- en rekenaargebruikers.

5.5.3 Potensiaal van die gebruik van Facebook vir verhoudingsgerigte jeugbediening

In hierdie afdeling word opmerkings geskryf oor die potensiaal wat Facebook inhou vir ’n verhoudingsgerigte jeugbediening. Hierdie opmerkings hou verband met die inhoud van hoofstuk 2 oor die praktiese implikasies wat die teologiese vertrekpunte van hierdie studie vir ’n verhoudingsgerigte jeugbediening inhou.

Eerstens moet die spanbenadering wat in hoofstuk twee bespreek is hier herroep word. Root (2007: 81) skryf dat een jeugwerker onmoontlik ’n betekenisvolle en transformatiewe verhoudings met alle adolessente in ’n bediening kan vorm, maar dat die jeugwerker daarom moet optree as verhoudingsfasiliteerder wat ’n ruimte

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

skep waarbinne adolessente met mekaar en met ander volwassenes ’n verbintenis kan vorm wat meer is as net ’n konneksie. As daar na die navorsing oor die lede van Facebook gekyk word, kan ons aflei dat Facebook die potensiaal het om ’n spanbenadering tot ’n verhoudingsgerigte jeugbediening te help. Daar is ’n toenemende groep ouers wat gebruikers van Facebook word. Volgens worldwideworx.com (2012) het die getal Facebook-gebruikers oor die ouderdom van 60 met 44% toegeneem en minder as 30% vir gebruikers tussen die ouderdom van 30-60. Facebook is moontlik nie net ’n kommunikasie- en bedieningsvoertuig aan adolessente nie, maar ook ’n effektiewe kommunikasiemedium vir ouers en jeugwerkers oor die betrokkenheid van ouers en die aktiwiteite van ’n betrokke jeugbediening. Alhoewel ouers as die primêre vennoot in jeugbediening beskou word (Root, 2006: 1), kan betekenisvolle verhoudings met ander adolessente en volwassenes gevorm word. Navorsers is dit eens (bv. Koroleva et al., 2001: 1; Lenhart & Madden, 2007: 1:5) dat sosiale platforms, soos Facebook, gebruik word om verhoudings te vorm en te versterk. As dit die geval is, het Facebook die verdere potensiaal, binne ’n spanbenadering, om die verhoudingsnetwerk van adolessente uit te brei en daarmee saam meer sosiale ondersteuning aan adolessente te bied (Kraut et al., 2002: 348). Strommen & Hardel (2000: 36) skryf oor die ondersteuning wat adolessente nodig het en sê dat adolessente met drie of meer ruimtes van veiligheid minder geneig is om aan riskante gedrag deel te neem. Dus kan Facebook dalk gebruik word in hierdie spanbenadering om families te ondersteun en/of om aan adolessente te kommunikeer dat die kerk ook een so ’n ruimte van veiligheid is.

Tweedens is daar in hoofstuk twee geskryf oor ’n benadering van kruis-kulturele sendingwerk tot ’n verhoudingsgerigte jeugbediening. Ward (1999: 70) sê dat die kultuur van die jeug verstaan moet word as ons hulle op relevante maniere wil benader. Facebook gee ons insae in dié wêreld en kultuur as ons die navorsing van Kraut et al. (2002: 348) in ag neem. Volgens hulle het Facebook moontlik die potensiaal om adolessente se verbintenis tot hulle sosiale groep se norms en waardes te versterk. Facebook is in ’n groot mate ’n openbare bron van kennis oor adolessente en hulle kultuur. Dit sal die jeugwerker baat om te let op die aktiwiteite van adolessente as daar erns gemaak wil word om hulle leefwêreld en kultuur te verstaan. Hier kan ook genoem word dat, as ’n Christen jeug-subkultuur binne ’n gemeente gevestig word, soos beskryf deur Strommen & Hardel (2000: 187),

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Facebook moontlik kan gebruik word om adolessente se verbintenis tot so ’n groep te versterk.

In die lig van bostaande bespreking behoort dit nou duidelik te wees dat die gebruik van Sosiale media in ’n verhoudingsgerigte jeugbediening nodig is as daar op ’n meer effektiewe manier gekommunikeer wil word. Die gebruik van sosiale media kan gebruik word in diens van ’n spanbenadering tot verhoudingsgerigtheid. Kommunikasie via sosiale media is volgens worldwideworx.com (2012) al hoe meer ’n platform wat gebruik kan word om met ouers sowel as adolessente te kommunikeer. Nie net help die gebruik van sosiale media op eersgenoemde manier met meer effektiewe kommunikasie nie, maar bied ook insae in die wêreld van adolessente en help die jeugwerker/jeugpredikant of ander verantwoordelike persone vir jeugbediening om meer relevant en effektief te wees t.o.v. die kies van materiaal en gebruik van hulpmiddels in jeugbediening. As Ward (1999: 70) se benadering tot jeugbediening geneem word en adolessente ontmoet moet word “where they’re at”, moet sosiale media gebruik word omdat dit is “where they’re at.” Nie net behoort die gebruik van sosiale media ’n deel te vorm van bediening aan die jeug nie, maar daar moet ook gelet word op die effek daarvan op adolessente. Hierdie studie wil, met bogenoemde in ag geneem, die gebruik van Facebook in huidige jeugbedienings ondersoek om ’n beter prentjie te kry van hoe Facebook deur jeugwerkers gebruik word. Daarom word data deur vraelyste en onderhoude ingesamel om onder andere uit te vind of Facebook ’n effektiewe kommunikasiemiddel of -platform is binne jeugbediening, of nuwe verhoudings deur die gebruik van Facebook gevorm word en of reeds bestaande verhoudings deur die gebruik van Facebook versterk word.

5.6. Slotopmerkings

Verskillende navorsers sou die aanloklikheid van sosiale media vir adolessente op ander maniere kon verwoord en verduidelik deur gebruik te maak van ander dissiplines, soos ekonomie en sosiologie. Vir die doeleindes van hierdie studie is die aanloklikheid van sosiale media vir adolessente bekyk deur die lens van ontwikkelingsteorie en verhoudings. Die doel hiermee is om te verstaan hoe die gebruik van sosiale media selfs geïntegreer is in die fase en taak van adolessensie. Adolessente gebruik nie net sosiale media as ’n kommunikasie platform nie, maar as

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

’n uitbreiding van hulself en ’n vorm van realiteit waarin hulle die persone kan wees wat hulle wil wees of word. Die gebruik van sosiale media bied nie net adolessente geleentheid om met hulle identiteit te eksperimenteer nie, maar het ook ’n impak op hulle verhoudings, aanlyn en van lyn af, direk en indirek. Hierdie hoofstuk dui die belangrikheid van sosiale media vir verhoudingsgerigte jeugbediening aan deur te wys hoe die impak van sosiale media nie in jeugbediening geïgnoreer kan word nie. As jeugbediening onlosmaaklik verbind word aan praktiese teologie, soos in hierdie studie voorgestel, moet vrae gestel word oor die impak van sosiale media en die wyse waarop sosiale media, soos Facebook, gebruik word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 6: Empiriese metodologie

6.1. Inleiding

In hierdie hoofstuk sal die metodologie wat tydens die empiriese ondersoek gebruik is bespreek en verduidelik word. Daar sal verwys word na die navorsingsontwerp en redes sal verskaf word waarom hierdie gemeentes gekies is. Verder word die etiese riglyne wat gevolg is tydens die ondersoek asook die vrae wat tydens die semi-gestruktureerde onderhoude gevra is, verduidelik. Met hierdie afdeling sal daar spesifiek verduidelik word hoe die vrae vir die vraelys en onderhoud gekies is en natuurlik sal moontlike kritiek vir hierdie benadering tot die studie bespreek word.

6.2. Navorsingsontwerp

Die navorsingsontwerp wat vir hierdie studie gekies is, is ’n beskrywende navorsingontwerp wat poog om ’n beter verstaan te ontwikkel oor hoe jeugwerkers/jeugpredikante en ander verantwoordelike persone vir jeugbediening Facebook gebruik ter bevordering van verhoudingsgerigte jeugbediening. ’n Beskrywende navorsingsontwerp help ons om antwoorde te kry op die wat, waar, wanneer, wie en hoe vrae wat te doen het met die navorsingsprobleem. Hierdie navorsingsontwerp help ongelukking nie met die waarom vraag nie, maar word gebruik om data te versamel oor die huidige stand van sake, in hierdie geval, hoe jeugwerkers/jeugpredikante en ander verantwoordelike persone vir jeugbediening Facebook gebruik ter bevordering van verhoudingsgerigte jeugbediening.

Onder hierdie afdeling sal die elemente van die oorspronklike navorsingsontwerp vir hierdie studie eers bespreek word deur slegs te verwys na die elemente van die navorsingsontwerp wat moes verander. Die versameling en verwerking van die data, die indikators en die etiese riglyne wat in die oorspronklike navorsingsontwerp ingesluit is, is onveranderd. Daarom sal hieronder eers na die eenheid van ontleding wat ondersoek sou word en hoe die steekproefneming sou plaasvind bespreek word en gewys word hoe en waarom hierdie elemente verander is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

6.2.1 Eenheid van ontleding

Die oorspronklike eenheid van ontleding en waarneming vir hierdie studie was gekwalifiseerde jeugwerkers met ’n B.Ts. of B.Th. graad in jeugwerk wat verantwoordelik is vir jeugbediening aan adolessente (14-17 jaar oud) en wat aangestel is deur ’n Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Helderberg en Kuilsrivier-Area (Strand, Somerset-WS, Gordonsbaai en Kuilsrivier). Hierdie ouderdomsgroep word gekies omdat studies, soos in vroeëre hoofstukke genoem, wys dat die gebruik van SIT/MIM platforms ’n definitiewe impak het op hulle lewens, veral tydens die fase van adolessensie in hulle soeke na identiteit en op verhoudings aanlyn en van lyn af.

Die Nederduits Gereformeerde Kerk is gekies omdat jeugbedienings in hierdie denominasie se administrasie oor die algemeen rekords beskikbaar het van aantal lidmate en dooplidmate en ook aanteken hoeveel lidmate wel aktief funksioneer in die gemeente. Vir hierdie studie sal daar gefokus word op die aantal lidmate wat aktief betrokke is by die jeugbedienings. Die Nederduits Gereformeerde Kerk is ook gekies omdat die navorser tans werksaam is as jeugwerker binne hierdie denominasie. Die Helderberg en Kuilsrivier-areas is gekies omdat dit die praktiese insameling van die data sal vergemaklik en kostes sal bespaar, aangesien die navorser ook binne hierdie area woonagtig is en binne albei areas as jeugwerker binne die NG dominasie gedien het.

Die realiteit is egter dat tussen die twaalf NG gemeentes in die Kuilsrivier en Helderberg area, daar slegs drie gemeentes is wat gekwalifiseerde, aangestelde jeugwerkers het met ’n B.Ts. of B.Th. graad in jeugwerk. Met hierdie feit ingedagte is die eenheid van ontleding aangepas om enige jeugwerker, jeugpredikant of ander verantwoordelike persone vir jeugbediening aan adolessente (14-17 jaar oud) in die Helderberg- en Kuilsrivier-area in te sluit.

6.2.2 Steekproefneming

Die steekproefneming van hierdie studie het oorspronklik ’n voorlopige steekproefraamwerk in gesltui, wat saamgestel is uit ’n lys van al die NG gemeentes in die Helderberg en Kuilsrivier-areas: Somerset-Wes met vier gemeentes, Strand met vier gemeentes, Gordonsbaai met een gemeente en Kuilsrivier met vier gemeentes (www.ngkerk.org.za). Die oorspronklike idee was om ’n waarskynlikheid

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

steekproefneming te neem waar ’n gelyke kans gegee sou word aan alle gemeentes in die Kuilsrivier en Helderberg area om gekies te word as deelnemers aan die studie. Om ’n vertroue vlak van 95% te kon handhaaf sou 9 gemeentes aan die studie moes deelneem. Vertroue vlak in navorsing verwys na die akkuraatheid van ons steekproefneming resultate en hoe dit van toepassing is op die hele populasie van die eenheid van ontleding (Babbie, 2013: 214). ’n Vertroue vlak van 95% sou groter sekerheid gee dat die resultate van hierdie studie geldig sou wees vir alle NG gemeentes in die Kuilsrivier en Helderberg area. Uit ’n populasie van 12 gemeentes is daar egter net vyf gemeentes met jeugwerkers/jeugpredikante of ander verantwoordelike persone vir juegbedening wat Facebook in jeugbediening gebruik wat kwalifiseer as eenhede van ontleding. Slegs 41,67% van die populasie kon dus aan die studie deelneem wat beteken het dat die resultate van hierdie studie beperk is tot die deelnemers en hulle gemeentes en daar nie afleidings vir ander deelnemers gemaak moet word nie.

Nie net is daar ongelukkig nie ’n groot genoeg aantal NG gemeentes in hierdie areas wat, eerstens, jeugwerkers/jeugpredikante of selfs ander persone aangestel het om spesifiek verantwoordelikheid te neem vir hulle gemeente se jeugbediening nie, is daar ook nie genoeg gemeentes wat Facebook binne hul jeugbediening gebruik om die vertroue vlak van 95%, soos beplan is te handhaaf nie. Met hierdie besef is afgesien van waarskynlikheid steekproefneming en ’n nie-waarskynlikheid steekproefraamwerk is saamgestel, soos op die volgende bladsy aangedui en slegs gemeentes met jeugwerkers/jeugpredikante of ander verantwoordelike persone vir jeugbediening wat Facebook binne jeugbediening gebruik is genooi om aan die studie deel te neem.

Vir die doeleindes van hierdie studie en die navorsingsmetodes wat gevolg is, is ’n steekproefraamwerk saamgestel wat die verskillende jeugbedienings van die NG Kerk in die Helderberg en Kuilsrivier-areas insluit. ’n Nie-waarskynlikheid steekproefneming word geneem, omdat alle gemeentes in hierdie area met jeugbedienings wat fokus op dieselfde taak in die studie ingesluit is. In hierdie geval beteken ’n nie-waarkynlikhied steekproefneming dat die deelnemers spesiek gekies is a.g.v. hulle beskikbaarheid vir die studie en deelnemers nie deur ’n proses van lukrake verkiesing ingesluit kon word as deelnemers vir hierdie studie nie (Babbie, 2013: 199). Die vereiste van gemeentes se deelname aan hierdie studie is die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bestaan van ’n gefokusde bediening aan adolessente, maar wat ook gebruik maak van die sosiale interaktiewe tegnologiese platform van Facebook. Die nie-waarskynlikheid steekproefneming van hierdie gemeentes in hierdie area word gekies sodat ’n breër en meer duidelike beeld van die gebruik van Facebook in jeugbediening gevorm kan word en meer data en analise oor die patrone, verhoudings en algemene aspekte gedoen kan word. Dus is daar uit die populasie van twaalf gemeentes slegs vier gemeentes wat gekwalifiseerde jeugwerkers aangestel het en slegs vyf gemeentes wat Facebook binne jeugbediening gebruik. Binne die raamwerk van vyf deelnemers aan hierdie studie het slegs drie van die gekwalifiseerde jeugwerkers deelgeneem, terwyl een deelnemer ’n dominee is en die ander deelnemer aangestel is as ’n jeugleier en tans besig is om onderwys te studeer.

Area	**Gemeente naam**	**Gebruik van Facebook binne jeugbediening**
Gordonsbaai	Gordonsbaai	Ja
Kuilsrivier	Kuilsrivier	Ja
	Kuilsrivier-De Eike	Geen
	Kuilsrivier-Digtebij	Geen
	Kuilsrivier-Suid	Geen
Somerset-Wes	Helderberg	Ja,
	Hottentots- Holland	Geen
	Somerset Wes	Geen
Strand	Die Strand	Geen
	Strand-Noord	Geen
	Lourensrivier	Ja,
	Suiderstrand	Ja,

Uit bogenoemde inligting is die onderste tabel saamgestel met die geslag, ouderdom en jare by gemeente van die verskillende deelnemers. Die deelnemers word hieronder, geskei van gemeentes, gelys sodat hulle anonimiteit beskerm kan word en daar aan hulle ’n kode toegeken kan word wanneer die resultate van hierdie navorsing in hoofstuk 7 bespreek word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Geslag	Ouderdom	Jaar by gemeente	Deelnemer Kode
Man	25	2	A
Vrou	27	1	B
Man	25	2	C
Vrou	22	5	D
Vrou	37	14	E

Met bogenoemde in ag geneem, sal die manier waarop data versamel is bespreek word met verwysing na die kwalitatiewe en kwantitatiewe dataversamelingsmetodes wat gebruik is.

6.2.3 Dataversamelingsmetode

Die dataversameling is gedoen deur gebruik te maak van twee verskillende metodes van insameling. Afsprake is gemaak met die deelnemers van die studie en tydens hierdie afspraak is albei metodes gebruik om die nodige data vir hierdie studie in te samel. Hierdie afdeling sal die dataversamelingsmetode verdeel onder twee opskrifte: kwantitatief en kwalitatief.

Kwantitatiewe dataversameling

Die betrokke deelnemers van die gekose jeugbedienings is gevra om ’n vraelys wat vir die spesifieke doeleindes van hierdie studie saamgestel is, oor hulle jeug-bediening se Facebook groep/webblad in te vul. Die antwoorde vir hierdie vraelys is verskaf deur gebruik te maak van die “insight” funksie van Facebook. Die “insight” funksie van Facebook (www.facebook.com/help) verskaf informasie oor die gebruiker, in hierdie geval die gemeente se jeugbediening, noem die Facebook webblad se algemene prestasie, groei en bekendheid nadat minstens 30 lede aangesluit het. In hierdie funksie gee die gebruiker insig oor die demografie van lede en wys hoe lede en nie-lede die webblad se inligting ontdek, deel en daarop reageer.

Hierdie vraelys gee die navorser ’n goeie indruk en opsomming van die verskillende aktiwiteite wat op die groep/webblad uitgevoer is. Die navorser kon deur gebruik te maak van bogenoemde verslag, sien watter aktiwiteite (“posts”:”likes”, “links”, “tags” en “comments”) die meeste reaksie uitgelok het en wat die inhoud van hierdie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aktiwiteite was (bv.: “post” van foto’s, video’s, ander internetinhoud). Deur hierdie informasie wat bekom is, is daar ’n algemene neiging gesien rakende die kwaliteit en inhoud van populêre “posts” en watter Facebook aktiwiteite populêr is onder adolessente gebruikers van Facebook. Die vraelys is beskikbaar as addendum A na die bronnelys.

Kwalitatiewe dataversameling

Buiten bogenoemde verslag is daar ook afsonderlik individuele semi-gestruktureerde onderhoude gevoer met die studie se deelnemers van die betrokke jeugbedienings. Hierdie onderhoude was semi-gestruktureerd gewees a.g.v. die ondersoekende aard van hierdie studie. Inligting wat nie deur vraelyste ingewin kon word nie, sal deur hierdie onderhoud verkry word. Daar is ‘n onderhoud met die deelnemers gevoer oor die sukses wat, volgens hulle, beleef word, die betrokkenheid van adolessente aanlyn en van lyn af en of die gebruik van Facebook hoegenaamd ’n realistiese en doeltreffende medium is vir kommunikasie, die vorming, instandhouding en verdieping van verhoudings in die bediening aan adolessente. A.g.v. die semi-gestruktureerde aard van die onderhoude, is daar geleentheid geskep vir die navorser om nuwe, nie voorafbeplande, temas en neigings te ontdek in die gebruik van Facebook in die bediening aan adolessente. Die bepaling van die vrae wat gekies is vir die onderhoude is gebaseer op soortgelyke Facebook-relevante navorsing wat te vinde is op die webtuiste: thefacebookproject.com. Hierdie webtuiste help navorsers om relevante vrae tydens onderhoude te vra oor die gebruik van Facebook deur voorstelle te maak oor temas wat gedek behoort te word. Vir hierdie studie is die temas in ag geneem en vrae is so aangepas sodat dit voldoen aan die doeleindes van hierdie studie. Die vrae vir die onderhoude is beskikbaar as addendum B na die bronnelys.

Vervolgens sal die manier waarop die data wat uit die bogenoemde twee metodes verkry is bespreek word.

6.2.4 Dataverwerking deur triangulasie

Triangulasie is deur Creswell (2008:557) beskryf as ‘n metode waardeur kwantitatiewe en kwalitatiewe dataverwerking saam gebruik word tydens navorsing om meer en beter begrip te bekom oor ’n spesifieke onderwerp. In die geval van hierdie studie is die kwantitatiewe metode van vraelyste saam met die kwalitatiewe

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

metode van onderhoude gebruik om ondersoek in te stel na die gebruik van Facebook binne verhoudingsgerigte jeugbediening. Die proses van triangulasie help om sekere temas beter te verstaan en te verduidelik. Nie net kan temas beter toegelig word nie, maar sekere onverwagte bevindings kan ook moontlik beter verduidelik en verdedig word deur gebruik te maak van twee verskillende dataversamelingsmetodes. Hieronder sal die manier waarop triangulasie in hierdie studie gebruik is bespreek word deur te verwys na die kwantitatiewe en kwalitatiewe dataverwerking.

Die kwantitatiewe data wat versamel is, bestaan slegs uit die resultate van twee deelnemers wat die vraelys (addendum A) sorgvuldig ingevul het. Die rede vir hierdie klein getal vraelyste wat ingevul en ontvang is, het te doen met die verskil tussen Facebook se “page” en “group” beleid. Die “insight” funksie wat gebruik kan word om sekere demografiese inligting oor ’n Facebook webblad te bekom, is slegs beskikbaar vir gebruikers wat administrateurs is van Facebook “pages”. Wat nog meer is, is dat hierdie “pages” ’n sekere aantal lede moet hê voordat hierdie funksie beskikbaar word. Die meerderheid deelnemers, drie uit die die vyf, sê lede tal is egter te klein om hierdie funksie beskikbaar te maak of hulle maak gebruik van Facebook se “group” funksie waarop die “insight” funksie nie beskikbaar is nie. A.g.v. van hierdie situasie kon slegs twee deelnemers die vraelyste invul. Hierdie data is egter steeds met mekaar vergelyk en aantekeninge is gemaak waar data merkwaardig verskil of ooreenstem. Verder is die waarnemings wat gemaak is uit die data wat beskikbaar was, vergelyk met ander bronne wat vooraf nagevors is, veral vir die doeleindes van hoofstuk 5, om te vergelyk of die waarnemings tred hou met voorspelbare tendense soos gevind in ander studies. Hierdie studie fokus op ’n baie populêre sosiale media platform wat al baie navorsing ontlok het en wat onderneem is deur ’n groot verskeidenheid dissiplines, van ekonomie, sosiologie en sielkunde tot teologie. Binne hierdie verskeidenheid dissiplines is daar min tot geen navorsingsvrae wat nog nie gevra en beantwoord is nie. Die ondersoek na die gebruik van Facebook ter bevordering van verhoudingsgerigte jeugbediening is egter een van die min velde waarin geen navorsing gedoen is nie. Die resultate van navorsing oor die gebruik van Facebook in die verskeidenheid dissiplines wat genoem is, is wel gebruik om die navorsingsprobleem van hierdie studie toe te lig, selfs al is hierdie studie se navorsingsprobleem nog nie van te vore ondersoek nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die kwalitatiewe data wat ingesamel is deur die onderhoude wat met deelnemers gevoer is, is saamgevoeg in een algemene verslag waarin die verskillende antwoorde van die deelnemers gegroepeer is onder oorhoofse temas. In die volgende hoofstuk kan gesien word hoe die verslag verdeel is onder die ses stelle vrae wat tydens die semi-gestruktureerde onderhoude aan die deelnemers gestel is: redes vir die gebruik van Facebook, ontmoeting van tieners en vorming van verhoudings, die stuur en ontvang van boodskappe via Facebook, die gebruik van prente/foto's, waarneming oor die lede van die deelnemers se Facebook webblad en wat die deelnemers beskou as die impak van Facebook op hulle jeugbediening. Onder hierdie afdelings is temas geïdentifiseer wat bespreek is en laastens word daar in die verslag aandag gegee aan die indikators wat later in hierdie hoofstuk genoem word.

Nadat die temas geïdentifiseer is uit die kwalitatiewe data is dit vergelyk met die bevindings van die kwantitatiewe data wat versamel is. A.g.v. die klein getal vraelyste wat voltooi is, is daar hoofsaaklik staatgemaak op die kwalitatiewe data en kwantitatiewe data is slegs geraadpleeg waar dit die temas wat in die kwalitatiewe data geïdentifiseer is kon toe lig. Die kwantitatiewe data is ook hoofsaaklik aangevul deur die bronne wat genoem is in hoofstuk 5, veral rakende die demografie van die deelnemers se jeugbedienings se Facebook webblaaie.

In die verslag wat saamgestel is uit die kwalitatiewe en kwantitatiewe data is die indikators wat later in hierdie hoofstuk genoem word, na afloop van die dataverwerking hierbo, gebruik om verdere verstaan van die deelnemers se Facebook gebruik binne verhoudingsgerigte jeugbediening te kry. Die indikators waarna hierbo verwys word sal kortliks hieronder bespreek word. Hierdie indikators is gebruik in die samestelling van die vraelyste en strukturering van die onderhoude wat met die deelnemers gevoer is.

6.2.5 Indikators

Hierdie indikators help om sekere doelgerigte vrae te vra sodat die impak van Facebook op 'n verhoudingsgerigte jeugbediening bepaal kan word: Vir hierdie studie is sekere indikators gebruik om afleidings te maak oor die impak wat die gebruik van Facebook op verhoudings binne 'n verhoudingsgerigte jeugbediening

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

mag hê. Meer indikators mag deur die loop van die studie ontdek word wat moontlik nie hier gelys word nie, maar aanvanklik word voorsiening gemaak vir die volgende:

Verskil in getal betrokke adolessente by fisiese jeugbediening en getal adolessente betrokke by jeugbediening se Facebook webblad/groep*:* As die statistieke van Facebookgebruikers in Suid-Afrika, veral onder adolessente, korrek is, soos in die "Facebook" onderafdeling vroeër genoem, kan daar afgelei word dat daar wel adolessente van verskillende jeugbedienings ook moontlik gebruikers van Facebook sal wees. As dit die geval is, sal dit jeugwerkers en ander verantwoordelike persone baat om te sien of adolessente wat fisies opdaag vir jeug- bediening-aktiwiteite ook behoort aan die betrokke jeugbediening se Facebook groep of webblad al dan nie. Hierdie inligting sal help bepaal of daar 'n behoefte onder adolessente bestaan vir 'n aanlyn teenwoordigheid van jeugbedienings.

Verskil tussen getal Facebook aanhangers/lede van jeug-bediening se Facebook webblad/groep wat aktief is en die wat nie aktief is nie: Met die data van die vraelyste wat verkry sal word deur gebruik te maak van Facebook se "insight" funksie, kan die navorser en betrokke jeugwerkers sien watter tipe "posts" ("status update", "tags", kommentaar of "links") die meeste aandag trek en of adolessente enigsins aktief betrokke is by die produsering van inhoud vir 'n spesifieke bediening se groep/webblad en of adolessente die gewoonte van "vries," soos beskryf deur Petersen (2008), beoefen. Petersen (2008) sê dat Suid-Afrikaanse gebruikers 'n gewoonte het om ander persone binne hulle vriendekring op Facebook te bevriend om kontak te hou, maar geen poging aanwend om die vriendskap te verdiep nie. Facebook word gebruik om die verhouding te vries totdat daar weer op 'n latere stadium daaraan aandag gegee word.

Verskil tussen adolessente wat fisies reageer op Facebook "events" en lede/aanhangers wat slegs op Facebook reageer*:* Navorsing is gedoen oor die verskil tussen Facebookgebruikers se aanlyn aktiwiteite en van-lyn-af aktiwiteite. Meeste van hierdie navorsing het nie betrekking tot hierdie studie nie, maar wat wel genoem kan word, is dat navorsers soos Feezel, Conroy en Guerrero (2009: 1) gevind het dat die betrokkenheid van persone by aanlyn Facebookgroepe wat polities van aard is, wel bygedra het tot meer politiese aktiwiteite deur die lede van hierdie groepe. Daar is egter te min navorsing om te voorspel of dieselfde sal geld vir

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

adolessente wat lede/aanhangers is van ’n spesifieke jeugbediening se groep/webblad.

Die vorming van verhoudings en verdieping van reeds bestaande verhoudings*: Soos* gesien in die navorsing oor die impak wat die gebruik van sosiale media soos Facebook op die verhoudings van en tussen adolessente kan hê, sal die vorming en verdieping van verhoudings deur die gebruik van Facebook as ’n goeie indikator dien om die potensiaal van Facebookgebruik binne verhoudingsgerigte jeugbediening van die Helderberg en Kuilsrivier-areas te bepaal. Uit die literatuur in hoofstuk drie kan daar verwag word dat die gebruik van Facebook binne verhoudingsgerigte jeugbediening die potensiaal het om verhoudings tussen jeugwerkers en adolessente wat fisies betrokke is by gemeentes se jeugbediening, te verdiep en selfs nuwes te vorm met ander adolessente lede.

Voor hierdie hoofstuk afgesluit word, moet daar aandag gegee word aan die etiese verantwoordelikheid van die navorser teenoor die deelnemers van hierdie studie.

6.3. Etiek van navorsing

Eerstens moet genoem word dat etiese klaring by die navorsingskomitee van die Universiteit Stellenbosch verkry is voordat enige van die onderhoude gevoer is of vraelyste beantwoord is. Verder is daar in hierdie studie gebruik gemaak van die riglyne rakende betroubaarheid, herhaalbaarheid en relevansie in die werk van Bryman (2008: 363) en Babbie & Mouton (2007: 69). Hierdie riglyne is toegepas, soos nodig, in die opstel van ’n navorsingsontwerp, die dataversamelingsmetode, die bepaling van ’n eenheid van ontleding, die voer van onderhoude en die inagneming van die etiek van navorsing soos hieronder bespreek.

Volgens Bryman (2008: 118) is daar sekere etiese sake wat in verskillende situasies, verskillend sal manifesteer maar dat dit verdeel kan word in vier onderafdelings: skade aan deelnemers, gebrek aan ingeligte toestemming, minagting van deelnemer se privaatheid, oneerlikheid.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

6.3.1 Skade aan deelnemers

Omdat hierdie studie se dataversamelingsmetode deur ’n onderhoud geskied, is daar moeite gedoen om so min as moontlik skade, emosioneel of psigies, aan die deelnemer aan te rig. Dit beteken dat die stelling van die vrae nie aanvallend, oop en nie veroordelend gestel is nie. Adolessente en volwassenes wie se name onbepland bekend word deur die inwin van inligting, bv. deur die gebruik van Facebook se “insight” funksie om die vraelys in te vul, sal nie in die publikasie van die analise van hierdie data verskyn nie.

6.3.2 Gebrek aan ingeligte toestemming

Deelnemers is die opsie gegee om deel te neem of nie. Daar is ook gepoog om soveel kennis as moontlik, oor die studie, aan die deelnemers te gee. Die navorser het ’n gesprek gevoer met die deelnemers in hulle verskillende gemeentes en vertel waaroor die studie gaan en wat met die studie bereik wil word. Aan elke deelnemer is ’n ingeligte toestemmingsbrief gegee wat onderteken is en ontvang is voordat enige onderhoud gevoer is of vraelys ingevul is.

6.3.3 Minagting van deelnemer se privaatheid

Hierdie afdeling het baie te make met wat reeds in die bogenoemde afdeling genoem word. Die deelnemers is inligting gegee oor die aard van die studie en die kans is aan die deelnemers gegun om in te stem om hul privaatheid, op ’n beperkte manier, prys te gee. In die vraelys self is ook vir deelnemers die opsie gegee om nie te antwoord as hulle sou voel dat daar sekere aspekte is wat hulle nie wil openbaar nie.

6.3.4 Oneerlikheid

Die navorser sal sy bes doen om die deelnemers genoeg inligting rakende die studie en die doel daarvan te gee, sodat geen deelnemer sal voel dat hy/sy om die bos gelei is nie. Wat die analise van die data behels, sal die navorser poog om die data op die mees verantwoordelike en deeglike manier te hanteer, te gebruik en toe te pas.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

6.4. Slotopmerkings

Deur die inligting wat in hierdie hoofstuk weergegee is, is daar hopelik nou ’n beter verstaan van die aard en benadering tot hierdie studie. Baie kritiek kan gelewer word op die navorsingsontwerp wat gekies is vir hierdie studie, maar dan is geen navorsingsontwerp ook sonder foute nie. Die kritiek en etiese kwessies wat uit die aard van hierdie benadering te voorskyn kom, is op die beste manier moontlik die hoof gebied en die navorser glo dat hierdie benadering die beste en mees relevante resultate vir hierdie studie sal oplewer. Afgesien van ’n poging om die kritiek en etiese kwessies die hoof te bied, kan subjektiwiteit ongelukkig nie totaal en al vermy word nie. Alhoewel die dataversamelingsmetodes so gekies is om op die beste manier moontlik objektiewe resultate te bekom binne die perke van hierdie studie, hang die voer van onderhoude en die interpretasie van die data baie af van die navorser se vermoë om objektief te wees. Alhoewel alle navorsers hul beste sal probeer om objektief te wees en te bly, kan ander navorsers moontlik tot ander gevolgtrekkings kom deur dieselfde metodes te gebruik.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 7: Resultate van studie

7.1. Inleiding

In hierdie hoofstuk word die verwerkte weergawe gegee van die data wat ingevorder is deur die kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes soos in hoofstuk 6 bespreek en verduidelik is. Die data is verwerk deur ‘n proses van triangulasie waardeur temas geïdentifiseer is in die kwalitatiewe data en aangevul is met die kwantitatiewe data. Deur die kwantitatiewe en kwalitatiewe data te vergelyk kan ‘n beter insig verkry word omdat, hierdie twee dataversamelingsmetodes mekaar komplimenteer. Eerstens sal die afdelings van vrae wat aan die deelnemers gestel is tydens die semi-gestruktureerde onderhoude genoem word en daaronder sal die temas wat uit hulle terugvoer geïdentifiseer is bespreek word. Die hoofstuk sal daarna afsluit met ‘n bespreking van indikators soos in hoofstuk 6 genoem en bespreek.

7.2. Triangulasie

Hoe triangulasie gebruik is in hierdie studie is reeds in die vorige hoofstuk meer breedvoerig verduidelik en sal nie weer bespreek word nie. In hierdie hoofstuk word die resultate wat deur die proses van triangulasie toe gelig is bespreek. Die temas wat hieronder bespreek word, is hoofsaaklik deur die onderhoude met die deelnemers geïdentifiseer en hulle waarnemings is vergelyk met die kwantitatiewe data wat ingesamel is, soos die proses van triangulasie vereis. Hieronder sal die verskillende areas genoem word wat gedek is tydens die onderhoude met die deelnemers en daaronder sal temas wat geïdentifiseer is bespreek word.

Tema 1: Die redes vir die gebruik van Facebook

Die onderhoude met die deelnemers is begin deur vir hulle te vra hoekom hulle ’n Facebook webblad/groep gestig het. Dit was duidelik dat nie baie van die deelnemers werklik besin het oor die rede vir die bestaan van ’n Facebook webblad/groep vir hulle bediening nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Populariteit

“Ek het Facebook begin gebruik omdat almal dit doen” het deelnemer B gesê toe daar aan haar gevra is waarom sy ’n Facebook webblad vir haar jeugbediening het. Die antwoord van vier uit die vyf onderhoude was dat hulle onder die indruk was dat Facebook populêr is onder adolessente omdat die deelnemers dit self in hul privaat hoedanigheid gebruik. Aangesien Facebook deur die deelnemers gebruik word om met vriende en familie te kommunikeer, het hulle verwag dat dieselfde sal plaasvind binne die konteks van ’n jeugbediening.

Kommunikasie met adolessente

Oor die algemeen het die deelnemers gevoel dat hulle bediening se Facebook webblad bestaan of gestig is om te kommunikeer. Hierdie kommunikasie kan tweeledig beskou word. Eerstens word Facebook gebruik om aan adolessente inligting oor hulle jeugbediening te kommunikeer. Deelnemer D het gesê: “Dit is ’n maklike manier om inligting by die kinders te kry.” Eerstens is Facebook gesien as ’n effektiewe kommunikasie-platform waardeur informasie oor die betrokke jeugbedienings se aktiwiteite gegee kan word aan adolessente sodat die lede konstant op hoogte gehou word van hulle jeugbediening se aktiwiteite ens.

Geestelike versorging

In een van die onderhoude het die deelnemer aangetoon dat sy nie net informasie oor verskillende jeugbediening-aktiwiteite aan adolessente kommunikeer nie, maar ook poog om “pitkos” te verskaf aan die adolessente wat lede is van hulle Facebook webblad. “Ons gebruik Facebook om vir ons kinders pitkos te gee”. Die term, “pitkos”, het volgens deelnemer D verwys na inspirerende woorde, prente en video’s wat adolessente kan motiveer, troos en selfs help om te groei in hulle geloof.

Kommunikasie aan die res van die gemeente

Tweedens is Facebook gesien as ’n effektiewe platform vir die kommunikasie aan die res van die gemeentelede oor die doen en late van die betrokke gemeentes se jeugbedienings. “Ek gebruik Facebook soos ’n ‘brag-boekie’”, het deelnemer E gesê toe sy verwys na die belangrikheid van foto’s op haar Facebook webblad. Sy het gesê dat sy Facebook gebruik om te spog (‘brag’) oor haar gemeente se adolessente en wat hulle doen. Facebook gee haar geleentheid om op ’n maklike

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

manier met ouers en grootouers, op ’n visuele manier, te deel wat aan die gang is in haar jeugbediening.

In slegs een geval is nie-adolessente, soos ouers, aangemoedig om deel te raak van die betrokke jeugbediening se Facebook webblad. Die ander vier gemeentes se Facebook webblaaie is gestig en is beskikbaar slegs vir adolessente en persone wat in laat adolessensie is, maar wat vroeër betrokke was by ’n gemeente se jeugbediening en later eers die Facebook webblad ontdek het. In die eerste geval het Facebook gedien as ’n primêre kommunikasie middel vir ouers en ouer volwasse lede van die gemeente om eerstehands te sien wat binne hul gemeente se jeugbediening aan die gang is. Die ander gemeentes het die foto’s en informasie wat primêr op die gemeente se jeugbedienings se Facebook webblad bekend gemaak is, op alternatiewe wyses gekoppel aan die betrokke gemeentes se amptelike Facebook webblad waar dit gesien kon word deur die res van die gemeente se Facebookgebruikers.

Wat duidelik is, is dat die rede vir die gebruik van Facebook vereenvoudig kan word tot die term: kommunikasie. Die kommunikasie waarna hier verwys word, neem verskillende vorme aan en sal in meer detail in ander onderafdelings bespreek word, maar wat belangrik is, is dat Facebook beskou is as ’n platform wat kommunikasie, oor die algemeen, kan vergemaklik.

Teleurstelling oor die waarde van Facebook

Onder hierdie afdeling is daar ook vir die deelnemers gevra of hulle dink dat hulle Facebook webblad geslaag het in sy doel. By alle deelnemers is aangedui dat hulle teleurgesteld is in die gebruik van Facebook omdat dit nie voldoen aan hulle verwagtinge nie. “Ek het gedink tieners gebruik Facebook maar op dieselfde manier as wat ons dit doen, maar duidelik nie” het deelnemer B gesê. Alle deelnemers het waargeneem dat adolessente Facebook nie op ’n baie interaktiewe manier gebruik of benut nie. Toe daar met deelnemer E gesels is oor hoe sy dink adolessente Facebook gebruik het sy gesê: “Ek dink tieners gebruik Facebook net vir ‘entertainment’, dit is wat hulle doen voor hulle gaan slaap, as hulle wakker geword het en verveeld is, hulle kyk net wat gaan in die wêreld aan maar neem nie regtig deel nie.”

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Met interaksie word hier verwys na die adolessente Facebookgebruikers se deelname aan ’n jeugbediening se Facebook groep/webblad. Interaksie word gemeet deur waar te neem hoe adolessente self inhoud vir die groep/webblad produseer d.m.v. video’s, foto’s en ander media te koppel of te “post” en bydraes te lewer tot gesprekke deur kommentaar te lewer op statusveranderinge. Die deelnemers wat hierdie verwagting gehad het of steeds het, was en is teleurgesteld omdat adolessente net nie die interaktiewe gebruikers van Facebook is wat verwag is hulle sou wees nie. Vier van die deelnemers se webblaaie was hoofsaaklik of eksklusief vir adolessente en slegs een webblad was oop vir alle Facebookgebruikers. Op die webblaaie waar slegs adolessente aangemoedig is om daaraan te behoort en daaraan deel te neem, is baie min interaksie waargeneem deur die deelnemers; daarom die teleurstelling.

Gedeelde verantwoordelikheid

Meer interaksie is egter waargeneem by deelnemers wie verantwoordelikheid deel vir die publikasie van inligting, foto’s en video’s op Facebook. Deelnemer D het gesê: “My groepleiers is ook ‘admins’ en hulle post ook gereeld goed op die group.” Hierdie dinamika sorg dat daar gereeld inhoud geskep is deur nuwe statusveranderinge op die webblad. Foto’s, video’s en ander bronne van media wat ook gereeld aan die webblad gekoppel is, het vir meer interaksie gesorg omdat meer mense verantwoordelik was vir die produsering van inhoud vir die Facebook webblad. Die meeste interaksie is egter waargeneem op deelnemer A wie se webblad wat oop was vir alle Facebookgebruikers. Hierdie deelnemer het steeds gevoel dat Facebook nie geslaag het in sy aanvanklike doel nie, omdat die meeste interaktiewe lede van hierdie deelnemer se Facebook webblad nie adolessente was nie, maar ouer persone soos adolessente se ouers en grootouers.

Tema 2: Ontmoeting van tieners en vorming van verhoudings

Tydens die onderhoude met die deelnemers is daar gevra of hulle nuwe verhoudings vorm met adolessente deur die gebruik van Facebook. Uit hulle terugvoer is gevind dat die gebruik van Facebook wel die geleentheid aan deelnemers bied om nuwe verhoudings te vorm en die gebruik van Facebook op hierdie manier tog, in ’n mindere mate, ook ’n impak maak op ’n verhoudingsgerigte jeugbediening.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Eerste kontakmaking via Facebook

Die meerderheid deelnemers het gesê dat hulle nie eerste kontak sal maak met ’n adolessent deur ’n vriendskapsversoek te stuur nie en slegs eerste met adolessente via Facebook sal kommunikeer wanneer daar nie ander kontakbesonderhede beskikbaar is nie. Deelnemers het egter gerapporteer dat adolessente wel aan hulle vriendskapsversoeke gestuur het wat hulle aanvaar het, maar dat die meerderheid van hierdie vriendskapsversoeke gekom het van lede waarmee die deelnemers alreeds vantevore kennis gemaak het. “Ek hou nie baie van Facebook om met mense te praat nie, ek sê nie eers vir my eie vriende oor Facebook geluk met hulle verjaardag nie, so ek sal nie maklik met ’n tiener oor Facebook kontak maak nie en dink altyd baie mooi voordat ek hulle ‘friend requests’ aanvaar” het deelnemer B opgemerk terwyl ’n deelnemer C het: “Ek gebruik Whatsapp om met die kinders te praat, maar as ek nie hulle nommers het nie, sal ek Facebook gebruik, want gewoonlik het ek of kan ek hulle name uitvind.” Alle deelnemers het egter aangedui dat hulle nie eerste met ’n adolessent sal kontak maak via Facebook nie, maar eerder vir die adolessent sal wag om eerste met hulle te kommunikeer, waarop hulle dan sal reageer.

Kontak hou deur Facebook

Soos reeds genoem, het deelnemers in meeste gevalle vriendskapversoeke ontvang van adolessente wat hulle reeds ontmoet het. Facebook bied geleentheid aan gebruikers om verhoudings te versterk met adolessente waarmee reeds ’n verhouding bestaan. Soos in hoofstuk 5 genoem, ondersteun die kwantitatiewe navorsing van Lenhart en Madden (2007: 5) hierdie waarneming. Hulle het gevind dat byna alle gebruikers van Facebook hierdie platform gebruik om verhoudings met mense wat hulle reeds ontmoet het in hulle onmiddellike omgewing, sowel as met vriend en familie wat vêr is in stand te hou. Uit die kwantitatiewe data wat ingesamel is vir hierdie studie is dit ook duidelik dat die lede van die deelnemers se Facebook webblaaie heel moontlik gebruikers is wat hulle reeds ontmoet het as in ag geneem word dat 100% van die lede van die twee deelnemers wat die vraelyste ingevul het se webblaaie woonagtig is in die Helderberg- of Kuilsrivier-area.

Deelnemer E het gesê dat ’n adolessent van ’n ander gemeente as haar eie vir haar ’n vriendskapsversoek gestuur het na afloop van ’n uitreik. Alhoewel die vriendskaps- versoek aanvaar is, is Facebook nie gebruik om die verhouding te

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verdiep nie, maar dit het aan deelnemer E en die adolessent ’n gevoel van verbintenis gegee. In die tydperk na die sterfte van die eerstejaarstudent wat in die Helderberg area gewoon het, kon deelnemer E sien dat die adolessent sukkel om die sterfte van haar vriend te verwerk. Toe deelnemer E die adolessent weer sien by die begrafnis van die oorledene, het die verbintenis wat gevorm is deur Facebook, hoe oppervlakkig dit ook al mag gewees het, vir die adolessent vrymoedigheid gegee om met die deelnemer ’n pastorale gesprek te voer. “Dit was asof die ys klaar gebreek is en ek kon haar troos en saam met haar huil.”

Hierbo is een voorbeeld genoem van die potensiaal wat Facebook het om nuwe verhoudings te vorm en hoe dit ’n verhoudingsgerigte jeugbediening kan impakteer. Alle deelnemers het gevoel dat Facebook wel potensiaal het om ’n verhoudingsgerigte jeugbediening te bevorder, maar dat dit waarskynlik op ‘n onverwagte manier geskied of dat Facebook slegs dien as ’n bron van inligting wat die deelnemers ’n beter geheelbeeld bied van die wêreld waarin die adolessente binne hulle gemeenskappe leef. Alhoewel Facebook hoofsaaklik deur die deelnemers op hierdie manier gebruik is, kan daar nie versuim word om te bespreek hoe deelnemers Facebook gebruik om te kommunikeer nie. Hierdie kommunikasie kan geskied deur die stuur en ontvang van boodskappe en die publisering van foto’s en video’s.

Tema 3: Die stuur en ontvang van boodskappe via Facebook

Uit die temas wat bespreek is onder die verwagting wat deelnemers oor die gebruik van Facebook het, het dit duidelik geword dat twee deelnemers (A en E) hulle bestuur van Facebook verander het en meer gefokus het op hulle kommunikasie aan ouers en ander gemeentelede oor hul jeugbediening se aktiwiteite terwyl ander platforms, soos Whatsapp, gebruik is om met adolessente te kommunikeer. Deelnemers het besef dat Facebook nie ’n baie effektiewe kommunikasiemiddel is wanneer daar terugvoer verwag word of insette gevra word van adolessente nie en daarom word ander platforms, soos Whatsapp, gebruik om met adolessente op hierdie manier te kommunikeer. Afgesien van die voorkeur vir ander sosiale media platforms, soos Whatsapp, het alle deelnemers steeds Facebook gebruik vir kommunikasie doeleindes.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Inbox messages en Whatsapp

Die deelnemers is gevra of hulle Facebook gebruik om direk aan adolessente boodskappe te stuur. Facebook het ’n funksie wat die gebruiker in staat stel om privaat boodskappe aan ander gebruikers te stuur. Hierdie boodskappe word dan van een gebruiker na ’n ander gebruiker se “inbox” gestuur en werk baie dieselfde as ’n e-pos, behalwe dat geen e-posadresse gebruik word nie, slegs die naam van die ander gebruiker. Onlangs het Facebook hierdie funksie probeer vergemaklik deur selfoon- programmatuur beskikbaar te maak wat een Facebookgebruiker in staat stel om kontak te maak met ’n ander Facebookgebruiker op ’n vereenvoudigde manier via sellulêre fone. Hierdie programmatuur van Facebook het gepoog om die stuur en ontvang van boodskappe te vergemaklik op dieselfde manier as wat deur Whatsapp gedoen is. Daar kan egter net gespekuleer word hoekom hierdie programmatuur van Facebook nie so gewild is soos Whatsapp nie, maar tydens die navorsing vir hierdie studie is waargeneem dat Whatsapp baie meer populêr is onder adolessente en daarom is Whatsapp ook meer gereeld deur die deelnemers gebruik om met adolessente te kommunikeer. “Ek het net gesien dat Whatsapp baie beter werk as Facebook as jy direk en vinnig met die kinders wil praat, jy kan selfs sien of hulle die boodskap gekry het en dit gaan direk na hulle fone toe” het deelnemer C gesê en ’n deelnemer A het gesê: “Ek dink Facebook is net te duur, jy moet die hele page download en kinders is seinig met hulle airtime. Whatsapp is die goedkoopste en die werk so maklik soos ’n SMS.”

Deelnemers het hoofsaaklik Whatsapp verkies as kommunikasieplatform vir adolessente. Die gevoel was dat Whatsapp baie goedkoper is as Facebook wanneer boodskappe gestuur moet word en dat die inligting wat via Whatsapp gestuur word nie verlore raak in die massa informasie wat elke dag beskikbaar en geproduseer word op Facebook nie. Whatsapp was nie net meer direk en goedkoper nie, maar ook minder gekompliseerd as Facebook. Whatsapp vra net dat jy ander gebruikers se nommers op jou sellulêre foon stoor; geen vriendskapsversoeke of PIN kodes word vereis nie. Deelnemers het egter gesê dat Facebook hoofsaaklik gebruik word om adolessente te kontak indien ’n adolessent se kontakbesonderhede, soos e-posadres en sellulêre foonnommer, nie bekend of beskikbaar is nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Facebook bied egter meer as een funksie waardeur gekommunikeer kan word en die deelnemers het aangedui dat hulle meer terugvoer en interaksie kry wanneer hulle foto's en video's op hulle Facebook webblad publiseer.

Tema 4: Kommunikasie deur die publisering van foto's en video's

A.g.v. die teleurstelling oor die deelname van adolessente lede op die deelnemers se Facebook webblad, soos vroeër genoem, het die deelnemers geëksperimenteer deur informasie op verskillende manier aan lede van hulle webblad bekend te maak. Een van die mees suksesvolle maniere van bekendmaking van informasie is die gebruik van video's en foto's. Al vyf deelnemers het aangedui dat meer interaksie ontlok word wanneer video's en foto's op hulle jeugbediening se Facebook webblad gepubliseer word. Deelnemer E het waargeneem dat die ledetal van haar Facebook webblad selfs groei nadat foto's en video's van tieners gepubliseer is. "Nadat ek 'n foto of video van die kinders gepost het, is die likes die volgende oggend meer." Die deelnemers is onder die indruk dat adolessente daarvan hou om video's en foto's van hulleself te sien. Hierdie foto's en video's ontlok interaksie van adolessente in die vorm van "comments", "shares" en "likes". Die kwantitatiewe data wat ingesamel is ondersteun hierdie siening. Die twee deelnemers (A & D) wat die vraelyste kon invul het aangedui dat die top 5 mees suksesvolle publikasies op hulle webblaaie foto's of video's was. Die sukses van publikasies is gemeet aan die getal "post clicks" en "likes, comments & shares" wat 'n publikasie ontlok. In al twee gevalle het die publikasie van fotoalbums, 'n versameling foto's van 'n bepaalde aktiwiteit, by verre die meeste reaksie uitgelok deur "post clicks" en "likes, comments & shares". Hieronder word voorbeelde genoem van hierdie aktiwiteite wat afgeneem, opgeneem en gepubliseer is op die deelnemers se Facebook webblaaie:

ALS ice bucket challenge: 'n Onlangse voorbeeld is die "ALS ice bucket challenge" waar adolessente mekaar en hulle jeugwerkers uitgedaag het. Deelnemer E: "Die kinders het my 'gechallege' vir die ice bucket storie, toe het ons dit afgeneem en ook gepost." Hierdie video's en foto's het veral baie interaksie ontlok deur adolessente, wat daarop dui dat adolessente wel bewus is van nuwe inhoud wat bekend gemaak word op hulle jeugbediening se Facebook webblad, maar net in sekere gevalle interaktief is.#Imagine is nog 'n voorbeeld wat genoem kan word, is die publisering van video's en foto's wat geneem is by die onlangse #Imagine kamp waar duisende adolessente saam gekamp het. Hierdie foto's en video's is wyd gedeel en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

adolessente het graag vir ander gewys waar hulle was en wat hulle gedoen het. “Ek dink tieners hou daarvan om hulleself op foto’s te sien en hulle het na #imagine gevra dat hulle al die foto’s wil hê. Ek het dit toe op Facebook gepost, want dan kan almal dit baie maklik kry en dit blaas bietjie lewe in die group in.”

‘n Ontbyt vir meisies is ’n laaste voorbeeld wat genoem kan word is dat een deelnemer ’n ontbyt met sprekers vir dames en jong meisies gehou het. Die advertering daarvan het baie interaksie ontlok omdat lede opgewonde was en op hoogte wou bly van inligting. Na afloop van hierdie ontbyt was daar weer so ’n verhoging in interaktiwiteit omdat lede graag die foto’s waarin hulle verskyn wou sien. Deelnemer D: “Ek kon nogal sien hoe nader ons aan die event gekom het hoe meer ‘likes’ en ‘shares’ was daar, omdat mense wou weet wat aangaan en hoe laat dit is ens.”

Branding

Om hierdie afdeling af te sluit sal ’n laaste tema bespreek word. Deelnemer E het gesê dat sy nou Facebook gebruik vir “branding” doeleindes en nie om spesifiek net met adolessente te kommunikeer nie. “Ek gebruik Facebook maar nou vir ‘branding’ en gebruik dit net om vir mense te laat weet wat ons gaan doen en wat ons gedoen het ens.” Deelnemer A het ook gesê dat hy Facebook op hierdie manier gebruik, alhoewel die tweede deelnemer nie hierdie bewoording gebruik het nie, is sy Facebookgebruik ook so aangepas om dieselfde doeleindes van “branding” te dien. Die twee deelnemers wat Facebook vir hierdie doeleindes gebruik het, het moeite gedoen om die informasie, foto’s, video’s ens. aan die die breër gemeente se Facebook webblad te koppel. Hierdie koppeling of direkte publikasie op die gemeente se Facebook webblad is gedoen sodat ’n groter gehoor bereik kon word en spesifiek sodat ouers foto’s en video’s van hulle eie kinders kon sien.

Wat hiermee bedoel word, is dat Facebook die potensiaal het om steeds, ten spyte van min interaksie deur adolessente, ’n jeugbediening se verskillende aktiwiteite te bemark, aan ’n wyer gehoor te kommunikeer waarom en waarvoor ’n gemeente se jeugbediening bestaan en geleentheid te bied aan nuuskieriges, soos jong werkendes, ouers en grootouers, om meer uit te vind oor hulle gemeentes se jeugbediening. Om hierdie temas wat tot dusvêr in konteks te plaas is dit belangrik om die lede van die verskillende Facebook webblaaie te bespreek.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tema 5: Lede van Facebook webblad

Ongelukkig is daar net demografiese inligting van twee deelnemers se Facebook webblaaie gekry, nie omdat ander deelnemers onwillig was nie, maar omdat slegs twee deelnemers Facebook “pages” het terwyl die ander “groups” gestig het. Die verskil is dat dieselfde “insight” funksie wat gebruik is om die demografiese inligting van twee deelnemers te kry nie beskikbaar is in die “group”-opsie nie. Spesifieke detail en getalle kan egter nie gegee word nie, maar die algemene waarnemings van die deelnemers oor die demografie van hulle Facebook webblad se lede sal genoem word.

Meer meisies as seuns gebruik Facebook

Eerstens was dit duidelik uit die data wat wel ingesamel is en die onderhoude met die deelnemers, dat Facebook meer deur die vroulike as die manlike geslag gebruik word. Uit die kwantitatiewe data wat wel ingesamel is, het deelnemer A aangedui dat 62% van sy bediening se Facebook webblad lede vroulike gebruikers is teenoor 38% manlike gebruikers terwyl deelnemer D aangedui het dat haar bediening se Facebook webblad lede 72% vroulike gebruikers is en slegs 28% manlike gebruikers. Die feit dat Facebook meer deur vroulike as manlike gebruikers benut word, kan ook gesien word in die gehoor wat bereik is deur die twee deelnemers se Facebook webblad publikasies. Die eerste deelnemer (A) het aangedui dat sy Facebook publikasie ’n gehoor van 67% vroulike gebruikers bereik en 33% manlike gebruikers terwyl die ander deelnemers weer ’n gehoor van 71,48% vroulike gebruikers en 28, 52% manlike gebruikers aandui.

“Ja,… meisies sal meer boodskappe stuur en goed like” het deelnemer D gesê terwyl deelnemer E gesê het: “Ek dink die ouens sien tog wat gepost word, want hulle weet waarvan ek praat as ek hulle sien, maar hulle is seker te ‘cool’ om iets te like of te comment.” Dit is nie ’n vreemde of skokkende waarneming nie aangesien daar reeds in hoofstuk 5 ook verwys is na Valkenburg en Buijzen (2003: 23-34) wat skryf oor hoe adolessente se gunsteling aanlyn aktiwiteite tussen seuns en meisies verskil. Volgens hulle het seuns ’n voorkeur in die aflaai van speletjies en video’s terwyl meisies eerder kommunikatiewe aktiwiteite verkies, soos die stuur van boodskappe. Valkenburg en Buijzen (2003: 23-34) voeg by dat die verskil tussen seuns en meisies se internetgebruik nie ’n verassing is nie. As die geskiedenis van kommunikasie tegnologie gevolg word, sal ons sien dat die vroulike geslag hierdie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

tegnologie in ’n groter mate as die manlike geslag aangegryp het, soos ook in hierdie studie waargeneem.

Gebruik van Facebook deur ouer lede

Tweedens kan daar uit die onderhoude en data wat beskikbaar is ook gesien word dat Facebook meer gebruik word deur ouer persone en nie sodanig deur adolessente nie. As daar verwys word na die aanhaling van deelnemer E wat gesê het dat sy Facebook gebruik om te ‘spog’, kan deelnemer A se waarneming bygevoeg word wie sê: “Ek rig my hele Facebook gebruik op ons ouers, ek het maar moed opgegee met die kinders maar kry baie reaksie by die ouers, veral as ek foto’s van hulle kinders post.” Twee ander deelnemers (B & D) het ook hulle benadering tot die gebruik van Facebook op so ’n manier verander na aanleiding van waarnemings wat gemaak is rondom hulle gemeente se Facebookgebruikers.

Ouer adolessente

Deelnemers wat nou al vir ’n jaar of langer ’n Facebook webblad vir hulle gemeentes het, het ook waargeneem dat die lede van hulle Facebook webblad elke jaar vermeerder, maar slegs omdat ouer adolessente, wat nie meer aktief betrokke is by ’n jeugbediening nie, steeds lede van die Facebook webblad gebly het, selfs al het hulle verhuis of van gemeente verander. “Ons het gesien dat ouens wat nie meer by die kerk is nie, maar by die jeug was, ons op Facebook kry en dan ook sommer net die Facebook group join. Daar is ook ouens wat nou al eerste of tweede jaar is maar nie die group verlaat het nie” het deelnemer D gesê.

Die vermeerdering van ouer Facebookgebruikers is ’n neiging wat deur baie organisasies en navorsers waargeneem is en volgens www.ibtimes.com (Neal, 2014) het 3 miljoen tiener Facebookgebruikers hierdie platform in die drie laaste jaar verlaat. In dieselfde tyd het gebruikers in ouer ouderdomsgroepe gegroei. Die grootste groei is waargeneem in die ouderdomsgroep van vyf-en-vyftig en ouer. Hierdie tendens kan ook gesien word in die kwantitatiewe data wat ingesamel is. Deelnemer A het aangedui dat slegs 13% van sy Facebook webblad lede tussen die ouderdom van 13 en 17 jaar oud is en die gehoor van sy Facebook publikasie slegs bestaan uit 6% gebruikers tussen die ouderdom van 13 en 17 jaar oud. Deelnemer D het meer geluk op haar Facebook webblad waar 45% van die lede tussen die ouderdom van 13 en 17 jaar oud is. Alhoewel die tweede deelnemer se getal

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

adolessente gebruikers merkwaardig meer is as die eerste deelnemer se adolessente lede, is dit steeds minder as helfte van die lede. As daar in ag geneem word dat die tweede deelnemer met 45% adolessente lede ’n Facebook webblad bestuur wat hoofsaaklik ingerig en gemik is op adolessente, slaag hierdie deelnemers se Facebook bestuur nie in sy doel nie. Hierdie neiging is ook baie duidelik waargeneem by die deelnemer wie se Facebook webblad oop en beskikbaar was vir alle Facebookgebruikers van alle ouderdomme. Uit die onderhoude was dit duidelik dat die deelnemers verwag het dat adolessente die meerderheid van hulle Facebook webblad se gehoor sou uitmaak. Die rede vir hierdie verwagting was, soos vroeër genoem, omdat die deelnemers self Facebook gebruik en aangeneem het dat adolessente op dieselfde manier ook Facebook sou gebruik vir die doeleindes van die jeugbediening waarby hul ingeskakel is. Uit al die onderhoude en temas wat bespreek is, is dit duidelik dat daar wel Facebook gebruikers in hierdie deelnemers se gemeentes is. Navorsing oor adolessente gebruikers van sosiale media, veral Facebook, in hoofstuk 5 word nie noodwendig ongedaan gemaak deur hierdie waarnemings nie omdat hierdie studie slegs ondersoek ingestel het oor die getal adolessente wat gebruik maak van hulle jeugbediening se Facebook webblad/groep en nie oor adolessente gebruikers van Facebook oor die algemeen nie. Wanneer Facebook gebruik word as ’n venster tot die leefwêreld van adolessente, kan daar gesien word dat adolessente wel sekere Facebook webblaaie ondersteun en selfs meer interaktiewe gebruikers van Facebook is, selfs al word dieselfde nie op die deelnemers van hierdie studie se Facebook webblaaie waargeneem nie.

Facebook het dalk nie uitwerking wat beplan en verwag is nie, maar nie te min is daar vir die deelnemers gevra om opmerkings te maak oor die impak wat Facebook op hulle jeugbedienings het.

Tema 6: Impak op jeugbediening

Slegs een deelnemer het gevoel dat die gebruik van Facebook onnodig is en dat Facebook geen effek het of kan hê op sy jeugbediening nie. Hierdie opmerking is nodig om te noem ten spyte van die meerderheid deelnemers wat gevoel het dat die gebruik van Facebook wel nut het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Min tot geen impak

Soos vroeër genoem, het meerderheid deelnemers aangedui dat hulle teleurgesteld was met die gebruik van Facebook deur adolessente. Dit wou voorkom asof hierdie teleurstelling bestaan slegs omdat die gebruik van Facebook nie aan die deelnemers se aanvanklike verwagtinge voldoen het nie, soos vroeër bespreek. Deelnemer C het totaal en al moed opgegee en gesê dat die gebruik van Facebook 'n klein tot geen rol binne sy bediening speel. Hierdie deelnemer het teen die tyd van sy onderhoud amper drie maande vantevore laas enige iets op sy jeugbediening se Facebook webblad gepubliseer. "Of ek nou Facebook gebruik of nie, maak geen verskil aan die bediening nie, daar is beter maniere om met die kinders te kommunikeer."

Kontekstuele informasie oor adolessente

Drie van die deelnemers (A, E & D) het gevoel dat die grootste voordeel wat die gebruik van Facebook binne jeugbediening inhou die informasie is wat deur adolessente oor hulle konteks bekend gemaak word. Soos reeds genoem in hoofstuk 5, gebruik adolessente sosiale media om met identiteit te eksperimenteer (Katz & Rice, 2002: 315-319; Smith & Kollock, 1999: 27-58). Platforms soos Facebook dien nie vir hulle net as 'n platform vir kommunikasie nie, maar as 'n ruimte waarbinne hulle die persoon kan wees wat hulle wil wees deur hulself voor te stel soos hulle kies, vriendskappe te vorm soos hulle wil en selfs te kies aan watter sosiale groep hulle wil behoort. Hierdie modus van gebruik stel ander gebruikers in staat om te sien wat vir adolessente belangrik is, wat populêr is en wanneer adolessente riskante gedrag openbaar. "Ja, kinders post mos alles op Facebook en partykeer kan ek sien waaroor ek met hulle moet gesels" het deelnemer D gesê toe sy verwys na foto's wat 'n adolessente meisie oor haar naweek aktiwiteite op Facebook gepubliseer het.

Deelnemer A het aangedui dat hy Facebook gebruik om hulpmiddels te kies. Facebook gee die gebruiker die opsie om alles waarvan hy/sy hou, bv. musiek, skoene, films, boeke, kos ens., te "like". Vriende van enige gebruiker kan sien wat die ander een "like" en op hierdie manier het hierdie deelnemer bepaal watter hulpmiddels binne sy jeugbediening relevant sal wees en wat nie. 'n Ander deelnemer het gesê dat hulle Facebook gebruik om te sien watter prestasies behaal

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

is deur haar adolessente lede en hulle skole sodat dit by verskillende jeugbyeenkomstes gevier kon word.

Verder het deelnemers ook minder oppervlakkige informasie waargeneem, bv. die sterfte van die eerstejaarstudent uit die Helderberg-area waarna verwys is. Adolessente het deur hulle Facebook statusveranderinge hulle pyn en vrae gekommunikeer. Alhoewel Facebook nie deur die deelnemers gebruik is vir pastorale gesprekke nie, het die inligting wat adolessente oor hulle gevoelens gedeel het, die deelnemers 'n vertrek- punt gegee vir gesprekke met verskillende adolessente oor hulle gevoelens, vrae en pyn. Nie net is pastorale gesprekke deur die gebruik van Facebook verryk nie, maar deelnemers het ook die temas wat tydens eredienste, jeugbyeenkomste ens. bespreek is, so verander dat dit aan adolessente se behoeftes kon voldoen.

Hierdie laaste geval en die manier waarop die deelnemers daarop gereageer het, kom nader aan die hart van hierdie studie, naamlik die impak wat die gebruik van Facebook op verhoudings binne 'n jeugbediening kan hê. In die volgende hoofstuk sal die konklusies en aanbevelings wat uit die resultate van hierdie studie gemaak is in meer detail bespreek word. Voor hierdie hoofstuk afgesluit word sal die indikators wat in die vorige hoofstuk genoem is, bespreek word. Die bevindings wat deur die gebruik van die indikators gekry is bevat sommige van dieselfde inligting wat onder die boonste temas bespreek is, maar is tog spesifiek gefokus om ander doelwitte te bereik.

7.3. Indikators

In hoofstuk ses is indikators gelys wat gebruik is in hierdie studie om die gebruik van Facebook vir hierdie doeleindes te ondersoek. Hierdie indikators sal nou bespreek word, maar uit die vier wat genoem word, sal slegs drie bespreek word. Die rede vir die weglating van die een is dat geen van die deelnemers die "events" funksie gebruik het nie en daardie indikator dus niksseggend is. Die drie indikators wat wel bespreek sal word, is:

- Verskil in getal betrokke adolessente by fisiese jeugbediening en getal adolessente betrokke by jeugbediening se Facebook webblad/groep

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Verskil tussen getal Facebook aanhangers/lede van jeugbediening se Facebook webblad/groep wat aktief is en nie aktief is nie
- Die vorming van verhoudings en verdieping van reeds bestaande verhoudings

Hierdie indikators is gebruik om ’n beter begrip te kry van hoe jeugwerkers Facebook binne ’n verhoudingsgerigte jeugbediening gebruik en te meet hoe adolessente reageer op die deelnemers se gebruik van Facebook binne hulle verskillende jeugbedienings.

Verskil in getal betrokke adolessente by fisiese jeugbediening en getal adolessente betrokke by jeugbediening se Facebook webblad/groep: Die oorweldigende terugvoer was dat die getal adolessente betrokke by die verskeie jeugbedienings glad nie akkuraat weerspieël word deur die adolessente wat lede is van die jeugbedienings se Facebook webblaaie is nie. By deelnemer C was die hoofrede dat jonger adolessente, veral onder die ouderdom van sestien, nog nie geregistreer het as Facebookgebruikers nie. By hierdie deelnemer, soos by die meerderheid deelnemers, was die siening dat daar definitief meer adolessente fisies en aktief betrokke is by jeugbedienings as wat daar adolessente lede van hul Facebook webblad is. Dit is belangrik om die onderskeid te maak tussen adolessente gebruikers en ouer gebruikers omdat daar by drie van die deelnemers baie meer lede is wat deel is van die Facebook webblad, maar nie noodwendig aktief betrokke is by die jeugbediening se aktiwiteite nie. Die diskrepansie word veroorsaak deur die hoeveelheid lede van ’n Facebook webblad wat nie adolessente is nie en daarom nie ingereken moet word by die bespreking van die resultate van hierdie indikator nie.

Ter versekering van deeglikheid sal daar laastens net ook opgemerk word dat een deelnemer egter meer adolessente lede van die Facebook webblad gehad het as wat daar fisies betrokke was by die jeugbediening en gepaardgaande aktiwiteite. Alhoewel hierdie geval die teenoorgestelde is van dit wat by ander deelnemers waargeneem is, is dit egter duidelik dat daar ’n groot verskil is tussen die getal adolessente wat fisies betrokke is by ’n jeugbediening en die getal wat ook of slegs lede van die ’n jeugbediening se Facebook webblad is. Hierdie indikator wys dat Facebook by hierdie vyf gemeentes nie ’n goeie weerspieëling is van die jeugbedienings se werklike lede nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Verskil tussen getal Facebook aanhangers/lede van jeugbediening se Facebook webblad/groep wat aktief is en nie aktief is *nie:* Die “insight” funksie wat gebruik is om data rondom die gebruik en impak van Facebook te verkry het nie die navorsing rondom hierdie indikator baie gebaat nie. Uit die data vanuit die “insight” funksie kon daar egter net gesien word wie deur die inhoud wat op die deelnemers se Facebook webblaaie gepubliseer is, bereik is. Die woord wat deur Facebook gebruik word, is: “reach”. Hierdie term verwys na ander Facebookgebruikers wat die inhoud, wat op die verskillende Facebook webblaaie gepubliseer is, gelees het, daarop gereageer het of dit selfs net gesien het. Uit die twee deelnemers (A & D) wie se “insight” data voorsien is, kon daar gesien word dat die gehoor van Facebookgebruikers wat deur die inhoud wat geproduseer is bereik is, strook met die bevindings van www.ibtimes.com (Neal, 2014). Die Inhoud van hierdie twee deelnemers se Facebook webblaaie het hoofsaaklik volwassenes, en meer spesifiek vroulike volwassenes, bereik.

Buiten wat hierbo genoem is, was die deelnemers se waarneming dat baie min van hulle adolessente Facebook webblad lede werklik aktief betrokke is by die produsering van inhoud vir hulle jeugbediening se Facebook webblad. Daar sal onder ’n vroeër afdeling verwys word die gebruik van foto’s en video’s op die deelnemers se Facebook webblaaie, maar vir die bespreking van hierdie indikator is dit nodig om te noem dat die gebruik van foto’s ’n groter mate van interaksie deur adolessente lede uitgelok het. By al vyf deelnemers is foto’s op hul jeugbediening se Facebook webblad gepubliseer van adolessente wat fisies deelneem aan jeugwerk aktiwiteite, soos kampe en uitreike. By alle deelnemers is waargeneem dat adolessente daarvan hou om hulself op foto’s te sien en ’n groter mate van interaktiwiteit, d.m.v. “likes”, “comments” en “shares,” is waargeneem. By twee van die deelnemers (A & D) waar die verantwoordelikheid vir die bestuur van hul Facebook webblad met ander gedeel word, is meer aktiewe lede waargeneem omdat meer inhoud geproduseer is, insluitend die publisering van foto’s. Die probleem is egter dat die hierdie lede spesifiek die taak gegee is om inhoud te produseer en die meerderheid adolessente lede van hul Facebook webblad is steeds nie baie aktief op die webblad nie en dus is die situasie by hierdie twee deelnemers essensieel dieselfde as by die ander drie deelnemers waar baie min lede werklik aktief deelneem in die produsering van inhoud.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hierdie indikator toon aan dat, alhoewel ’n jeugbediening se Facebook webblad baie adolessente lede mag hê, dit nie ’n waarborg is dat hulle aktief sal deelneem in die produsering van inhoud vir hulle jeugbediening se Facebook webblad nie. Oor die algemeen was die indruk onder die meerderheid deelnemers dat, ten spyte van die adolessente se gebrek aan interaktiwiteit, die informasie wat gekommunikeer is deur Facebook steeds by hulle adolessente lede uitgekom het. Twee deelnemers (D & E) het spesifiek gesê dat hulle gevoel is dat adolessente Facebook gebruik as ’n bron van nuus en informasie, maar nie werklik as ’n platform waar hulle wil deelneem aan die produsering van inhoud nie. Hierdie twee deelnemers het gesê dat wanneer hulle adolessente sou sien tydens fisiese jeugbedieningsaktiwiteite, soos kampe, jeugbyeenkomstes, eredienste ens., adolessente bewus sou wees van die informasie wat beskikbaar gemaak is via Facebook. Die meerderheid deelnemers het gesê dat hulle egter ook ander platforms, soos Whatsapp, sou gebruik om belangrike inligting aan adolessente oor te dra.

Die vorming van verhoudings en verdieping van reeds bestaande verhoudings: Hierdie indikator dui op die kern van hierdie studie en sal weer in die volgende hoofstuk aandag geniet. Wat belangrik is om hier te noem is dat vier van die deelnemers (A, B, D & E) gevoel het dat Facebook definitief die potensiaal het om nuwe verhoudings te vorm en selfs hierdie nuwe verhoudings en reeds bestaande verhoudings te verdiep. Deelnemer E het vertel dat sy gereeld betrokke is by kampe en ander uitreike waar adolessente van ander gemeentes en denominasies ook is. By hierdie geleenthede het die deelnemer ander adolessente ontmoet wat nie noodwendig in haar gemeente is nie en is later via Facebook gekontak. Hierdie kontak via Facebook het veroorsaak dat die deelnemer en haar nuwe kennisse in kontak kon bly. Dieselfde geval is waargeneem by deelnemer D waar sy en haar span betrokke is by plaaslike skole. Hierdie deelnemer het adolessente ontmoet tydens byeenkomste by die skool, soos VCSV, skoolkampe en die waarneming van klasse. Hierdie adolessente het ook die deelnemer gekontak via Facebook en so is nuwe verhoudings gevorm.

Nuwe verhoudings word egter ook gevorm wanneer die vriende van lede van sekere jeugbedienings se Facebook webblaaie ook deel raak van die onderskeie gemeentes se Facebook webblaaie. Deelnemer B het gesê dat sy versigtig is om mense toe te laat op die groep as sy hulle nie ken nie, maar oor die algemeen, waar

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sekuriteitsvereistes nie so streng is nie, is enige persoon wat wou, toegelaat om deel te wees van die deelnemers se Facebook webblaaie. Op hierdie manier het Facebook ook aan die deelnemers die potensiaal geopenbaar om verhoudings te vorm met adolessente wat nie noodwendig by hulle eie, of enige ander gemeente, sê jeugbediening betrokke is nie.

Wat die verdieping van verhoudings betref kan daar egter net opgemerk word dat Facebook hoofsaaklik gedien het as ’n bron van kontekstuele inligting oor adolessente vir die meeste van die deelnemers. Die meeste deelnemers het gevoel, dat selfs al word hulle as “friends” op Facebook geklassifiseer, die verhoudings steeds baie oppervlakkig is. Wat ’n klassifikasie soos “friends” egter beteken is dat die deelnemers meer inligting kon bekom oor adolessente se konteks. Deelnemer D het gesê dat hulle gemeente Facebook kon gebruik om te sien watter skole goeie sportuitslae behaal het, omdat adolessente hierdie inligting op Facebook sou bekend maak deur die publisering van video’s, foto’s of ’n status verandering. Drie van die deelnemers (A, D & E) het gesê dat Facebook vir hulle ’n vertrekpunt kon gee vir ’n gesprek met ’n adolessent wanneer riskante gedrag of iets kommerwekkend deur die adolessent op Facebook gepubliseer is. Alle deelnemers was dit eens dat Facebook egter nie ’n ideale platform vir die voer van pastorale, bemoedigende of vertroostende gesprekke is nie, maar het die geleentheid en konteks geskep waarbinne hierdie gesprekke kon plaasvind. Weereens het deelnemers gesê dat ander platforms, spesifiek Whatsapp, gebruik word as daar direk met adolessente gekommunikeer wil word.

Hierdie indikator dui aan dat die gebruik van Facebook wel die potensiaal het vir die vorming van nuwe verhoudings maar dat die verdieping van verhoudings nie werklik plaasvind via die gebruik van Facebook nie, alhoewel die deelnemer meer kon leer oor adolessente deur die gebruik van Facebook.

7.4. Slotopmerkings

Uit hierdie hoofstuk is dit duidelik dat Facebook wel die potensiaal het om gebruik te word ter bevordering van verhoudingsgerigte jeugbediening. Die manier waarop Facebook gebruik word, die gehoor wat geteiken word deur die gebruik van Facebook en die verwagte uitwerking van die gebruik van Facebook moet egter in

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

konteks geplaas word. Alhoewel navorsing mag wys dat ’n groot hoeveelheid adolessente gebruikers is van sosiale media, wil dit lyk asof Facebook dalk besig is om veld te verloor as een van die populêre platforms wat adolessente kies om te gebruik. Terwyl hierdie die geval is vir adolessente Facebook gebruikers, wys navorsing ook dat die getal ouer Facebook gebruikers vermeerder. Binne hierdie konteks kan ons aflei dat Facebook steeds ter bevordering van verhoudingsgerigte jeugbediening gebruik kan word, maar meer in ’n poging om ’n spanbenadering, wat ouers en grootouers insluit, te versterk.

Hierdie studie ondersteun steeds ook die siening dat adolessente sosiale media gebruik tydens die fase van adolessente in hulle poging om hulle self te verteenwoordig op maniere wat nie altyd moontlik is in van lyn af situasies nie. Met hierdie siening oor adolessente se gebruik van sosiale media moet daar dan verstaan word dat adolessente kies aan watter sosiale groepe hulle wil behoort, via Facebook ook. Dit mag beteken dat die manier waarop Facebook deur jeugwerkers/jeugpredikante of ander verantwoordelike persone vir jeugbediening bestuur word, as irrelevant deur adolessente beskou word in hulle poging om hulleself te verteenwoordig. As dit egter die geval is, moet meer navorsing gedoen word oor aanlyn behoeftes van adolessente of alternatiewelik moet daar aanvaar word dat Facebook gebruik word om met ’n ouer gehoor te kommunikeer.

Uit die resultate van die studie is dit ook duidelik dat Facebook steeds jeugwerkers/jeugpredikante en ander verantwoordelike persone vir jeugbediening die vermoë gegee het om nuwe verhoudings met adolessente te vorm en reeds bestaande verhoudings te versterk en te verdiep. Om hierdie rede word daar voorgestel dat die gebruik van Facebook nie afgeskryf moet word omdat dit nie so suksesvol is soos verwag of voldoen aan die gebruiker se verwagtinge nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 8: Konklusies en aanbevelings

8.1. Inleiding

Voordat die konklusies en aanbevelings bespreek word, gaan die verband tussen die doelstellings van hierdie studie en die indeling van hoofstukke eers aangedui word. Daarna sal die konklusies en aanbeveling oor die gebruik van Facebook ter bevordering van ’n verhoudingsgerigte jeugbediening bespreek word deur te verwys na die verbandhoudende vrae wat in hoofstuk een van hierdie studie gestel is. Met elke vraag sal daar kortliks weer verwys word na die hoofstukke wat afgestaan is om aan hierdie vrae aandag te gee waarna konklusies en aanbevelings gegee sal word.

Navorsingsvraag: Hoe kan die gebruik van Facebook bydra tot die bevordering van verhoudingsgerigte jeugbediening?

Hierdie vrae kan in die volgende doelstellings vervat word wat die studie sal rig, naamlik:

a. Die stel van die teologiese aard van die studie

In hoofstuk 2 word verhoudingsgerigte jeugbediening binne die veld van praktiese teologie gegrond. Eerstens word ’n kort historiese oorsig oor die groei en vordering van jeugbediening gegee om aan te toon dat daar vir baie lank nie teologies nagedink is oor jeugbediening nie. Met die huidige klem op verhoudings binne literatuur oor jeugbediening, sien ons ook die doelbewuste teologiese nadenking oor jeugwerk en die dissiplines wat toegepas moet word om die koninkryk van God op die mees effektiewe manier te soek en te bring in en deur jeugbediening. Jeugwerk word dan geplaas binne die dissipline van praktiese teologie, omdat jeugwerk besig is met dieselfde praktiese teologiese taak van die soeke na die manier waarop God na die mens kom.

b. Die stel van die teologiese begronding vir verhoudingsgerigte jeugbediening

In hoofstuk 3 word die teologiese vertrekpunte vir verhoudingsgerigte jeugbediening bespreek. Verhoudingsgerigtheid binne jeugbediening is gegrond in die unieke verbond wat God met die mens het. God is besig om die verhouding tussen God en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

mens te herstel sonder dat die mens dit verdien of kan verdien. Hierdie herstellende verbond wat God met die mens sluit, word duidelik gesien in die geboorte, lewe, dood en opstanding van Jesus Christus. Deur die inkarnasie word God mens en ontmoet die mens in sy leefwêreld en deel in sy blydskap, pyn, teleurstellings ens. Binne hierdie unieke openbaring van God se verbond, deur die inkarnasie, word die teologiese vertrekpunt van verhoudingsgerigte jeugbediening gevind. Die inkarnasie vra van dienaars in jeugbediening om op hierdie selfde manier as Christus, na adolessente te gaan en te deel in die pyn en blydskap van hulle leefwêreld sodat hulle ook die herstellende verbond wat God met elkeen van ons het, kan beleef.

c. Die vasstelling van die prominensie van verhoudings tydens die fase van adolessensie

In hoofstuk 4 word die prominensie van verhoudings tydens adolessensie bespreek deur te verwys na ontwikkelingsteorie. Eerstens is dit belangrik om te verstaan wat met die konsep van adolessensie bedoel word. In die begin van die hoofstuk word verduidelik waar die konsep van adolessensie vandaan kom, hoe dit oor dekades verander het en moontlik weer kan verander. Baie tyd word in hierdie hoofstuk afgestaan om die taak van adolessensie te beskryf en daaruit aan te dui hoe belangrik verhoudings vir adolessente is in vroeë, middel en laat adolessensie. Die hoofstuk sluit af deur te verwys na hoe die twee verskillende geslagte moontlik op verskillende maniere deur die fase van adolessensie beweeg en wat die moontlike gevolge kan wees van ’n gebrek aan gesonde verhoudings tydens hierdie belangrike fase.

d. Die vasstelling van die rol wat sosiale media speel tydens die fase van adolessensie.

In hoofstuk 5 word die rol van sosiale media tydens die fase van adolessensie bespreek deur ’n kort oorsig te gee oor die gebruik van sosiale media in Suid-Afrika. Met hierdie oorsig word gesien hoe baie Suid-Afrikaners en veral adolessente, gebruik maak van sosiale media. Nie net is sosiale media baie populêr nie, maar dit speel ’n baie belangrike rol in die taak van adolessensie. Navorsing wys ons dat adolessente sosiale media gebruik om met hulle identiteit te eksperimenteer. Die soeke en vind van identiteit is hoofsaaklik die taak van adolessensie en sosiale media bied adolessente die geleentheid om met verskillende identiteite te eksperimenteer en baie noukeurig te kies hoe hulle aan die wêreld voorgestel word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hierdie hoofstuk sluit af met ’n bespreking van die effek wat sosiale mediagebruik op adolessente se verhoudings kan hê.

e. Beskrywing van die navorsingsmetodologie

Hoofstuk 6 is toegewy aan die bespreking van die metodologie wat gevolg is tydens hierdie navorsing. Die navorsingsontwerp word in diepte bespreek deur te verwys na die eenheid van ontleding, die steekproefneming, dataversameling en verwerking sowel as die indikators wat vir hierdie studie se doeleindes gebruik is. Die hoofstuk sluit af met ’n bespreking van die etiek wat gevolg is tydens die navorsing.

f. Konklusies en aanbevelings oor die gebruik van Facebook ter bevordering van verhoudingsgerigte jeugbediening

Hierdie hoofstuk, sowel as hoofstuk 7 is gebruik om vas te stel of die gebruik van Facebook enige impak het op verhoudings binne jeugbediening. In hoofstuk sewe word die proses van triangulasie gebruik om kwantitatiewe en kwalitatiewe data te verwerk en weer te gee aan die hand van die onderskeie temas wat geïdentifiseer is tydens die onderhoude met die deelnemers. Die hoofstuk eindig met die bespreking van die indikators wat gebruik is, maar die konklusies en aanbevelings word in hierdie hoofstuk bespreek.

Hieronder volg die verbandhoudende vrae wat hierdie studie doelgerig gehou het. Die vrae word gestel en bespreek waarna konklusies oor die bevindings gemaak sal word. Nadat die konklusies gemaak is, sal daar sekere aanbevelings gemaak word wat hopelik tot nut kan wees vir enige persoon wat diens lewer in ’n jeugbediening t.o.v. die gebruik van Facebook binne jeugbediening.

8.2. Wat is die teologiese aard van die studie?

In hoofstuk 2 is die teologiese aard van hierdie studie gestel bespreek deur eerstens te verwys na die historiese gebeure wat gelei het tot die fokus wat tans op verhoudings is in hedendaagse jeugbedieningsliteratuur en metodologie. Nel (1999: 51), Root (2007: 21-80) en Cannister (2001: 77-90) se navorsing het gesorg dat ’n kort historiese oorsig oor jeugbediening gegee kon word wat strek van die industriële revolusie tot by Rayburn se teologiese begronding van sy model van verhoudingsgerigte jeugbediening binne die *Young Life* organisasie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Rayburn het teologiese begronding vir sy verhoudingsgerigte jeugbediening gevind in die inkarnasie van Jesus Christus. Hierdie studie stel ook dat die teologiese begronding van ’n verhoudingsgerigte jeugbediening binne die inkarnasie van Jesus Christus gevind word, maar dat die inkarnasie in die breër verstaan van verbondsteologie gesien moet word. In hoofstuk drie is die verstaan van verbondsteologie binne reformasie teologie geplaas met verwysing na die werk van Horton (2006: 9-22), Mendenhall (1955: 24) en Kline (1994) in Joen (2004: 25). Die teologiese nadenking en begronding van verhoudingsgerigte jeugbediening het eers onlangs prioriteit geword toe jeugbediening in die breë as ’n belangrike deel van die liggaam van Christus gesien is. “Tradisioneel is jeugbediening en die kategese skerp onderskei en meermale geskei. In hierdie digotomie is die kategese gewoonlik teologies begrond terwyl jeugbediening byna aan die terloopse, minstens aan die sogenaamde nie-amptelike, oorgelaat is.” (Nel, 1999: 9).

Hierdie teologiese nadenking en siening dat jeugbediening ’n belangrike en noodsaaklike deel van die liggaam van Christus is, is te danke aan die dissipline van praktiese teologie. Met die kort historiese oorsig wat in hoofstuk 2 gegee is, is dit duidelik dat opvoedkunde nog altyd, veral in die vorm van kategese, duidelik ’n belangrike onderdeel van jeugbediening het (Nel, 1999: 137-140), maar dat dit nie die enigste een is nie en volgens Dean (2001: 19) nie eers die belangrikste nie. Om jeugbediening vanuit ’n praktiese teologiese perspektief te benader beteken dat ons glo dat die jeug geroep is om deel te neem aan alle praktyke van die Christengeloof en dat hulle geroep is om deel te neem aan die missionêre roeping van die kerk. Die dissipline van jeugbediening moet dus binne die breër veld van praktiese teologie geplaas word omdat jeugwerk homself besig hou met dieselfde taak as praktiese teologie: die teologiese refleksie oor die aktiwiteit van God op hierdie aarde vir, aan en deur mense (Dean, 2001: 31). Die Christengeloof kan nie anders as om God te nooi om die mens te gebruik in die transformatiewe aksie (Hendriks, 2004: 23-34) van God in hierdie wêreld nie. Praktiese teologie is op ’n intieme manier met die transformatiewe aksie van God in hierdie wêreld verbind en daarom ook tot die bediening aan en deur die jeug.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Konklusie

- Jeugbediening kan nie losgemaak word van die dissipline van praktiese teologie nie.
- Jeugbediening gebruik dieselfde take van praktiese teologie om te soek na die wil van God in sy koms na adolessente.
- Praktiese teologie hou dan ook jeugbediening gegrond in die normatiewe bron van die Bybel en die tradisie van die Christen geloof terwyl die gemeenskap van die heiliges opsoek is na Sy wil vir adolessente in jeugbediening.

Aanbevelings

- As ons wil hê dat jeugbediening binne ons gemeentes verantwoordelik gedoen moet word en goed teologies begrond moet wees, moet ons moeite doen om die persone wat ons verantwoordelik maak vir ons jeugbediening op te lei.
- As jeugbediening nie van praktiese teologie losgemaak kan word nie, soos in hierdie studie voorgestel word, moet daar aangeneem word dat jeugwerkers konstant besig moet wees met praktiese teologie as ’n teorie van aksie wat die empiriese georiënteerde teologiese teorie van die bemiddeling van die Christengeloof in die praxis van die moderne samelewing behels.

8.3. Wat is die teologiese begronding van ’n verhoudingsgerigte jeugbediening?

God die skepper is voortdurend in verhouding met Sy skepping, en al is hierdie verhouding geskend vanaf die mens se kant, het God hierdie verhouding van Sy kant herstel deur die inkarnasie, die lewe, dood en opstanding van Jesus Christus (Nel, 1999: 14-17). Hierdie geskende verhouding waarvan Nel (1999: 14-17) in hoofstuk 3 praat, word deur Horton (2006: 8-22) as ’n web van vertroue beskryf wat baie broos is. Volgens hom is ons in hierdie web aan mekaar verbind deur verhoudings van eerlike kommunikasie en praktiese verpligtinge en wanneer hierdie web te veel spanning ervaar, sal verhoudings breek. Horton (2006: 8-22) sê dat daar van die begin af ’n verband is tussen die wet om ons God lief te hê en die wet om ons naaste lief te hê, maar dat ons ook van die begin af in die Bybel lees dat mense hulle verhoudings met mekaar laat skade lei as gevolg van hulle onvermoë om getrou te wees aan die God wat ’n verbond met hulle gesluit het. Van nog lank voor

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Adam en terwyl mense hulle beloftes om God en mekaar lief te hê breek en nog lank daarna, is God teenwoordig en sal God nie toelaat dat hierdie web van verhoudings tot niet gaan nie. Die Bybel vertel voortdurend hierdie verhaal van ’n God wat op ’n voortdurende manier reddend en herstellend besig is met wat God geskep het (König, 1991). Hierdie redding en herstel is verhoudingsmatig (Nel, 1999: 14-17) en wat herstel word, is ten diepste verhoudings: die verhouding tussen mens en God, die verhouding tussen mens en mens en die verhouding tussen mens en die skepping. God verbind Homself tot die herstel van verhoudings deur die verbond wat met die mens gesluit word. “Jeugbediening trek nie maar net voordeel uit hierdie waarheid nie. Dit wortel hier. God het die verhouding gevestig. In Christus deur Sy Gees.” (Nel, 1999: 15)

Die verbondsmatige verhouding van God met die mens is op ’n spesiale manier aan die mens geopenbaar deur die inkarnasie van Jesus Christus. Kline (1994) in Joen (2004: 25) sê dat die aktiewe gehoorsaamheid van Jesus die vervulling van die verbond se eise is. Deur die passiewe gehoorsaamheid van Jesus is ons vergifnis vir ons sondes bewerkstellig. Jesus se werk bewerkstellig nie net die vergifnis van sondes en laat die mens weer in ’n posisie om homself skuldig te maak aan verdere sondes nie, maar help die mense om God se wil te soek en te doen deur die in staat stellende genade wat bewerk word deur die Heilige Gees.

Wat dit alles beteken is dat Christus nie mens geword om ons te beïnvloed en te oortuig om in Hom te glo nie, maar om ons verstaan van menswees te verander. Hy kom om te wys wat dit beteken om die lewe voluit te leef in en deur verhoudings, soos Hy en Sy Vader in verhouding is (Roberts, 2010: 5-9). Die inkarnasie gaan oor teenwoordigheid en beskikbaarheid en nie oor beïnvloeding nie. Root (2007: 92) vul hier aan deur te sê dat die kruis en opstanding van Jesus net so belangrik is soos Jesus se lewe as mens. Die mens het meer as eenvoudige solidariteit nodig, die mens het solidariteit nodig wat lei tot transformasie. Daarom moet verhoudingsgerigte bediening nie net die inkarnasie van Christus reflekteer nie, maar ook die kruis en opstanding van Jesus. Jesus wys dat ons nie net, op ’n baie werklike manier, die geïnkarneerde, gekruisigde en opgestane God in mens-tot-mens verhoudings ontmoet nie, maar dat die mens geskep is vir sulke transformatiewe verhoudings. Hierdie transformatiewe verhoudings waarvan Root

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(2007: 85-217) praat word egter al hoe meer skaars in ’n wêreld wat al hoe meer individualisties en gefragmenteer word.

Konklusie

- Die belangrikste konklusie wat hier gemaak kan word is om te weet dat verhoudings binne ’n verhoudingsgerigte jeugbediening nie ’n middel tot ’n doel is nie.
- Verhoudings word nie gevorm met jongmense sodat hulle beïnvloed kan word nie, die vorming van ’n betekenisvolle en transformatiewe verhouding is die doel van verhoudingsgerigte jeugbediening.
- Verhoudingsgerigte jeugbediening word gegrond in die inkarnasie van Jesus Christus.
- Die inkarnasie van Jesus Christus kan nie losgemaak word van die verbond wat God met die mens gesluit het nie.
- Dit is juis hierdie inkarnasie wat ons in staat stel om tot diens te wees van die verbond wat God met die mens gesluit het deur Hom te soek en te beleef in en deur verhoudings met adolessente.

Aanbevelings

- Dit is slegs deur Jesus se verteenwoordiging van ons, in die menswording saam met ons, dat ons ook kan mens wees en daarom ook in verhouding met God kan staan. Verhoudings moet meer as ’n middel wees, verhoudings moet die doel wees, dit is die doel van God se bediening deur die inkarnasie.

8.4. Wat is die prominensie van verhoudings tydens die fase van adolessensie?

Clark (2001: 41-42) sê dat ons beskrywing en verstaan van adolessensie in die verlede nie meer dieselfde is nie, en dalk selfs irrelevant is, vir die begrip van adolessensie waarmee die kerk te doen het in die begin van 21ste eeu. In hoofstuk 4 word die konsep van adolessensie meer breedvoerig bespreek. ’n Historiese oorsig oor die konsep van adolessensie word gegee vanaf die verskyning van Stanley Hall se boek in 1904 tot die hedendaagse verstaan van adolessensie. Waarop dit neerkom is dat die begin van adolessensie gekoppel is aan die begin van puberteit en die einde van adolessensie beter verstaan kan word i.t.v. kultuur. Die tydperk en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

fase van adolessensie is gereeld geherdefinieer, soos in hierdie historiese oorsig aangedui word, omdat daar bv. waargeneem is dat puberteit al hoe vroeër begin (Clark:2001: 46) en die einde van adolessensie al hoe meer onduidelik word. Die aanvang van adolessensie word gekenmerk deur ’n fisiologiese (het betrekking op die fisiese funksie van die liggaam) gebeurtenis (puberteit), maar word oor die algemeen beskryf en bespreek as ’n psigologiese (het betrekking op die denke en gedrag) en sosiologiese (het betrekking op verhoudings en menslike interaksie) gebeurtenis. Daarom word die ontwikkelingsaspek van adolessensie oor die algemeen beskryf af ’n psigo-sosiale fenomeen.

Uit die navorsing in die veld van ontwikkelingsteorie is dit duidelik dat adolessensie nie ’n rigiede fase met een definitiewe begin en eindpunt is nie. Wat vir hierdie studie van groot belang is, is die navorsing wat gedoen is oor die taak van adolessensie. Kelcourse (2004: 229) noem die taak van adolessensie: “individuation”. Hierdie tema beteken dat die adolessent in ’n fase van sy/haar lewe is waar ’n jongmens sy/haar veiligheid van kindwees in die ekologie van die familie agterlaat en die eerste onherroeplike stap neem om ’n interafhanklike outonome persoon te word. “Individuation” verwys na die proses waardeur individuele wesens gevorm en gedifferensieer word, dit beteken dat hierdie die ontwikkeling van die psigologiese individu as ’n wese wat uniek en losstaande van die algemeen, kollektiewe psigologie is. Navorsers soos Irving et al. (2010: 1554) bou op die konsep van “individuation” maar sê dat hierdie taak reeds voor adolessensie begin en adolessensie eerder verbind moet word met ’n tweede “separation-indiviuation” proses. Die punt is dat verskillende navorsers in die veld van ontwikkelingsteorie die fase en taak van adolessensie op verskillende wyses beskryf en definieer maar dat al hierdie navorsing die fase en taak van adolessensie verbind met die soeke na identiteit.

Tydens hierdie soeke na identiteit speel die verhoudings wat adolessente met hulle ouers het en die verhoudings wat met die portuurgroep gevorm word ’n baie belangrike rol. Oor die belangrikheid van verskillende verhoudings, met bv. die vader of moeder, is ook binne die veld van ontwikkelingsteorie baie navorsing gedoen en verskillende menings en teorieë het vorendag gekom. Voorbeeld is Bowlby (1982) en Ainsworth (1989) in Rayne (2007: 23) wat ’n groot bydrae gelewer tot die veld van ontwikkelingsteorie deur hulle fokus op die verbinding tussen ouer en kind te stel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hulle navorsing beweer dat die verhouding met primêre versorgers, in meeste gevalle is dit die biologiese pa of/en ma, die sukses van die 'individuation' proses bepaal. Irving (2010:1554) beklemtoon ook die belangrikheid van verhoudings tydens die fase van adolessensie, alhoewel hy 'n ander benadering het as Bowlby (1982) en Ainsworth (1989). Clark (2001:53) vat hierdie verskillende werke saam en sê dat ons daarvan kan aflei dat jeugwerker moet verstaan dat adolessente die behoefte het en dat dit nodig is vir adolessente om in die proses van "individuation" verhouding met ander in hul portuurgroep te vorm omdat adolessente in hierdie fase juis leer hoe om met ander binne en buite die familie, as gedifferensieerde persoon te sosialer, maar dat familiale verhoudings steeds nodig is vir gesonde ontwikkeling.

Sonder om alles te herhaal wat in hoofstuk 4 geskryf is, moet daar ook gelet word op die gevolge van gebrekkige gesonde verhoudings tydens die fase van adolessensie. Die werk van Erkison (1959) in Travers (2006:9) is seker die mees gewildste en bekendste teorie rakend die verskillende ontwikkelingsfases van kinders. In sy teorie beskryf hy hoe die afwesigheid van ouers en ander persone, soos onderwysers, se ondersteuning en sin van sekuriteit binne gesonde verhoudings, of selfs die oormaat daarvan, kan lei tot gevoelens van minderwaardigheid, rolverwarring en isolasie.

Konklusie

- Verhoudings tussen adolessente, hulle ouers en portuurgroep speel 'n baie belangrike rol in die fase van adolessensie.
- Die veld van ontwikkelingsteorie maak 'n groot bydrae tot die klem op verhoudings binne jeugbediening. Navorsing wat gedoen is in die veld van ontwikkelingsteorie ondersteun nie net 'n verhoudingsgerigte benadering tot jeugbediening nie, maar dui ook op die noodsaaklikheid van 'n spanbenadering tot jeugwerk a.g.v. die belangrikheid van verhoudings tussen adolessente, hulle ouers en portuurgroep tydens hierdie fase van ontwikkeling.
- Ontwikkelingsteorie moet gereeld deur jeugwerkers geraadpleeg word as deel van die ondersoekende en interpreterende taak van praktiese teologie om die konteks en leefwêreld van adolessente beter te verstaan.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Aanbevelings

- Verhoudingsgerigtheid is nie een van vele benaderings tot jeugbediening waarvan gekies kan word nie. Uit die navorsing wat in hoofstuk 4 bespreek is, word daar sterk aanbeveel dat die rol wat verhoudings in die lewe van adolessente speel nie onderskat moet word nie, maar eerder die aksies in ons benadering tot jeugbediening moet lei.
- A.g.v. die ontsettende belangrikheid van adolessente se verhoudings met ouers, kan daar ook nie anders as om ’n spanbenadering tot jeugbediening te volg nie. Jeugwerkers/jeugpredikante en ander verantwoordelike persone moet met ouers in vennootskap tree wanneer dit kom by die geestelike groei en versorging van adolessente.
- Adolessente mag dalk nie hulle behoeftes aan ’n verhoudings met hulle ouers verwoord of daaraan uitdrukking gee nie, maar ’n bediening wat die behoeftes van adolessente tydens die fase van adolessensie ernstig opneem, sal onderskei tussen wat adolessente begeer en waaraan hulle werklik behoeftes het. In so ’n bediening sal daar soms onpopulêre besluite gemaak moet word ten einde gesonde verhoudings te fasiliteer wat adolessente kan ondersteun in hulle reis deur adolessensie.

8.5. Watter rol speel die gebruik van sosiale media in die lewe van adolessente?

Inligtingstegnologie speel so ’n geweldige belangrike rol in die lewens van die huidige generasie adolessente dat die gebruik daarvan ’n eksistensiële verander teweegbring. Daar is selfs literatuur wat verskyn waarin die huidige generasie adolessente as die “digitale generasie” (Montgomery, 2007: 15) beskryf word. In Hoofstuk 5 word gebou op die kruis-kulture benadering (Ward, 1999: 7) tot jeugbediening wat in hoofstuk 3 genoem en bespreek is. Taylor (2005: 105) sê dat as ons in hierdie kruis-kulturele benadering tegnologiese relevant wil wees en daarom populêre kultuur wil gebruik om adolessente te bereik, moet daar ondersoek ingestel word aan die gebruik van sosiale media as ’n bedieningsmedium. In hoofstuk 5 word hierdie ondersoek in perspektief en konteks geplaas deur ’n oorsig oor die aanlyngewoontes van adolessente en waarom hulle gebruik maak van sosiale media soos Facebook.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Navorsing oor die internet gebruikers binne Suid-Afrika het gevind dat 41% van die Suid-Afrikaanse populasie toegang tot die internet het. Hierdie 41% van Suid-Afrikaners maak meer as 60% van Afrika se internetgebruikers uit (Horrocks, 2013). Die toegang tot die internet word al hoe makliker soos slimfone die sellulêre foon mark oorheers. Wat hierdie navorsing ook gevind het, is dat kommunikasie een van die hoofredes is waarom internetgebruikers die internet gebruik (Friendship 2.0-verslag, 2009). In Hoofstuk 5 word meer opmerkings gemaak oor die demografie van internetgebruikers in Suid-Afrika, maar wat hier belangrik is, is die feit dat die toegang tot die internet elke dag makliker raak en byna die hele wêreld reeds daardeur geaffekteer is.

Sosiale media is tegnologie wat die deel van informasie, vir kommunikasie doeleindes, vergemaklik deur die gebruiker ook in die produseerder van informasie te verander. Hierdie tegnologie poog voortdurend om die stuur en deel van foto's, video's, audio en informasie te vergemaklik vir elke sfeer van die samelewing, van ekonomie (Qualman, 2013:15) tot die militêre wetenskappe (Mayfield III, 2011: 79). Hoofstuk 5 gee 'n oorsig oor die sosiale media landskap van Suid-Afrika en wys aan die einde van die hoofstuk waarom Facebook gekies is deur te verwys na Facebook se populariteit, funksionaliteit en potensiaal om gebruik te word ter bevordering van verhoudingsgerigte jeugbediening. Suid-Afrika het blykbaar reeds 5.33 miljoen Facebook gebruikers in 2012 gehad (worldwideworx.com) waarvan 7% tussen die ouderdom van 13 en 17 is. Facebook bevat ook 'n kombinasie van ander soortgelyke platforms se funksionaliteit. Facebook laat die gebruiker toe om net 'n "status update" te maak, soos Twitter, om privaat boodskappe aan ander te stuur, soos met e-posse en om ook publieke boodskappe vir ander te stuur soos in "Chat Rooms". Facebook is nie net gekies a.g.v. sy populariteit as 'n sosiale platform en sy verskeidenheid funksie nie, maar ook vir die potensiaal wat dit het om verhoudingsgerigte jeugbediening te bevorder.

Worldwideworx.com (2012) rapporteer bv. dat Facebook gebruikers tussen die ouderdom van 30-60 vermeerder. Hierdie statistiek wil voorstel dat ouers en grootouers ook deel raak van die Facebook ledetal en dat daar dus so geleentheid geskep word om hierdie platform te gebruik om 'n spanbenadering tot jeugbediening te bevorder deur die vergemakliking van kommunikasie tussen jeugwerkers/jeugpredikante en ander verantwoordelike persone vir jeugbediening en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

